

Die komponis Willem Mathlener:
'n katalogus en 'n bespreking
van sy komposisies

deur

Jasper Lorin van der Walt

Die komponis Willem Mathlener:
'n katalogus en 'n bespreking
van sy komposisies

deur
Jasper Lorin van der Walt

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad
Magister in Musiek (Uitvoerende Kuns)
Departement Musiek
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. W.D. Viljoen
Desember 2014

Samevatting

- a) Titel: *Die komponis Willem Mathlener: 'n katalogus en 'n bespreking van sy komposisies*
- b) Kandidaat: *Jasper Lorin van der Walt*
- c) Studieleier: *Prof. W.D. Viljoen*
- d) Departement: *Musiek*
- e) Graad: *Magister in Musiek (Uitvoerende Kuns)*

Die Nederlandsgebore orrelis, dirigent, musiekpedagoog, kerkmusikus en komponis, Willem Mathlener het 'n ryk nalatenskap op die gebied van orrelmusiek in Suid-Afrika gelewer. Hy is in 1909 in Delft, Nederland gebore en het hom tydens die dertiger- en veertigerjare as uitstaande orrelis en dirigent onderskei. Hy het die roeping van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Suid-Afrika ten einde die standaard van kerkmusiek in hierdie land te verhoog, opgevolg en in 1948 op 39-jarige ouderdom na Suid-Afrika geïmmigreer. Hy het hom as musiekonderwyser en orrelis in Vereeniging gevestig waarvandaan hy begin het om sy idees oor kerkmusiek binne sowel as buite die Nederduitsch Hervormde Kerk bekend te stel. Dit het gelei tot die totstandkoming van die Raad vir Kerkmusiek in 1951 en drie jaar later tot die stigting van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp. Laasgenoemde instelling het sodanig uitgebrei dat dit in 1960 gelei het tot die ontstaan van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria, die instansie waarmee Mathlener hoofsaaklik geassosieer word. Hy het sy beleid oor musiekopleiding wat voortspruit uit sy eie opleiding wat hy aan 'n Europese konservatorium ontvang het, by hierdie twee instansies geïmplementeer.

As Sekretaris van die Raad vir Kerkmusiek het hy 'n wye invloed op die ontwikkeling en bevordering van kerkmusiek in Suid-Afrika gehad. Hy het meegewerk aan die samestelling van die Psalm- en Gesangeboek van 1978 deur 'n aansienlike aantal harmonisasies van Gesange vir hierdie bundel te voorsien. As orreladviseur het hy nagenoeg 200 orrels ontwerp.

Mathlener se hoedanigheid as komponis het op 'n natuurlike wyse uit sy hoedanighede as kerkmusikus en pedagoog voortgespruit. Hy het orrelmusiek gekomponeer wat aanvullend tot die kerkorrelis se taak as begeleier gebruik kan

word. Sy klaviermusiek voorsien aan die behoefte wat daar aan kort studiestukke vir klavieronderrig bestaan.

Aangesien die oorgrote meerderheid van Mathlener se komposisies nie langer as 30 mate is nie, kan hy as 'n miniaturis beskou word. Sy koraalbewerkings toon oorwegend 'n diatoniese tonaliteit en 'n kontrapuntale tekstuur wat dit laat aansluit by die styl van musiek vir liturgiese gebruik. 'n Psalm- of Gesangmelodie vorm die basis vir die meeste van sy orrelmusiek.

Met 'n werksuitset van 223 koraalharmonisasies, 175 orrelwerke, 53 klavierwerke en 12 vokale werke het die behoefte ontstaan om 'n ordeningsstelsel vir Mathlener se komposisies daar te stel. Sommige van die komposisies is in bundels gepubliseer en ander is losstaande, ongepubliseerde werke. Daar word met die katalogus gepoog om die komposisies van Mathlener logies te rangskik ten einde 'n geheelbeeld van die oeuvre van hierdie komponis te vorm, asook om 'n bruikbare verwysingsmiddel aan orreliste en ander belangstellendes te bied.

Sleutel terme

biografie
katalogus
kerk lied
klavierkomposisie
Konservatorium vir Musiek in Pretoria
koraalbewerking
koraalmelodie
koraalvoorspel
liturgiese orrelmusiek
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
orrelis
orrelkomponis
orrelkomposisie
orrelwerke
psalm
Raad vir Kerkmusiek
Suid-Afrikaanse komponis
Willem Mathlener

Abstract

- a) Title: *The composer Willem Mathlener: a catalogue and discussion of his compositions*
- b) Candidate: *Jasper Lorin van der Walt*
- c) Tutor: *Prof. W.D. Viljoen*
- d) Department: *Music*
- e) Degree: *Master of Music (Performing Art)*

The Dutch born organist, conductor, music pedagogue, church musician and composer, Willem Mathlener left a rich inheritance in the field of organ music in South Africa. He was born in 1909 in Delft in the Netherlands and distinguished himself as an organist and conductor in the thirties and forties of the previous century. He answered the calling of the Nederduitsch Reformed Church in South Africa to improve the standard of church music by immigrating to South Africa in 1948 at the age of 39. He settled in Vereeniging as a music teacher and organist from where he started to introduce his ideas about church music to the Nederduitsch Reformed Church and others. This led to the establishment of the Council for Church Music in 1951. Three years later the Church Music School in Krugersdorp was founded. This institution developed to such an extent that the Conservatoire for Music, Pretoria was established in 1960, the institution that Mathlener was mostly associated with. He implemented his beliefs about musical training which was the result of his own training at a European Conservatoire at both these institutions.

As the secretary of the Council for Church Music he had a profound influence on the development and promotion of church music in South Africa. He assisted in the compilation of the Psalm and Hymn book of 1978 by supplying a large number of harmonisations for Hymns in this volume. As an organ advisor he designed about 200 organs.

Mathlener's talent as a composer developed naturally through his capacity as church musician and pedagogue. He composed organ music that can be used supplementary to the organist's task as accompanist. His piano music fills the need for short study pieces for piano tuition.

Since the majority of Mathlener's compositions do not exceed 30 bars he can be considered to be a miniaturist. His choral arrangements show for the most part a diatonic tonality and a contrapuntal texture which blends in with the style of music for liturgical use. A Psalm or Hymn melody forms mainly the basis for his organ music.

Mathlener's large compositional output which comprises 223 choral harmonisations, 175 works for organ, 53 works for piano and 12 vocal works created the need for a system to arrange his compositions in an orderly fashion. Some of his compositions were published in volumes and others are single unpublished works. The catalogue attempts to arrange Mathlener's compositions in a logical way thus forming a comprehensive picture of the oeuvre of this composer as well as providing a useful reference tool for organists and other interested people.

Key words

biography
catalogue
Conservatoire for Music in Pretoria
Council for Church music
choral melody
choral prelude
choral setting
hymn
liturgical organ music
Nederduitsch Reformed Church of Africa
organ composer
organ composition
organist
organ works
piano composition
psalm
South African composer
Willem Mathlener

Bedankings

My opregte dank gaan aan prof. Wim Viljoen vir sy leiding en ondersteuning in die onderneming van hierdie studie, my moeder, dr. Beatrix van der Walt vir die taalversorging asook my broers, familie en vriende vir hulle aanmoediging en gebede.

Ek bedank my Hemelse Vader vir sy onderskraging tydens die studie.

LYS AKRONIEME

BWV	Bach-Werke Verzeichnis
LOM	Liturgiese Orrelnusiek
NHK	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
N.H.S.V.	Nederduits Hervormde Sustersvereniging
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
SAME	Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie
SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UP	Universiteit van Pretoria
UVS	Universiteit van die Vrystaat
WMW	Willem Mathlener-Werke
WoO	Werke ohne Opuszahl

LYS NOTEVOORBEELDE

Voorbeeld 1	Mathlener, <i>Psalm 7</i> , laagste en hoogste note van die melodie.....	44
Voorbeeld 2	Mathlener, <i>Psalm 7</i> , versreëls 1 en 2, harmonisasie: <i>Koraalboek</i> , 1978.....	45
Voorbeeld 3	Mathlener, <i>Psalm 7</i> , versreëls 1 en 2, harmonisasie: R.W. Mathlener.....	45
Voorbeeld 4	Mathlener, <i>Gesang 278</i> , versreëls 1–4, sopraanstem.....	47
Voorbeeld 5	<i>Psalm 86</i> , versreëls 1–4, sopraanstem.....	47
Voorbeeld 6	<i>Psalm 11</i> , versreël 1.....	48
Voorbeeld 7	Mathlener, <i>Psalm 11</i> , versreël 1.....	49
Voorbeeld 8	Mathlener, <i>Gesang 102</i> , versreëls 3 en 6, sopraanstem.....	55
Voorbeeld 9	Mathlener, <i>Voorspel vir Gesang 95</i> , versreëls 5–7.....	59
Voorbeeld 10	Mathlener, <i>Voorspel vir Gesang 123</i> , versreël 5.....	60
Voorbeeld 11	Mathlener, <i>Voorspel vir Gesang 123</i> , versreël 5, alternatiewe skryfwyse.....	60
Voorbeeld 12	Mathlener, <i>Psalm 20 (Dieselfde wysie as Ges. 13)</i>	64
Voorbeeld 13	Bach, <i>Matteus-passie</i> , no. 60, Recitativo, Coro II, “Erbarm es Gott”, 1–4.....	81
Voorbeeld 14	Bach, <i>Johannes-passie</i> , no. 30, Recitativo, “Barrabas aber war ein Mörder”.....	82
Voorbeeld 15	Mathlener, <i>Koraalvoorspel oor Gesang 122</i> , 1–6.....	83
Voorbeeld 16	Bach, <i>Matteus-passie</i> , no. 61, Aria, Coro II, “Können Tränen meiner Wangen”, 1–4.....	83
Voorbeeld 17	Mathlener, <i>Psalm 22</i>	84
Voorbeeld 18	Mathlener, Ongetiteld, 1–7a.....	88
Voorbeeld 19	Mendelssohn Bartholdy, <i>Sonate VI</i> , I, 55–61a.....	88
Voorbeeld 20	Mathlener, <i>Ontferm, o God, ontferm U tog oor my...</i> <i>Psalm 51</i> , 1–10b.....	92
Voorbeeld 21	Bach, <i>Erbarm’ dich mein, O Herre Gott, BWV 721</i> , 1–6.....	92

LYS TABELLE

Tabel 1	Titels van die tien Mathlener-harmonisasies in die <i>Koraalboek</i> van 1978 vergeleke met hulle korresponderende liednommers en titels in die <i>Liedboek van die Kerk</i> van 2001.....	52
Tabel 2	Titels van koraalvoorspel en -harmonisasiepare van Gesange in die bundel <i>Koraalvoorspele met Gesange vir die Lydenstyd, Boek 4</i> vergeleke met die titels van die ooreenstemmende komposisies in die bundel <i>30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele</i>	71
Tabel 3	Titels van koraalvoorspel en -harmonisasiepare van Gesange in die bundel <i>Koraalvoorspele: met Gesange, Boek 5</i> vergeleke met die titels van die ooreenstemmende komposisies in die bundel <i>30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele</i>	72

INHOUD

Samevatting.....	ii
Abstract.....	iv
Bedankings.....	vi
Lys akronieme.....	vii
Lys notevoorbeelde.....	viii
Lys tabelle.....	ix
1	Inleiding..... 1
1.1	Agtergrond tot die studie..... 1
1.2	Navorsingskategorieë..... 2
1.3	Navorsingsvrae..... 3
1.4	Doelwit van die studie..... 3
1.5	Metodologie..... 4
1.5.1	Data-versameltegnieke..... 4
1.5.2	Die katalogisering van Mathlener se komposisies..... 5
1.5.2.1	Die keuse van 'n geskikte formaat vir die katalogus..... 5
1.5.2.2	Die uitleg van die katalogus van Mathlener se komposisies..... 8
1.5.3	Die insameling van relevante biografiese besonderhede..... 10
1.5.4	Werkswyse ten opsigte van die bespreking van die werke van Mathlener..... 11
1.5.5	Bronverwysings waar jaartalle of bladsynommers ontbreek..... 13
1.6	Literatuurstudie..... 13
1.7	Hoofstuk-indeling..... 15
2	Willem Mathlener: 'n kort biografie..... 16
2.1	Inleiding..... 16
2.2	Mathlener in Nederland, voor sy immigrasie na Suid-Afrika..... 17
2.3	Mathlener as pedagoog..... 19
2.3.1	Inleiding..... 19
2.3.2	Die ontstaan en opleidingsbeleid van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria..... 21
2.4	Mathlener as orrelis..... 29
2.5	Mathlener as dirigent..... 32
2.6	Mathlener as kerkmusikus..... 34
2.7	Mathlener as komponis..... 37
3	Willem Mathlener: 'n bespreking van sy komposisies..... 42
3.1	Inleiding..... 42
3.2	Oorspronklike korale..... 43
3.3	Koraalharmonisasies..... 47
3.3.1	Algemene kenmerke..... 47
3.3.2	<i>Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer..... 50</i>
3.3.3	<i>Die Koraalboek van 1978 en die Liedboek van die Kerk van 2001..... 51</i>
3.3.4	<i>Harmonisasies in die bundel, 30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele..... 52</i>

3.4	Koraalvoorspele in die bundel, <i>30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele</i>	56
3.5	Koraalvoorspele van die bundel <i>Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel</i>	61
3.6	Die <i>Partita oor “Kom herwaarts, getroues”</i>	64
3.7	<i>Vyf kort koraalvoorspele Boek 2</i>	67
3.8	<i>Kort koraalvoorspele Boek 3</i>	69
3.9	Die oorspronklike Boeke 4 en 5 van die Raad vir Kerkmusiek.....	70
3.10	<i>Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5</i>	72
3.11	<i>Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6</i>	74
3.11.1	Algemene kenmerke van die bundel.....	74
3.11.2	Die <i>Variasies oor Psalm 119</i>	77
3.11.3	Die <i>Prelude en Fuga oor Psalm 65</i>	78
3.11.4	Die <i>Koraalvoorspel oor Psalm 118</i>	79
3.11.5	Die <i>Koraalvoorspel oor Gesang 122</i>	80
3.12	<i>Liturgiese Orrelmusiek Band 2 Verwerkings van die Geneefse melodie van Psalm 42</i>	84
3.13	Die koraalpreludes, opus 11 en 16–18.....	86
3.14	Orrelwerke vir onderwysdoeleindes.....	86
3.15	Losstaande koraalvoorspele.....	89
3.15.1	Inleiding.....	89
3.15.2	Die <i>Troumars oor Psalm 33</i>	89
3.15.3	Die koraalvoorspel, <i>Ontferm, o God, ontferm U tog oor my... Psalm 51</i>	91
3.15.4	Die koraalvoorspel oor Psalm 66:1 uit <i>Vyf kort Psalmbewerkings</i>	93
3.16	Orrelwerke wat nie op ’n koraalmelodie gebaseer is nie.....	93
3.16.1	Inleiding.....	93
3.16.2	Die <i>Tocatta voor Orgel, opus 4</i>	94
3.17	Klavierwerke wat in Nederland gekomponeer is.....	95
3.17.1	Inleiding.....	95
3.17.2	Die <i>Sonatine voor Piano, opus 7</i>	95
3.17.3	Die bundel, <i>10 Eenvoudige Stukjes voor Piano</i>	96
3.18	Klavierwerke wat in Suid-Afrika gekomponeer is.....	97
3.19	Vokale werke.....	99
3.19.1	Inleiding.....	99
3.19.2	<i>Ons Verenigings-lied</i>	100
3.20	Onbekende werke waarvan die bestaan deur ontbrekende opusnommers geïmpliseer word.....	100
4	Gevolgtrekking	102
4.1	Beantwoording van die subnavorsingsvrae.....	102
4.2	Beantwoording van die hoofnavorsingsvraag.....	105
4.3	Faktore wat die studie bemoeilik het.....	107
4.4	Aanbevelings en voorstelle vir verdere studie.....	108
4.5	Slotwoord.....	110
	BRONNELYS	113
	BYLAE A: Toestemmingsbrief.....	120
	BYLAE B: Voorbeeldvrae vir ongestruktureerde onderhoude.....	122

BYLAE C: Katalogus van die werke van Willem Mathlener (1909–1996).....123

HOOFSTUK 1

Inleiding

1.1 Agtergrond tot die studie

Willem Mathlener (1909–1996) het 'n beduidende hoeveelheid musiekwerke die lig laat sien. Godschalk (1980:25) beweer die volgende omtrent hierdie komponis: “Van al die Suid-Afrikaanse komponiste het hy by verre die meeste orrelwerke gepubliseer”. Die oorgrote meerderheid van Mathlener se komposisies bestaan uit kort koraalvoorspele vir liturgiese gebruik. Kerkorreliste mag bekend wees met die bundels koraalbewerkings Boeke 1 tot 6 wat deur die Raad vir Kerkmusiek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika uitgegee is. Daarbenewens het Mathlener 'n aantal kort klavierwerke gelewer met die oog op klavieronderrig vir kinders. Verder sorteer 'n klein aantal sekulêre liederes onder sy komposisies.

Die groot aantal koraalvoorspele wat dikwels ooreenskomste in hul titels toon, kan lei tot verwarring ten opsigte van die identifikasie van 'n betrokke koraalvoorspel. Dikwels is die Psalm- of Gesangnommer waarop die koraalvoorspel gebaseer is die enigste element in die titel waaraan 'n mens die voorspel kan uitken. Mathlener het in sommige gevalle meer as een bewerking van 'n koraalmelodie waarby hy besonderse aanklank gevind het, gemaak. 'n Behoefte het by die skrywer ontstaan om die magdom koraalvoorspele te orden, te rangskik en aan elk 'n unieke katalogusnommer toe te ken. Dieselfde prosedure is gevolg toe daar met die klavierwerke kennis gemaak is.

Die aanvanklike poging om meer aangaande Mathlener se werke te wete te kom, was om sy seun, René W Mathlener te nader. Hy het my na die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk verwys en gemeld dat die meeste van sy vader se werke daar opgespoor kan word. By nadere ondersoek en ten spyte van die hulp van die argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Nándor Sarkady, kon daar slegs twee werke opgespoor word. Mnr. Sarkady het 'n versoek gerig aan individue wat moontlik in besit van Mathlener se musiekwerke kan wees, om dit beskikbaar te stel. 'n Aantal orreliste, by name Margaret van der Vegt, Marius Mulder en André Esterhuyse, het talle gepubliseerde bundels van Mathlener se

koraalvoorspele aan die skrywer beskikbaar gestel. Verder het prof. Wim Viljoen 'n versameling werke, wat gepubliseerde werke sowel as afdrukke van oorspronklike manuskripte insluit, aan die skrywer beskikbaar gestel.

Die grootste aantal komposisies van Mathlener is in die F.Z. van der Merwe-musiekversameling ('n versameling van Suid-Afrikaanse musiek in die Africana-afdeling van die Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria) opgespoor. Van 'n groot aantal Mathlener-werke was net die titel aan die skrywer bekend. Dit was inderdaad 'n aangename ervaring om op papierkopieë van hierdie werke in bogenoemde versameling, af te kom.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar uit die bestaande katalogiseringsmetodes die mees geskikte een gekies word. Deur die katalogusse van werke van sommige groot meesters te bestudeer, sal daar gepoog word om die nodige kennis en vaardighede op te doen om 'n sinvolle katalogus van Mathlener se musiekwerke saam te stel.

1.2 Navorsingskategorieë

Volgens Mouton (2001:165–167, 172–175) se 22 navorsingsoorte val die studie rakende die saamstel van 'n kort biografie oor Mathlener en die katalogisering en bespreking van sy komposisies in die volgende kategorieë:

- sistematiese studie;
- inhoudsontleding; en
- lewensgeskiedenis-metodiek.

Daar is van sistematiese studie en metodologie gebruik gemaak in die versameling en katalogisering van die komposisies van Mathlener. Die werke is volgens musikologiese kenmerke gegroepeer en gekatalogiseer.

In die hoofstuk waarin die komposisies van Mathlener bespreek is, is daar van inhoudsontleding gebruik gemaak. Hierdie werke, hetsy gepubliseer of ongepubliseer, is volgens musikale parameters, naamlik melodie, harmonie, tekstuur, tonaliteit en vorm ontleed.

In die hoofstuk wat handel oor biografiese besonderhede oor Mathlener as komponis is daar van lewensgeskiedenis-metodiek gebruik gemaak. Ongestruktureerde onderhoude met diegene wat 'n noue verbintenis met Mathlener gehad het, is afgeneem. Biografiese inligting wat nog nie voorheen in geskrewe vorm in die publieke domein beskikbaar was nie, is by wyse van gespreksvoering met hierdie persone ingewin. Aspekte wat spesifiek op die komposisies van Mathlener betrekking het en wat nie uit geskrewe materiaal of partiture bepaal kon word nie, is ook by wyse van gespreksvoering met persone wat met sy musiek vertrou is, verkry. Dit sluit byvoorbeeld invloede op sy komposisiestyl of die ontstaansgeskiedenis van 'n bepaalde komposisie in.

1.3 Navorsingsvrae

Hoofnavorsingsvraag:

- Op welke wyse kan daar 'n omvattende katalogus van die komposisies van Willem Mathlener saamgestel word? (Hoofstuk 1 en Bylae C)

Subnavorsingsvrae:

- Wat is die relevante biografiese besonderhede oor Willem Mathlener soos wat dit op sy komposisies van toepassing is? (Hoofstuk 2 en Bylae A en B)
- Wat is die stilistiese eienskappe van die komposisies van Mathlener binne die konteks van die genre of bundel waarin hulle voorkom? (Hoofstuk 3)

1.4 Doelwit van die studie

Die doel van hierdie studie is om die komposisies van Willem Mathlener so volledig moontlik te katalogiseer. Tot op datum is daar nog geen katalogus van Mathlener se komposisies opgestel nie. Wanneer die komposisies van hierdie komponis as geheel in oënskou geneem word, kan die volgende vraagstukke geïdentifiseer word:

- Komposisies wat gepubliseer is en ander wat nie gepubliseer is nie.
- Komposisies wat opusnommers het en ander nie.
- Komposisies wat gedateer is en ander nie.

- Komposisies wat in gepubliseerde bundels vervat is en ander wat losstaande werke is.
- Min of meer dieselfde bewoording word vir die titels van 'n groot aantal werke gebruik, byvoorbeeld *Voorspel vir Gesang x*. Hiermee word dit moeilik om 'n bepaalde werk te identifiseer.
- Met die verskyning van die *Koraalboek* (1956), die *Koraalboek* (1978) en die *Liedboek van die Kerk* (2001) is daar telkens 'n nuwe Gesangnommer aan 'n bepaalde Gesangmelodie toegeken. Hierdeur kan daar verwarring oor die spesifieke Gesangmelodie wat Mathlener bewerk het, ontstaan.

Deur die komposisies te katalogiseer word die hoop uitgespreek om oplossings vir bogenoemde vraagstukke te vind.

1.5 Metodologie

1.5.1 Data-versameltegnieke

Twee verskillende data-versameltegnieke is vir die inwin van musiekwetenskaplike en biografiese inligting vir hierdie studie gebruik:

- die inwin van inligting uit gepubliseerde en ongepubliseerde bronne; en
- die inwin van inligting uit gesprekvoering.

Aanvanklik is 'n lys saamgestel van 'n aantal werke wat die skrywer bekom het. Gevolglik het die vraag ontstaan hoe groot die deel van Mathlener se volle werksuitset is wat hierdie groep werke vorm. Sommige van die titels van hierdie werke bevat 'n opusnommer. Op grond hiervan kan afgelei word hoeveel werke daar vóór hierdie opusnommer bestaan het en 'n ondersoekveldtog na hierdie werke is gevolglik geloods. Die geleende materiaal het benewens losstaande komposisies verder uit 'n aantal bundels van Mathlener se komposisies bestaan. In die geval waar 'n bundelnummer in die titel van die bundel verskyn, byvoorbeeld "Boek 5" word die bestaan van bundels 1 tot 4 geïmpliseer. Daar is gepoog om hierdie bundels op te spoor deur by die argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika navraag te doen.

Gepubliseerde materiaal waarin die komposisies van Mathlener vermeld word, is geraadpleeg om vas te stel hoeveel en watter komposisies bestaan en waar dit verkrygbaar is. Tans is twee gepubliseerde lyste van die werke van hierdie komponis te vinde, naamlik:

- *Deel III* van die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAME)*, vier dele onder redaksie van J.P. Malan wat onderskeidelik in 1979, 1982, 1984 en 1986 vir die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) gepubliseer is; en
- *Oorsig van die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo orrelmusiek tot medio 1980*. BMus(Hons)-skripsie van J. Godschalk wat in 1981 voltooi is.

Hierdie lyste is geensins volledig nie aangesien Mathlener verskeie werke ná die publikasie van bogenoemde lyste gekomponeer en uitgegee het, byvoorbeeld die bundel genaamd *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6*, wat in 1988 deur die Raad vir Kerkmusiek uitgegee is. Die soektog na die bestaan van ongelyste komposisies van Mathlener is in biblioteke, argiewe, musiekversamelings en by individue voortgesit.

Tydens die soektog na musiekwerke van Mathlener was dit opvallend dat sekere werke meer dikwels as ander in die versamelings van individue of instansies voorgekom het. Hieruit kon daar 'n idee gevorm word watter musiekwerke van hierdie komponis die hoogste deur musici aangeskryf word.

Ongestruktureerde onderhoude met individue wat 'n noue verbintenis met Mathlener gehad het, is gevoer. Alvorens daar 'n onderhoud met 'n persoon gevoer is, is daar gepoog om die spesifieke verbintenis wat hy of sy met Mathlener gehad het, eers uit geskrewe bronne te bepaal. Met hierdie kennis is die oogmerke van elke onderhoud aangepas sodat sinvolle gesprekvoering met die persoon gevoer kon word.

1.5.2 Die katalogisering van Mathlener se komposisies

1.5.2.1 Die keuse van 'n geskikte formaat vir die katalogus

Met hierdie studie word daar ten doel gestel om die beskikbare komposisies van Mathlener as enkelwerke te katalogiseer. Aan elke aparte komposisie, hetsy losstaande of in 'n bundel gepubliseer, is 'n unieke katalogusnommer toegeken.

Alvorens die werke van Mathlener gekatalogiseer kon word, moes die volgende twee vrae aangaande die formaat wat die katalogus behoort aan te neem, beantwoord word:

- Volgens watter maatstaf moet die werke gekatalogiseer word: chronologies, volgens publikasie-status, alfabeties volgens titel of volgens genre?
- Watter inligting aangaande 'n katalogus-inskrywing moet verstrek word?

Wanneer die titels van Mathlener se komposisies bestudeer word, kom dit aan die lig dat sommige van die titels opusnommers bevat en ander nie. Hierdeur word die moontlikheid om die werke streng volgens opusnommers te katalogiseer uitgeskakel.

Dit is opvallend dat daar by sommige van Mathlener se enkelwerke asook by bundels 'n datum of jaartal verstrek word. Katalogisering streng volgens datum of jaartal sou nie haalbaar wees nie omdat die meerderheid enkelwerke nie 'n aanduiding daarvan het nie. 'n Datum of jaartal word meer dikwels by bundels as by enkelwerke aangetref. 'n Ordening volgens datum of jaartal sal noodwendig veroorsaak dat 'n groot aantal katalogus-inskrywings dieselfde datum of jaartal sal vertoon. Hierdeur sal dit onmoontlik wees om 'n egalige tydsverloop wat die komposisiedatum van opeenvolgende werke betref, waar te neem.

Die moontlikheid om die werke van Mathlener volgens *gepubliseerde* en *ongepubliseerde* werke te katalogiseer is ondersoek. Dít sou meebring dat die katalogus in twee aparte hoofdele verdeel sou moes word. In so 'n geval sou die katalogus 'n ooreenkoms toon met dié van Beethoven, soos vervat in Kinsky en Halm (1955). In hierdie katalogus is Beethoven se werke in die eerste hoofdeel volgens opusnommers en in die tweede hoofdeel volgens WoO-nommers gerangskik. Die opsie om die katalogus in twee segmente, naamlik dié van *gepubliseerde* werke en *ongepubliseerde* werke te verdeel, sou verhinder dat 'n logiese verloop ten opsigte van die chronologiese volgorde van die werke waargeneem sou kon word. Derhalwe is teen die opsie van publikasie-status as maatstaf vir katalogisering besluit.

Die gepubliseerde lys van Mathlener se werke soos aangetref in *SAME* (Malan, 1984:238) sluit beide gepubliseerde en ongepubliseerde werke in. Die lys van Godschalk (1981:26–27) sluit daarenteen slegs gepubliseerde werke in.

Die finale besluit vir die opstel van 'n katalogus van Mathlener se komposisies was om *genre* as primêre maatstaf te gebruik. Hierin is genres onderskei aan die hand van die spesifieke besetting of instrumentasie van 'n komposisie. Die oorspronklike genre-groepering van *SAME* (Malan, 1984:239–240) is as uitgangspunt gebruik, naamlik die groepering volgens:

- instrumentaal: klavier;
- instrumentaal: orrel; en
- vokaal

Op hierdie manier toon die katalogus van die komposisies van Mathlener 'n ooreenkoms met Wolfgang Schmieder (1901–1990) se katalogisering van die werke van Johann Sebastian Bach. In die katalogus van Schmieder is die werke van Bach in kantates, kerkmusiek, motette, oratoriums en passies, koraalharmonisasies, sekulêre liedere, orrelwerke, klavesimbelwerke, solo-instrumentale werke, kamer- en orkeswerke tot by kanons asook werke waarby daar twyfel bestaan of Bach dit gekomponeer het, gegroepeer.

Die vraag het ontstaan of die harmonisasies wat Mathlener van bestaande koraalmelodieë gemaak het, as selfstandige werke in die katalogus ingesluit behoort te word. Hierdie opsie is gekies omdat Schmieder die koraalharmonisasies van Bach op 'n soortgelyke wyse behandel het. Die webtuiste

<http://bachcentral.com/acrobat/vierstimmige.pdf> (1997), toon aan dat die BWV (*Bach-Werke Verzeichnis*)-nommers van die koraalharmonisasies van Bach vanaf BWV 250 tot by BWV 438 strek, en voeg BWV 1084 en BWV 1089 daarby saam.

Solo-orrelwerke en spesifiek koraalvoorspele vorm die grootste genre-groep in die komposisies van Mathlener. Binne hierdie groep word die werke volgens die Psalm- en Gesangnommer soos wat dit in die titel van die werk verskyn, gerangskik. Indien daar meer as een bewerking van 'n Psalm- of Gesangnommer gekomponeer is, vind rangskikking van die kortste na die langste werk plaas. Daar is teen 'n chronologiese

rangskikking binne-in hierdie genre-groep besluit omdat slegs sommige koraalvoorspele gedateer is. Hierdie reël is ook van toepassing op die ander genre-groepe.

'n Verdere uitsondering wat ten opsigte van die rangskikking van werke volgens genre gemaak is, is waar daar werke wat aan verwante genres behoort, byvoorbeeld 'n koraalvoorspel en 'n koraalpartita, opeenvolgend in dieselfde bundel verskyn. In só 'n geval is die twee werke soos wat dit mekaar in die bundel volg, in dieselfde volgorde in die katalogus gelys.

Die vraag het ontstaan of komposisies binne 'n bepaalde genre-groep volgens opusnommers gerangskik moet word. In sommige genre-groepe, byvoorbeeld by die vokale werke was die gebruik hiervan moontlik. Sulke werke is in stygende opusnommers gerangskik, gevolg deur werke sonder 'n opusnommer. Hierteenoor kom opusnommers slegs by enkele van die koraalvoorspele en ander orrelwerke voor. Rangskikking volgens Psalm- en Gesangnommer was derhalwe die aangewese opsie en nie rangskikking volgens opusnommer nie. Laasgenoemde sou meebring dat slegs enkele werke met stygende opusnommers eerstens gelys sou word, gevolg deur 'n magdom werke sonder 'n opusnommer.

1.5.2.2 Die uitleg van die katalogus van Mathlener se komposisies

Die katalogus van die komposisies van Willem Mathlener sien soos volg daar uit:

- In kolom 1 word 'n unieke katalogusnommer, genaamd 'n WMW-nommer (Willem Mathlener Werke-nommer) wat aan elke komposisie toegeken is, aangedui.
- In kolom 2 verskyn die titel van die komposisie soos verstrekk deur Mathlener.
 - Indien die titel 'n opusnommer bevat, word dit saam met die titel verstrekk.
 - Indien 'n meerdelige werk ter sprake is, word die onderskeie dele van die werk in hierdie kolom genoem.
 - Indien daar meer as een afdruk van 'n komposisie opgespoor is en die titel van die komposisie verskil op die onderskeie afdrucke, word die tweede en in sommige gevalle die derde titel as 'n alias (al.) genoem.

- Indien daar woorde benodig word om 'n titel beter verstaanbaar te maak, word hierdie woorde nie-kursief tussen hakies by die titel gevoeg.
- In kolom 3 word die oorspronklike titel, komponis en jaar van die koraalmelodie waarop die komposisie of harmonisasie van Mathlener gebaseer is, verstrekk.
- In kolom 4 word die publikasiestatus van die komposisie aangedui. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit noodsaaklik om tussen drie verskynsels wat die publikasie-status van Mathlener se komposisies betref, te onderskei:
 - gepubliseerde komposisies in gedrukte vorm, byvoorbeeld *Troumars oor Psalm 33*;
 - gepubliseerde komposisies in netjies handgeskrewe vorm, byvoorbeeld *Ons Verenigings-lied Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging*; en
 - ongepubliseerde komposisies (netjies of onnet handgeskrewe), byvoorbeeld *Tocatta voor Orgel, opus 4*.

Die terme “gedruk” en “handgeskrewe” word in kolom 3 gebruik om aan te dui watter soort afskrif van die komposisie geraadpleeg is. Waar van toepassing word daar verder tussen “netjies handgeskrewe” en “onnet handgeskrewe” afskrifte onderskei.

- In kolom 5 word die titel van die bundel of eenheid vermeld indien die komposisie nie 'n losstaande komposisie is nie. Aliasse vir alternatiewe benamings van bundels word soos by kolom 2 ook vir hierdie kolom gebruik.
- Kolom 6 verstrekk die datum of jaartal waarin die werk gekomponeer is. Indien slegs die jaartal van die bundel waarin die werk voorkom beskikbaar is, word daardie jaartal verstrekk. Werke waarvan die skeppings- of publikasiedatum onbekend is, word met die aanduiding “s.j.” (sonder jaartal) beskryf.
- Kolom 7 gee die lengte van die musiekwerk volgens die aantal mate aan. Hierdie verskynsel doen hom voor in die katalogus van Beethoven se werke soos wat dit voorkom in Kinsky en Halm (1955). Vir harmonisasies van koraalmelodieë waarin geen maatlyne gebruik word nie, word die aantal versreëls van die koraalmelodie verstrekk. Vir enige ander musiekwerk wat sonder die gebruik van maatlyne geskryf is, word die aantal sisteme waaruit die werk bestaan in landskap- óf portretformaat aangegee. Die lengtes vir die onderskeie dele van 'n meerdelige werk word apart aangegee.

- Kolom 8 verstrek die nommer van die Lied, soos wat dit in die *Liedboek van die Kerk (2001)* aangetref word vir die spesifieke koraalmelodie wat Mathlener óf geharmoniseer het, óf as 'n koraalvoorspel bewerk het. Die verskaffing van hierdie nommer is gemotiveer deur die feit dat die *Liedboek* tans as algemene begeleidingsbron in Afrikaanse Protestantse kerke gebruik word. Sonder om 'n onnodige soektog na die betrokke koraalmelodie soos wat dit in die *Liedboek* aangetref word van stapel te stuur, kan orreliste wat een van die Mathlener-koraalvoorspele by 'n lied wil speel, hierdie kolom raadpleeg om die korrekte koraalvoorspel vir die lied te vind. Waar van toepassing word meer as een liednommer in hierdie kolom verstrek.
- In kolom 9 word die bladsynommer waar daar van die komposisie in hierdie mini-verhandeling melding gemaak word, aangegee. Hierdie gebruik doen hom voor in die katalogus van Mozart se werke as bylae in Alfred Einstein se boek *Mozart His Character His Work* (Einstein, 1966:475–483).

Die katalogus is as Bylae C aan die einde van die mini-verhandeling aangebring. Dit is in dwarsformaat opgestel. Die kolomopskrifte verskyn telkens bo-aan 'n nuwe bladsy. Waar gevind word dat die bewoording vir die opskrif van 'n kolom te lank voorkom, is daar van 'n sleutel gebruik gemaak wat ook op elke nuwe bladsy van die katalogus verskyn.

1.5.3 Die insameling van relevante biografiese besonderhede

Die doelwit vir die inwin van biografiese besonderhede oor Willem Mathlener is om inligting te bekom oor gebeurlikhede wat 'n invloed op hom as komponis gehad het. Aangesien daar nie baie geskrewe materiaal oor sy lewe beskikbaar is nie, is grootliks van inligting wat uit onderhoudvoering ingewin is, gebruik gemaak.

Daar is gepoog om individue op te soek wat nóú by die lewe en werksaamhede van Mathlener betrokke was. Daar is in gedagte gehou dat onderhoudvoering in wese subjektief van aard is. Die oogmerk met die onderhoude wat gevoer is, was om gesprekvoering oor Mathlener as komponis te ontlok en om bepaalde aspekte daaromtrent uit te lig.

Die keuse van onderwerpe wat bespreek is, was geskoei word op die spesifieke verbintenis wat 'n individu met Mathlener gehad het. Iemand soos Mathlener se seun, René, sou noodwendig 'n groter aantal biografiese inligting kon lewer as byvoorbeeld Marietjie Hesse wat as student en dosent aan die Konservatorium vir Musiek in Pretoria, Mathlener vir 'n korter tydperk as sy seun geken het. Behalwe vir laasgenoemde twee persone is daar 'n ongestruktureerde onderhoud met nog 'n oud-student en huisvriendin, naamlik Margaret van der Vegt gehou.

Ongestruktureerde onderhoude het die vorm van persoonlike dialoogvoering, telefoongesprekke en e-poskorrespondensie aangeneem.

Die toestemmingsbrief wat aan persone gerig is met wie daar onderhoude gevoer is, is as 'n bylae (Bylae A) aan die einde van die mini-verhandeling geplaas.

Die onderwerpe wat tydens die onderhoude bespreek is, kan onder die volgende hoofopskrifte gekategoriseer word:

- Mathlener as musikus vóór sy immigrasie na Suid-Afrika in 1948;
- Mathlener as musiekpedagoog;
- Mathlener as orrelis;
- Mathlener as dirigent;
- Mathlener as kerkmusikus;
- Mathlener as komponis; en
- die invloed van musiek in Suid-Afrika op Mathlener.

Die volledige lys vrae wat tydens die onderhoudvoeringsproses gebruik is, is as 'n tweede bylae (Bylae B) aan die einde van die mini-verhandeling geplaas. Die oogmerk met die vrae was om 'n gesprek oor Mathlener as komponis te ontlok of om 'n bepaalde aspek daaromtrent uit te lig en nie soseer om die vrae bloot te beantwoord nie. Die antwoorde op die vrae het noodwendig van persoon tot persoon verskil.

1.5.4 Werkswyse ten opsigte van die bespreking van die werke van Mathlener

Uit die titel van hierdie studie kan afgelei word dat toeligting oor die werke van Mathlener verskaf is. Alhoewel al die werke van Mathlener binne die konteks van die

genre of bundel waarin hulle voorkom, bespreek is, is ongeveer 20 werke individueel en meer gedetailleerd beskryf. Die volgende kriteria is gebruik om te bepaal op watter werke individueel gefokus is:

- Dit moet 'n werk van 'n substansiële lengte wees. Meerdelige werke is veral hier ter sprake.
- Indien 'n kort werk geselekteer is om individueel bespreek te word, sal dit 'n kort koraalbewerking van 'n bekende Psalm of Gesang wees.
- Indien enige werk, lank of kort, nie 'n losstaande werk is nie, maar in 'n bundel gepubliseer is, is een of meer verteenwoordigende werke van die bundel bespreek. Mathlener se gepubliseerde bundels bestaan geheel en al uit bewerkings van Psalms en Gesange. Die keuse van 'n kort werk afkomstig uit 'n bundel het op die bekendheid van die Psalm of Gesang waarop dit gebaseer is, berus.
- Indien enige harmonisasie van 'n Psalm of Gesang vir bespreking geselekteer is, het dit ook op die bekendheid van die Psalm of Gesang berus.
- Werke van Mathlener wat in bundels vervat is waar die werke van ander komponiste ook voorkom, byvoorbeeld die *Liturgiese Orrelmusiek*-reeks of die *Liedboek van die Kerk*, is ook as belangrike werke beskou. Hierdie werke val noodwendig in 'n groter mate binne die bereik van musici en die publiek as bundels wat uitsluitlik Mathlener-werke bevat.
- Indien 'n Mathlener-werk 'n opvallende ooreenkoms met 'n werk van 'n ander komponis toon, is die ooreenkomste tussen die twee werke ondersoek.

'n Bespreking van 'n musiekwerk van Mathlener het ingehou dat die werk volgens musikale parameters, naamlik harmonie, melodie, vorm, tekstuur, instrumentasie en genre, behandel is. Wat die orrelwerke betref, is daar verder op artikulasie, registrasie en vingersetting gekonsentreer. Kommentaar is ook op die gestalte wat die werk in drukvorm gevind het, gelewer. Hiermee saam is aanbevelings gemaak om die lees van die musiek in moontlike heruitgawes daarvan te vergemaklik.

Deur geselekteerde werke op die orrel of klavier te speel, is insig verkry in Mathlener se gebruik van harmonie en registrasiemoontlikhede in die geval van orrelwerke. Enigiets beduidend ten opsigte van die ontledingsparameters in musiek is

aangeteken, byvoorbeeld die gebruik van onkonvensionele harmonie of motiewe wat in omkering of vergroting voorkom. Registrasieaanduidings, indien dit in die partituur aangebring is, is op 'n orrel uitprobeer ten einde 'n idee van die klankbeeld te vorm.

Notevoorbeelde is met behulp van 'n musieksagteware-pakket opnuut saamgestel en in die teks gevoeg.

Weens die gebrek aan ruimte is nie elke besprekingpunt met 'n notevoorbeeld toegelig nie. Notevoorbeelde is verder gebruik om 'n werk van Mathlener wat 'n opvallende ooreenkoms met 'n werk van 'n ander komponis toon, uit te wys.

1.5.5 Bronverwysings waar jaartalle of bladsynommers ontbreek

In sommige geskrewe materiaal wat vir hierdie studie geraadpleeg is, kom daar nie 'n publikasiedatum of bladsynommers voor nie. Hierdie inligting ontbreek ook by die meeste partiture van Mathlener. In hierdie gevalle word die volgende afkortings as bronverwysings gebruik:

- waar daar nie 'n publikasiedatum of jaartal voorkom nie, word die afkorting "s.j." wat vir "sonder jaartal" staan, gebruik; en
- waar bladsynommers ontbreek, word die afkorting "s.b." wat vir "sonder bladsynommers" staan, gebruik.

1.6 Literatuurstudie

Die soektog na geskrewe materiaal wat vir hierdie studie gebruik is, kan in die volgende drie kategorieë verdeel word:

- literatuur wat oor die opstel en formaat van 'n katalogus handel;
- literatuur wat oor die lewe en werke van Willem Mathlener handel; en
- die gepubliseerde of ongepubliseerde partiture van die werke van Mathlener.

Die volgende bronne het die keuse vir watter formaat die katalogus van Mathlener-werke moet aanneem, beïnvloed:

- *Oxford Composer Companions: J.S. Bach* van Boyd (1999);

- *Das Werk Beethovens: Thematisch-bibliographisches Verzeichnis seiner sämtlichen vollendeten Kompositionen* van Kinsky en Halm (1955);
- *Mozart His character his work* van Einstein (1966);
- *Thematisches Verzeichnis der im Druck erschienenen Werke von Max Reger* van Stein (1953);
- *Georg Philipp Telemann: Thematisch-Systematisches Verzeichnis seiner Werke* van Ruhnke (1984);
- die MMus-verhandeling, *Die Suid-Afrikaanse komponis Hendrik (“Henk”) Temmingh: ’n biografie en ’n katalogus van sy orrelwerke* van Willem Luitingh (2010); en
- *Systematisches Verzeichnis der Werke von Pjotr Iljitsch Tschaikovsky* soos opgestel deur die Tschaikovsky-Studio Institut International (1973).

Daar is nie ’n groot hoeveelheid geskrewe materiaal oor die lewe en musiekwerke van Mathlener beskikbaar nie. Die proefskrif van Jacobus Groenewald, naamlik *Die Konservatorium vir Musiek in Pretoria, 1960–1983*, kan as die grootste enkele werk in hierdie verband gereken word. Waardevolle biografiese inligting is hierin te vind, maar steeds weinig oor Mathlener as komponis en oor sy komposisies. Groenewald se proefskrif dek verder slegs sy lewe tot 1983, die sluitingsjaar van die Konservatorium. ’n Bondige oorsig oor die lewe en werke van Mathlener verskyn in die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* onder redaksie van J.P. Malan. Die lys van Mathlener se komposisies soos dit in hierdie bron uiteengesit is, is as uitgangspunt vir die opstelling van die katalogus gebruik. Soos in die geval van Groenewald se proefskrif is die jaar van publikasie, naamlik 1984, weereens die beperkende faktor wat die volledigheid van die informasie betref. Godschalk (1981:26–27) se skripsie lewer feitlik geen biografiese besonderhede oor Mathlener nie. Nogtans is hierin waardevolle inligting gevind wat die aanvanklike opstel van die katalogus vergemaklik het. Slegs een publikasie van Mathlener waarvan die jaartal genoem word, het ná 1980 die lig gesien, naamlik die bundel *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele, Boek 6* wat in 1988 gepubliseer is.

Die derde deel van die literatuurstudie behels die versameling en bestudering van die gepubliseerde sowel as ongepubliseerde musiekwerke van Mathlener. Behalwe materiaal wat uitsluitlike Mathlener-werke bevat, is sekere bundels, byvoorbeeld die

Koraalboeke 1956 en 1978 asook die 2de bundel *Liturgiese Orrelmusiek* (1975), geraadpleeg. Partiture van werke van ander komponiste wat relevant tot hierdie studie is, is ook geraadpleeg.

1.7 Hoofstuk-indeling

Die tweede hoofstuk van die studie bevat historiese en biografiese besonderhede oor Mathlener as pedagoog, orrelis, dirigent, kerkmusikus en komponis. Die musikale hoedanighede wat hy as musikus in beide Nederland en Suid-Afrika beklee het, word bespreek. Inspirasies, komposisiegewoontes asook die rol wat sy komposisies in sy hoedanigheid as kerkmusikus en pedagoog gespeel het, word ondersoek.

In Hoofstuk 3 word die styl en komposietegnieke van Mathlener se komposisies na gelang van die bundel of eenheid waarin dit voorkom, bespreek. Die ontleding van talle komposisies gaan met notevoorbeelde gepaard. Indien dit uit analise blyk dat 'n bepaalde komposisie met komposisies wat voorheen in die hoofstuk ontleed is, ooreenstem, word daar gefokus op 'n ander aspek van die komposisie soos die ontstaansgeskiedenis daarvan, kritiek op die bundel waarin dit voorkom of kommentaar op die kwaliteit van die drukwerk. In die geval waar daar geen afskrif van 'n komposisie van Mathlener beskikbaar is nie, word daar redes vir hierdie toedrag van sake aangevoer.

Hoofstuk 4 beskryf hoe die hoof- en subnavorsingsvrae beantwoord is. Faktore wat die studie bemoeilik het, word hier genoem. Aanbevelings ten opsigte van bestaande uitgawes van Mathlener-komposisies, asook voorstelle vir verdere studie oor die werk van hierdie musikus word aan die hand gedoen.

Die studie word met die volgende bylaes afgesluit:

- Bylae A, die toestemmingsbrief vir deelname aan onderhoude;
- Bylae B, die vraelys wat tydens onderhoudvoering gebruik is; en
- Bylae C, die katalogus van Mathlener se komposisies.

HOOFSTUK 2

Willem Mathlener: 'n kort biografie

2.1 Inleiding

Willem Mathlener (1909–1996) kan as een van die veelsydigste, produktiefste en mees dinamiese musici wat op die Suid-Afrikaanse musiektoneel verskyn het, beskou word. Hy was werksaam as kerkmusikus, pedagoog, orrelis, dirigent en komponis. Hy het hierdie verskillende fasette van sy kunstenaarskap nie in isolasie nie, maar aanvullend tot mekaar beoefen. Indien sy lewe as musikus as geheel beskou word, word dit duidelik dat 'n enkele musikale hoedanigheid van hom dikwels 'n logiese uitvloeisel of voortsetting van 'n ander hoedanigheid is:

- sy aanvanklike opleiding as orrelis het ten nouste met die bestudering van kerkmusiek gepaard gegaan;
- as kerkmusikus het hy twee instansies in Suid-Afrika gestig waarin hy as pedagoog andere in kerkmusiek opgelei het;
- as die stigter en Direkteur van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria het hy uit die studentekorps 'n orkes en koor saamgestel wat hy self gedirigeer het;
- as kerkmusikus het hy musiek vir liturgiese gebruik gekomponeer; en
- as pedagoog het hy werke met die oog op onderrig in klavier en orrel gekomponeer.

Daar kan met reg gesê word dat Mathlener se veelsydigheid as musikus voortspruit uit sy holistiese benadering tot musiek. Hy het regdeur sy lewe klem gelê op die ontwikkeling van die mens se totale musikale vermoëns (Troskie, 1989:41). Hierdie stelling is ook op homself van toepassing. Indien hy net as komponis, pedagoog of kerkmusikus bestudeer word, kan daar onmoontlik 'n getroue beeld van sy volle bydrae en invloed op die musieklewe in Suid-Afrika verkry word.

Ten einde aan die hoofdoel van hierdie studie te beantwoord, naamlik om die komposisies van Mathlener te bestudeer en te katalogiseer, is dit noodsaaklik om te verstaan hoe sy hoedanigheid as komponis interaktief met die ander sferes van sy

musiekbeoefening was. Vervolgens word die lewe van hierdie musikus volgens elke terrein wat hy op musikale gebied beklee het, bespreek.

2.2 Mathlener in Nederland, voor sy immigrasie na Suid-Afrika

Willem Mathlener is op 31 Mei 1909 in Delft, Nederland gebore. Hy is die jongste van drie kinders van Wouter en Cornelia Wilhelmina Helena Mathlener. Wouter Mathlener was die eienaar van 'n boekwinkel in Delft. As jong seun het Willem toegang tot die orrel in die Nieuwe Kerk in Delft gekry deur bevriend te wees met die koster se kinders. Reeds op vyfjarige ouderdom het hy sy eie musiek op die orrel begin maak. Willem het ook ure gesit en luister hoe die orrelis van hierdie kerk, mnr Storm, geoefen het. Willem se vader was egter gekant daarteen om hom musieklesse te laat neem. Eers op 15-jarige ouderdom kon hy vir sy eie musieklesse betaal toe hy in sy vader se boekwinkel begin werk het. Hy het gereeld orrel- en oratorium-uitvoerings saam met sy moeder bygewoon (Van der Merwe, 1958:12–13).

Mathlener het in die jare hierna sy musikale opleiding by die Delftse Musiekskool voortgesit en by die blinde Nederlandse orrelis, Willem van Thiene les geneem. Op 17-jarige ouderdom het hy die orrelis van die Nederduitsch Hervormde Kerk in De Lier geword.

Mathlener het sy tersiêre musiekonderrig by die Koninklijk Conservatorium in Den Haag voortgesit met Willem Pijper as een van sy dosente. Mathlener het onderrig in klavier, orrel, sang en komposisie ontvang. Hy is as dirigent opgelei deur die beroemde dirigent van die Amsterdamse Concertgebouw Orkes, naamlik Eduard van Beinum (1901–1959).

In 1932 word hy uit 46 kandidate gekies om die orrelpos by die Onze Lieve Vrouwe Kerk, ook bekend as die Grote Kerk in Breda met sy beroemde viermanuaal-orrel te beklee. Hy het hierdie pos vir die volgende 15 jaar, tot en met sy immigrasie na Suid-Afrika behou. In hierdie hoedanigheid het hy as orrelis, koorleier en musiekonderwyser opgetree.

Een jaar na sy aanstelling as orrelis by die Onze Lieve Vrouwe Kerk het hy begin om twee-weekliks gedurende die somer orreluitvoerings te gee in Breda, sowel as in die omliggende dorpe in die suide van Nederland. Daarby was hy ook aktief as pianis en het solo-uitvoerings gehou, asook concerto's saam met orkeste uitgevoer. As koordirigent het hy drie kore afgerig, naamlik die Nederduitsch Hervormde Kerkkoor in Breda, die Exelcior Koor in Tilburg en die Cecilia Koor in s'Hertogenbosch (Groenewald, 1993:28).

In 1934 het Mathlener die *Studiekring Johann Sebastian Bach* gestig. Dit was 'n koor- en orkesgeselskap wat die kantates, oratoriums en passies van Johann Sebastian Bach (1685–1750), asook verskeie ander groot koorwerke wat *Messias* van Georg Frederich Handel (1685–1759) en *Ein Deutsches Requiem* van Johannes Brahms (1833–1897) insluit. Hy het die *Johannes-passie* van Bach vir die eerste keer in 1937 met hierdie geselskap uitgevoer.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Mathlener as dirigent van die Sesde Infanterie Regiment se orkes opgetree. Vanaf 1942 tot 1946 het hy ook subskripsie-simfoniekonserte in Breda gedirigeer. In 1946 het hy Bach se grootse werk, naamlik die *Matteus-passie* uitgevoer en dit die jaar daarna herhaal. Toe die werk in 1948 vir die derde keer in Breda uitgevoer is, het Mathlener reeds na Suid-Afrika geïmmigreer. Teen sy verwagting in het hierdie jaarlike uitvoerings van die *Matteus-passie* voortgeduur. Toe die werk vir 'n tiende keer uitgevoer is het die *Bredasche Courant* van 10 Maart 1955 soos volg daarvoor berig (Anoniem, 1955:s.b.):

De dirigent Willem Mathlener, die met zijn Studiekring Joh. Seb. Bach vóór de oorlog verscheidene malen de Johannes Passion uitvoerde, heeft voor de thans tienjarige traditie van vertolkingen van de Matthéüs Passion de grondslag gelegd.

Mathlener se seun, René, het in 'n ongestruktureerde onderhoud met die skrywer vertel dat sy vader na 45 jaar steeds in Breda onthou word. Toe René Mathlener die Onze Lieve Vrouwe Kerk in Breda tydens die vroeë negentigerjare besoek het en vir 'n senior inwoner daar sy naam genoem het, het die persoon by die aanhoor van die naam "Mathlener", spontaan gevra, "O, de organist...?" (Mathlener, 2014:onderhoud).

Nêrens in die bestaande geskrewe materiaal waarin 'n biografie van Willem Mathlener opgeteken is, word daar 'n enkele rede vir sy immigrasie na Suid-Afrika verstrek nie. In ongestruktureerde onderhoude met Marietjie Hesse, 'n oudklavierstudent en met Margaret van der Vegt, wat hom deur musiekkringe goed geken het, het dit geblyk dat Mathlener hom geroepe gevoel het om gehoor te gee aan die oproep van die NHK in Suid-Afrika om bekwame kerkmusici van oorsee te werf (Hesse, 2014:onderhoud, Van der Vegt, 2014:onderhoud). Hieruit kan afgelei word dat dit die hoofrede vir sy immigrasie was. Vanweë die ongekende groei wat die NHK gedurende die na-oorlogse jare in Suid-Afrika ondervind het, het die behoefte ontstaan om die standaard van kerkmusiek in hierdie kerk te verhoog. In die soektog na bekwame orreliste en kerkmusici het die NHK sy visier buite die grense van Suid-Afrika gestel. Die roeping van die NHK het Mathlener in Nederland bereik en hy het hieraan gehoor gegee deur in 1948 na Suid-Afrika te immigrer. Sy gesinslede het hom in die jaar daarna gevolg en hulle in Vereeniging gaan vestig. Hier was Mathlener musiekonderwyser en orrelis van die Nederduitsch Hervormde gemeente.

2.3 Mathlener as pedagoog

2.3.1 Inleiding

Mathlener was tydens sy verblyf in Suid-Afrika bekend as kerkmusikus, pedagoog, uitvoerende kunstenaar en komponis. Die verloop van sy lewe in hierdie land word duidelik uitgestippel indien die opeenvolging van die betrekkings wat hy in sy hoedanigheid as 'n musiekpedagoog beklee het, in oënskou geneem word:

- 1948–1951: orrelis en musiekonderwyser in Vereeniging;
- 1951–1954: orrelis, musiekonderwyser en koorafriester in Krugersdorp;
- 1954–1960: hoof van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp;
- 1960–1983: Direkteur van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria; en
- 1984–1996: aftreejare, jaarlikse eksaminator van die Konservatorium vir Kerkmusiek.

Die opleiding wat Mathlener aan die Koninklijk Conservatorium in Den Haag ontvang het, stem grootliks met die tersiêre musiekopleiding wat in die meeste hoofsentra

van die Europese vasteland aangebied word ooreen. Hierteenoor het musiekopleiding volgens die Britse model in Suid-Afrika wortelgeskiet.

In 'n artikel getiteld, *Twee kerkmusici word 80 jaar oud!* wat in die tydskrif *Vir die Musiekleier* verskyn het, som Troskie Mathlener se aanvanklike belewenis van die Suid-Afrikaanse musiekopleiding soos volg op (1989:41):

Willem Mathlener was 'n baanbreker op die gebied van musiekopleiding in Suid-Afrika. Hy was oortuig daarvan dat die toentertydse stelsel van musiekopleiding in Suid-Afrika – wat grootliks berus het op die aflê van 'n aantal opeenvolgende eksamens – nie die potensiaal van 'n musikus ten volle tot sy reg laat kom nie. Reeds vanaf 1948 word sy lesgeemetodes gekenmerk deur die ontwikkeling van 'n persoon se totale musikale vermoëns eerder as 'n oneweredige oorbeklemtoning van aspekte soos afronding ten koste van ander aspekte.

Die blote feit dat Mathlener die oproep vanuit Suid-Afrika gekry het om die standaard van kerkmusiek te bevorder en waarom daar nie van plaaslike musici vir hierdie doel gebruik gemaak is nie, moes hom uit die staanspoor die wenkbroue laat lig het vir die aard van musiekopleiding in Suid-Afrika. Toe die Raad vir Kerkmusiek van die NHK die Kerkmusiekskool in 1954 in Krugersdorp gestig het, was Mathlener reeds deeglik bewus van die leemtes wat daar in die Suid-Afrikaanse musiekopvoeding bestaan het. Hy het gevind dat musiekleerlinge as gevolg van die heersende musiekopleidingstelsel:

- oor beperkte tegniese vermoëns beskik;
- nie oor voldoende kennis van styltydperke beskik en genoeg verteenwoordigende repertoire per styltydperk ken nie;
- swak bladles of glad nie kan bladles nie;
- gebrekkige of geen vaardighede in gehooropleiding het nie;
- spanning ervaar vanweë die eis om foutlose spel te lewer;
- vreugde in die beoefening van musiek en die geestelike verryking wat hiermee gepaard gaan, nie ken nie; en
- 'n weersin in musiek ontwikkel of hulle musiekopleiding staak indien daar nie na wense in 'n jaarlike bevorderingseksamen gevaar is nie (Groenewald, 1993: 13–15, 45, 211).

In sy pogings om die toestand van kerkmusiek in Suid-Afrika te verbeter het Mathlener sy eie opleiding en ervaring wat hy in Nederland opgedoen het as vertrekpunt gebruik. Hy het sy aanbevelings aangaande die verbetering van kerkmusiek in toesprake, lesings, asook die radioprogram, naamlik *Die Kerk en sy musiek* wat hy tydens die eerste helfte van die vyftigerjare vir die SAUK behartig het, uiteengesit. Gaandeweg het al hoe meer kerklui en musiekonderwysers van sy idees te hore gekom. Mathlener se betrekking as hoof van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp het hom as musiekpedagoog 'n meer formele gestalte gegee. Hy het die kurrikula asook ses praktiese orreleksamens in toenemende grade van vordering vir hierdie instansie saamgestel. Hier het sy beleid ten opsigte van musiekopleiding wat hy tydens sy jare as Direkteur van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria, sou handhaaf, vorm aangeneem. Die Kerkmusiekskool in Krugersdorp het nie net die NHK nie, maar ook die breër kerkverband van goed opgeleide kerkorreliste voorsien.

2.3.2 Die ontstaan en opleidingsbeleid van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria

Vanweë die sukses wat met die opleiding aan die Kerkmusiekskool in Krugersdorp bereik is asook die steeds toenemende studentegetalle het die NHK teen die laat-vyftigerjare besluit om die musiekskool te vergroot en na Pretoria toe te skuif. Só het die instansie waarmee Mathlener hoofsaaklik geassosieer word, naamlik die Konservatorium vir Musiek, Pretoria in Januarie 1960 tot stand gekom. By hierdie instansie sou daar benewens onderrig in orrel as praktiese instrument, ook onderrig in klavier, sang, skoolmusiek en 'n aantal blaasinstrumente aangebied word. Teen die einde van die dekadete het die onderrig na feitlik elke soort orkesinstrument toe uitgebrei. Gedurende hierdie tyd het die aantal personelede van vyf na twintig toe gegroei.

Mathlener het die Europese konservatorium soos wat dit in die meeste hoofsentra op die Europese vasteland voorkom, as model gebruik om die opleidingsbeleid van die nuutgestigte Konservatorium vir Musiek, Pretoria te bepaal. Die Europese konservatorium is 'n losstaande tersiêre inrigting wat nie deel vorm van 'n universiteit soos wat dit in Suid-Afrika voorkom nie. Akademiese en wetenskaplike fasette van musiek word wel aan Europese universiteite bestudeer, maar hierteenoor vind die

opleiding van uitvoerende musici aan 'n konservatorium plaas. In Duitsland en Oostenryk word die benaming, *Hochschule für Musik* vir so 'n instansie gebruik.

In Suid-Afrika is elke faset van musiekonderrig op tersiêre vlak deur die musiekdepartemente van 'n universiteit aangebied. Praktiese musiekopleiding wat aan 'n outonome tersiêre instansie soos 'n konservatorium gedoen word, was in hierdie land 'n onbekende begrip. Mathlener het dit op sy beurt vreemd gevind dat praktiese musiekopleiding in Suid-Afrika aan 'n universiteit plaasvind. Volgens hom sou die praktiese komponent van musiekopleiding nie tot sy reg kan kom in 'n instansie waar die klem eerder op wetenskaplike navorsing as praktiese beoefening val nie. Hy was in hierdie opsig onthuts om te sien hoe beperk die repertorium van musiekstudente by universiteite in Suid-Afrika was in vergelyking met die magdom repertorium waaroor studente wat aan Europese konservatoriums studeer het, beskik. Die leemtes wat daar in die praktiese musiekkursusse by universiteite bestaan het, het Mathlener laat besef waarom daar nie uitvoerende musici wat met internasionale standaard kon meeding, in Suid-Afrika opgelei word nie (Groenewald, 1993:72). Die dirigent en destydse hoof van musiek van die SAUK, Anton Hartman (1918–1982) het sterk aanklank gevind by Mathlener se sienswyses oor musiekopleiding. Hartman, wat konstant opsoek was na bekwame spelers vir die SAUK-orke, het die gebrek aan diesulkes aan die “verderflike” opleidingstelsel in Suid-Afrika toegeskryf (Groenewald, 1993:85). Reinhold Holstein en Paul Loeb von Zuilenburg wat albei hulle musiekopleiding aan Europese konservatoriums ontvang het, het groter begrip vir Mathlener se opleidingsbeleid as meeste Suid-Afrikaansgebore musici getoon. Beide was dosente aan die Konservatorium vir Musiek, Pretoria.

Die grootste ooglopende verskil tussen die musiekopleiding van universiteite in Suid-Afrika en dié van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria, was die groot aantal werke wat 'n student aan die Konservatorium per jaar moes instudeer. Daar is van hulle verwag om 20 tegniese- en 20 voordragstukke per jaar te bemeester. Mathlener het die maatstaf gestel dat studente agt ure per dag aan musiek moet bestee: vier aan die hoofinstrument, twee aan die tweede instrument en twee aan teoretiese werk. Studente moes gereeld in voordragklasse en konserte optree om

solistiese vaardighede, soos die gememoriseerde voordrag van 'n program, te ontwikkel (Groenewald, 1993:50).

Studente is aangesê om nie te lank aan een stuk te bly oefen in 'n poging om dit foutloos te probeer kry nie. In 'n ongestruktureerde onderhoud met Marietjie Hesse (2014:onderhoud) het dit aan die lig gekom dat studente eerder hulle tyd moes gebruik om die aantal stukke binne 'n bepaalde stylperiode te vermeerder ten einde 'n begrip vir die musiek van daardie styl te ontwikkel. Namate die student konstant nuwe stukke bly instudeer sou die tempo waarteen 'n nuwe stuk bemeester word, ook toeneem.

Mathlener se sienswyse dat 'n student oor 'n groot repertoire moet beskik en derhalwe nie te lank op een stuk moet bly konsentreer nie, skep die vermoede dat hy moontlik 'n ietwat ongeërgde houding teenoor afgeronde spel ingeneem het. Die teendeel hiervan word bewys wanneer daar gekyk word wat hy spesifiek van studente verwag het in die eksaminering van 'n oënskynlik buitensporige groot aantal werke. Hy het die vereistes vir die praktiese eindeksamen waar 'n instrument as hoofvak geneem word, soos volg uiteengesit (Groenewald, 1993:234):

Uit 'n groslys van 'n totaal van 57 werke word drie maande voor die eksamen deur die eksamenkommissie 'n keuse van veertien werke gemaak. Van die werke moet vyf fyn afgerond wees en die ander nege moet vlot gespeel kan word.

Mathlener het die vermoë om goed te kan bladles gedurig by sy studente ingeskerp. Margaret van die Vegt het in 'n ongestruktureerde onderhoud vertel dat Mathlener bladles vergelyk het met die voorsprong wat 'n skoolleerling met die meeste van sy akademiese werk sal hê, bloot omdat hy goed kan lees (2014:onderhoud). Bladles is tydens 'n musiekles geoefen en het saam met voordragstukke en tegniese werk, deel gevorm van 'n praktiese eksamen.

Benewens die opleiding van voltydse studente het die Konservatorium ook 'n leerprogram aangebied waar studente opgelei word in die kuns van lesgee. Onder toesig van 'n dosent het 'n student aan 'n musiekleerling van enigiets tussen agt en agttien jaar les gegee. Die welslae wat met hierdie praktyk bereik is, het uitgeloop op die saamstel van 'n kursus wat soos volg deur Mathlener in die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAME)* beskryf is (1982:232):

Van die tweede helfte van 1967 af word 'n Junior professionele Kursus aangebied vir spesiaal gekose talente bo die ouderdom van agt jaar, aan wie daar gebalanseerde musiekonderwys teen 'n afslag van 50 persent van die gewone koste gegee word.

Mathlener wou twee heersende tendense wat dikwels met die beoefening van musiek geassosieer is, naamlik dié van foutlose spel en die aflegging van 'n eksamen as die enigste einddoel van musiek, in die kiem smoor. Hy het veral die aandag gevestig op die geestelike verryking wat die beoefening van musiek die kind moet bied. In 'n omsendbrief aan dosente, gedateer 12 Januarie 1968, wys hy op die noodsaaklikheid daarvan dat die kind musiekmaak as 'n genotvolle ervaring moet beleef (Mathlener, 1968:s.b.):

Die eerste “doel” van die klavierles (of ander) moes wees en bly om die speelvreugde op te wek en aan te moedig, maar hierna volg die tweede doel en wel om die leerling dit te leer wat hy uit homself nie kan leer nie en dit is tegniek.

Die opleidingsprogram vir musiekleerlinge was in twee opsigte van groot betekenis vir die Konservatorium:

- talle leerlinge het later as voltydse musiekstudente by die Konservatorium ingeskryf; en
- die geleentheid wat voltydse studente gehad het om onder toesig self les te gee was uniek aan hierdie inrigting.

Mathlener het regdeur sy lewe as musiekpedagoog 'n verbete stryd gevoer teen die idee dat musiekopleiding aan 'n universiteit gedoen moet word. Volgens hom het die wetenskaplike benadering veroorsaak dat musiekopleiding van 'n universiteit 'n steriele, prestasiegedrewe kleur verkry het wat veroorsaak het dat die estetiese betekenis van musiek daaronder gely het. Hy het soos volg in 'n memorandum gedateer, 30 Oktober 1972 geskryf (Mathlener, 1972:s.b.):

'n Universiteit is die instansie waar gepoog word om alles te BEWYS – dus 'n suiwer wetenskaplike benadering. Musiek is JUIS onbewysbaar. Sodra ons probeer om dit wetenskaplik te bewys, dan is dit geen kuns meer nie. Die feit dat Johann Sebastian Bach teoretiese foute in sy komposisies begaan het, kan nie bewys dat sy werke kuns of dan geen kuns is nie! Die universiteit se opleiding is só dat dit dus op 'n wetenskaplike gedagtegang gerig is. Hier KAN geen plek vir 'n kunstenaar wees nie. Die kunstenaar moet 'n geestelike

leiding kan opbou wat aan die geloof verbind is, dus leiding van God. Hy moet daar bewus van gemaak word dat dit so is, en 'n universiteit kan dit nie doen nie. Die Konservatorium streef daarna.

Dit is te betwyfel of hy die leerprogramme van BMus-kursusse wat by universiteite in Suid-Afrika aangebied is, volkome geken het (Groenewald, 1993:44). Aangesien hy sy eie opleiding konstant met die opleiding in Suid-Afrika vergelyk het, asook aangesien hy onthou het dat hy uit Suid-Afrika genader is om die standaard van kerkmusiek te verhoog, was hy moeilik te oortuig van die doeltreffendheid van musiekopleiding wat aan Suid-Afrikaanse universiteite gedoen word. Hy het dit gevolglik nodig geag om teen die universiteitsopleiding van musiek uit te vaar ten einde die bestaansreg van die Konservatorium te regverdig.

Bepaalde omstandighede en gebeurtenisse het die voortbestaan van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria gedurende die 23-jarige bestaan daarvan, konstant bedreig. Die lewensvatbaarheid van hierdie outonome instelling kon van meet af aan nie verseker word nie, aangesien daar nie 'n soortgelyke instansie elders in Suid-Afrika bestaan het wat as model kon dien vir die effektiewe bestuur van só 'n instansie nie. Die NHK en die Stadsraad van Pretoria het die Konservatorium aanvanklik gefinansier, maar daar bestaan nêrens 'n aanduiding dat 'n ooreenkoms met hierdie partye aangegaan is wat die voortsetting van finansiële ondersteuning sou bevestig nie.

Die bestaan van die Konservatorium is in 'n groot mate bedreig toe die musiekdepartement aan die Universiteit van Pretoria slegs 'n paar maande nadat die Konservatorium sy deure geopen het, ontstaan het. Ongeag Mathlener se opvatting oor die opleiding van musiek aan 'n universiteit, het Marietjie Hesse in 'n ongestruktureerde onderhoud bevestig dat hy die totstandkoming van die musiekdepartement aan die Universiteit van Pretoria veroordeel het omdat daar volgens hom nie genoeg studente in die Pretoria-omgewing was om die bestaan van beide tersiêre musiekopleidingsinstansies te regverdig nie (Hesse, 2014:onderhoud).

Groenewald beskryf die invloed wat die totstandkoming van die musiekdepartement van UP op die Konservatorium gehad het soos volg (1993:33):

Dit was dus 'n ongelukkige toedrag van sake dat twee soortgelyke inrigtings, met dieselfde oogmerke, in dieselfde jaar en in dieselfde stad ontstaan het.

Die Universiteit se Departement sou egter voortbestaan terwyl die Konservatorium uit die staanspoor gedoem is tot ondergang. Die Universiteit het meer status gehad, groter fondse tot sy beskikking gehad en sy opleiding is nooit in twyfel getrek nie. Verder het die konsep van musiekopleiding aan 'n universiteit gestrook met 'n langverworwe Suid-Afrikaanse tradisie. Op die lange duur sou die Universiteit beter studente werf, veral nadat die Konservatorium se diplomas nie meer erken is nie – tog het die Konservatorium se doelstelling om musici prakties op te lei, aanvanklik goeie inslag gevind en is baanbrekerswerk verrig.

Met die sinsnede in bogenoemde aanhaling, "...veral nadat die Konservatorium se diplomas nie meer erken is nie...", verwys Groenewald spesifiek na die verlamende uitwerking wat 'n nuwe onderwyswet, naamlik Wet 39 van 1967 op die erkenning van die Konservatorium se diplomas gehad het. Gedurende die tweede helfte van die sestigerjare het dit vir Nasionale Onderwys toenemend moeilik geword om die standaard van onderwyskwalifikasies wat landwyd deur privaatinstansies uitgereik word, te bepaal. Derhalwe sou die nuwe onderwyswet bepaal dat sekondêre onderwyskwalifikasies voortaan slegs deur universiteite uitgereik mag word. Aanvanklik het die Konservatorium hom daarop toegespits om net uitvoerende musici op te lei, maar vanaf 1964 is die driejarige Diploma B as kursus vir studente wat meer pedagogies aangelê is, ingestel om as volwaardige musiekonderwysers opgelei te kan word. Deurdat die Konservatorium-diplomas as kwalifikasies van 'n privaatinstansie gereken is, kon studente in besit hiervan nie langer vir sekondêre musiekonderwys bevoeg verklaar word nie. Dít het onherstelbare skade aan die status van die Konservatorium as opleidingsinstansie gedoen. Mathlener se manmoedige pogings by die destydse minister van Hoër Onderwys, senator J.P. van der Spuy, om die Konservatorium-kwalifikasies landswyd erken te kry, het telkens misluk. Hy moes later erken dat vanweë die diepgewortelde gebruik in Suid-Afrika dat musiekopleiding aan universiteite geskied, dit feitlik onmoontlik is om die idee van 'n konservatorium in die Europese sin van die woord aan Suid-Afrikers te verkoop.

Die dispuut oor die erkenning van die Konservatorium-diplomas het 'n ongunstige klimaat binne die Konservatorium geskep. Studente wat op daardie stadium aan die Konservatorium ingeskryf was, asook verskeie oud-studente wat alreeds 'n Konservatorium-diploma verwerf het, het die waarde van hulle studie in twyfel getrek toe hulle eenmaal van die nuwe onderwyswet verneem het.

Die langdurige onsekerheid wat hierdie wet onder personeellede veroorsaak het, het saam met swak diensvoorwaardes en werksomstandighede die gevolg gehad dat talle van hulle tydens die laat sestigerjare en vroeë sewentigerjare bedank het. Groot ontevredenheid het geheers oor die sesdag werksweek, nie-kompeterende salarisse, die verbod op verdere studie aan enige instansie behalwe die Konservatorium self, toestemming wat verkry moes word om buite Konservatoriumverband op te tree en die verbod om enige aksie uit te voer wat uit eie inisiatief van 'n personeellid voortspruit, maar nie met Mathlener se voorskrifte gestrook het nie (Groenewald, 1993:202–203).

Mathlener het vir die eerste keer tydens 'n vergadering van die Moderamen van die HNK op 4 Oktober 1971 genoem watter negatiewe invloed die miskenning van die diplomas op die lange duur vir die voortbestaan van die Konservatorium het. Tydens 'n tweede vergadering op 24 November 1975 waarin die vraagstuk oor die voortbestaan van die Konservatorium bespreek is, het Mathlener die Moderamen oor die opgehoopte skuld van die Konservatorium ingelig. Hy het genoem dat die Konservatorium finansiëel nie meer kan funksioneer nie en voorgestel dat dit in 'n kerkmusiekskool soortgelyk aan wat vroeër in Krugersdorp bestaan het, omskep moet word (Groenewald, 1993:206). Mathlener het dit self op daardie stadium oorweeg om af te tree. Hy is reeds in die vroeë sewentigerjare aangewys om as afgevaardigde van die NHK aan die hersiening van die Psalm- en Gesangbundel te werk. Gevolglik was dit vir hom al vir 'n geruime tyd moeilik om ál sy verpligtinge by die Konservatorium na te kom (Groenewald, 1993:161).

In Oktober 1976 het die NHK 'n Kommissie van Ondersoek, onder leiding van dr. D.J.C. van Wyk aangestel om volledig oor die stand van sake rakende die Konservatorium, verslag te doen. In die jaar daarna het die kommissie die volgende bevind (Groenewald, 1993:206–207):

Die vergadering was dit eens dat daar oorweldigende pleidooie was vir die behoud van die Konservatorium, maar uit die Kerk se oogpunt het die finansiële lewensvatbaarheid van die inrigting die grootste struikelblok gebly.

Die Konservatorium het subsidies van die Staat en die Stadsraad van Pretoria ontvang, maar dit was nooit voldoende om die inrigting ooit onafhanklik van die Kerk te maak nie. Reeds vanaf 1962 is tekorte op die begroting ondervind wat met die jare al hoe meer geword het. Marais en Vennote, die ouditeure

van die Konservatorium, se jaarverslae het aangetoon wat 'n geweldige verlies die Konservatorium vir die Kerk was. Teen 1981 het die opgehoopde tekort op R187 663 te staangekom. Teen 1983 het die bedrag gestyg tot sowat R300 000.

Hierdie verdoemende getuienis oor die finansiële stand van die Konservatorium het die Kommissie laat besluit om tot die onvermydelike stap oor te gaan deur die instansie te sluit met die voorneme om dit as 'n onafhanklike kerkmusiekskool te omskep. Die Konservatorium het op 31 Desember 1983 amptelik gesluit en Mathlener het as direkteur uitgetree.

In die slotwoord van sy proefskrif oor die Konservatorium maak Groenewald die volgende belangrike opmerking (1993:215):

Die omstandighede wat gelei het tot die sluiting van die Konservatorium het niks te make gehad met die ideale en van die beleid wat toegepas is nie. Die oorsake vir die aftakeling was nie intern nie, maar was faktore wat van buite op die Konservatorium afgedwing is.

Talle oud-studente en -dosente het ingesien dat die opleidingsbeleid van die Konservatorium gebruik kan word om die leemtes wat daar in die heersende musiekopleidingstelsels in Suid-Afrika bestaan het, te vul. 'n Voormalige dosent aan die Konservatorium, prof. Hennie Joubert, is in 1967 as Direkteur vir Musiekeksamens aan UNISA aangestel (Malan, 1984:59). Hy het die opleidingsbeleid van die Konservatorium as model gebruik vir die ingrypende verandering wat daar tydens die sewentigerjare in die musiekeksamenstelsel van UNISA aangebring is. Nog 'n oud-student van die Konservatorium, prof. Niël Geldenhuys, wat ook verbonde aan UNISA was, het die noodsaaklikheid besef om die unieke rol wat Mathlener as musiekpedagoog in Suid-Afrika gespeel het, in diepte na te vors en te laat opteken ten einde dit te laat deel vorm van die Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis. Sy inisiatief het tot die proefskrif van dr. Jacobus Groenewald getiteld, *Die Konservatorium vir Musiek, Pretoria (1960–1983)* gelei (Groenewald, 1993:1).

In 'n artikel getiteld, *Konservatorium vir Kerkmusiek – 'n Nuwe bedeling* wat in die tydskrif *Vir die Musiekleier* gepubliseer is, skryf prof. Elsabé Kloppers soos volg oor die gedaantewisseling wat die Konservatorium ondergaan het nadat Mathlener as direkteur daarvan uitgetree het (2003:40):

Gedurende 1983 is die naam van die Konservatorium verander tot die Konservatorium vir Kerkmusiek toe besluit is om slegs met orrelopleiding voort te gaan. **Mej Susan Engelbrecht** is as Direkteur van die Konservatorium benoem. Sy was terselfdertyd ook voltydse dosent in orrel. 'n Korrespondensiekursus in himnologie en kerkmusiekgeskiedenis en 'n kursus in kooropleiding is aangebied.

In 2000 het sy ernstig siek geword en is gedurende 2002 oorlede. Haar afsterwe was 'n groot verlies vir die Konservatorium. Mev Margaret van der Vegt en mnr René Mathlener het as deelydse orreldosente oorgeneem.

Só het die Konservatorium vanaf 1984 weer sy oorspronklike gestalte van 'n kerkmusiekskool, soos wat dit voorheen in Krugersdorp was, teruggekry. Vir die grootste aantal oorblywende jare van sy lewe het Willem Mathlener jaarliks as eksaminator vir die eksamens van die Konservatorium vir Kerkmusiek opgetree (Groenewald, 1993:209). Hy sterf op 1 Mei 1996 in Pretoria in die ouderdom van 86 jaar (Troskie, 1996:95).

2.4. Mathlener as orrelis

Mathlener se emigrasie na Suid-Afrika in 1948 het meegebring dat hy die gesogte orrelpos by die Onze Lieve Vrouwe Kerk in Breda, Nederland na 15 jaar moes prysgee. Hy het hom in Vereeniging gevestig en orrelis van die Hervormde gemeente geword (Troskie, 1989:41). Margaret van der Vegt vertel in 'n ongestruktureerde onderhoud dat haar pa, Enno Bouwman, ook van Nederlandse afkoms, huisvriende met die Mathleners was toe hulle pas in Vereeniging gaan woon het. Mnr. Bouwman het Mathlener aangeraai om 'n motor aan te skaf en as besoekende orrelis dwarsdeur die land op te tree. Mathlener het hieraan gehoor gegee en van dorp tot dorp gereis, geskikte orrels uitgesoek en orreluitvoerings gehou. Gehoorgetalle het tussen uiterstes gewissel. Op hierdie manier het Mathlener enersyds na die stand van kerkmusiek in Suid-Afrika verneem en andersyds 'n naam as orrelis en kerkmusikus vir homself begin opbou.

Mathlener het in April 1951 die orrelpos van die Hervormde gemeente in Krugersdorp aanvaar. Sy musikale betrokkenheid hier het uitgeloop op die stigting van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp in 1954. Benewens lesgee, het hy ook publieke lesings oor orrelmusiek aangebied. Tydens die lesing wat op 19 Maart 1954 gehou is, het hy die orrelmusiek van J.S. Bach behandel en die Prelude en Fuga in

C mineur, asook die koraalvoorspel *Vom Himmel hoch da komm Ich her* van hierdie komponis gespeel (Groenewald, 1993:25).

Mathlener het as uitvoerende orrelis by verskeie geleenthede in sy hoedanigheid as Direkteur van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria opgetree. Vreemd genoeg was sy pos as kerkorrelis in Krugersdorp sy laaste orrelpos. In 'n onderhoud vertel sy seun, René dat daar nooit 'n vakante pos vir 'n orrelis in die plaaslike Hervormde gemeente waaraan die gesin behoort het, beskikbaar was in die tyd dat hulle in Irene, suid van Pretoria, gewoon het nie (Mathlener, 2014:onderhoud).

Mathlener het die openingskonsert van die Konservatorium wat op Maandag 6 Februarie 1961 in die nuutgeboude Dirk van der Hoff-gebou in die middestad van Pretoria plaasgevind het, met die Tokkate en Fuga in D mineur van J.S. Bach ingelei. Die maatskappy, *Suid Afrikaanse Orrelbouers (SAOB)*, het die konsertsaal van hierdie gebou van 'n driemanuaal-orrel voorsien. Tydens die res van die program het Mathlener ook die Koraal in A mineur van César Franck (1822–1890) en die Tokkate van Hendrik Andriessen (1892–1981) gespeel. Die program het die optredes van mede-dosente ingesluit, naamlik Hennie Joubert (klavier), Nellie du Toit (sang) en Erwin Broedrich (viool). Hierdie konsert is vir uitgenooide gaste gehou en twee dae daarna vir die publiek herhaal, waartydens die pers ook verteenwoordig was. In die tydskrif, *Die Orrel*, berig die redakteur die volgende oor die insluiting van orrelmusiek tydens hierdie konsert (Anoniem, 1961:s.b.):

Danksy die uitnemende vertolking van die uitvoerder en sy gelukkige keuse van stukke, glo ons dat 'n ferme stap in die regte rigting geneem is om die publiek 'n begrip te gee van watter ryke waarderingsveld eintlik nog braak lê.

Mathlener se eie opinie ten opsigte van die waardering van orrelmusiek in Suid-Afrika kom aan die lig in 'n brief wat hy aan Piet Kee, die gevierde orrelis van die St. Bavo-kerk in Haarlem, Nederland, geskryf het. Volgens Mathlener neig Suid-Afrikaners vanweë hulle sentimentele karakter, eerder aanhangers van operamusiek as koor- of instrumentale musiek te wees, dat hulle Barokmusiek glad nie verstaan het nie en dat orrelmusiek nie na regte in Suid-Afrika waardeer word nie (Groenewald, 1993:81).

Op 8 Maart 1961, presies 'n maand ná die openingskonsert van die Konservatorium is daar 'n soortgelyke konsert vir die Algemene Kerkvergadering van die NHK en die Kongres van die Nederduitsch Hervormde Sustervereniging ook in die Konservatoriumsaal aangebied. Mathlener het soos by die vorige konsert die program ingelei met 'n orrelsolo, naamlik die eerste beweging van die Sonate no. 6 in D mineur van Mendelssohn (1809–1847), ook bekend as die *Variasies oor die Gebed van die Here*. Hy het die program met die Tokkate uit die Simfonie no. 5 van Charles-Marie Widor (1844–1937) afgesluit (Groenewald, 1993:139–140).

Mathlener het op 8 September 1963 tydens die eerste van twee konserte wat aan die musiek van Nederlandse en Belgiese komponiste gewy is, een van sy geliefkoosde werke, naamlik die Passacaglia, Koraal en Fuga oor Gesang 17 van Cornelis de Wolf (1880–1935) gespeel. Verder het hy die Kromatiese Fantasia van Jan Pieterszoon Sweelinck (1562–1621), die Tokkate van Jacques Bonset (1880–1959) en die Prelude en Fuga van Albert de Klerk (1917–1998) ook by die orrel-items van hierdie program ingesluit (Groenewald, 1993:142).

In ooreenstemming met die eise wat aan 'n student wat aan 'n Europese konservatorium studeer gestel word, kan daar aanvaar word dat Mathlener oor 'n uitgebreide orrel-repertoire beskik het. Die omvang van sy repertoire het dié van Suid-Afrikaanse orreliste ver oortref. Margaret van der Vegt het in 'n onderhoud bevestig dat Mathlener die meeste orrelwerke van J.S. Bach geken het (2014:onderhoud). Marietjie Hesse vertel op haar beurt in 'n onderhoud dat hy die meeste van die sonates en simfonieë van die Franse komponiste, Guillemant, Widor en Vierne kon speel. Sy onthou veral die vitaliteit en geïnspireerdheid van sy vertolkings (2014:onderhoud).

Daar moet in gedagte gehou word dat die puristiese beweging ten opsigte van die interpretasie van Barokmusiek eers ná Mathlener se loopbaan as uitvoerende orrelis ontstaan het. Sy seun, René, bevestig in 'n onderhoud dat die puristiese beweging glad nie deel van sy vader se musikale verwysingsraamwerk gevorm het nie en dat hy hom nie daarvoor uitgelaat het vandat dit in die laat sewentigerjare ontstaan het nie (Mathlener, 2014:onderhoud). Derhalwe kan aanvaar word dat Mathlener 'n legato-estetika as uitgangspunt vir sy vertolkings van orrelmusiek uit die Barokperiode gehandhaaf het.

2.5 Mathlener as dirigent

Toe Mathlener as Direkteur van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria in 1960 aangestel is, het hy die visie gehad om 'n koor en orkes wat uit die voltydse studente van die Konservatorium sou bestaan, saam te stel. Hiermee sou hy sy loopbaan as dirigent, soos wat hy voor sy vertrek uit Nederland gehad het, kon voortsit.

'n Tydperk van net minder as 12 jaar waarin die Konservatoriumkoor en -orkes musiekuitvoerings aangebied het, is op 28 Junie 1961 met 'n konsert van Barokmusiek ingelei. Vier werke is tydens hierdie konsert uitgevoer. Benewens die Concerto Grosso no. 10 in D mineur van G.F. Handel, is twee werke van J.S. Bach, die Kantate no. 64, *Sehet, welch' einde Liebe* en die Suite no. 2 in B mineur vir fluit en orkes met Francesco Maresca as fluitsolis, uitgevoer. Die laaste werk op die program was 'n kantate van Dietrich Buxtehude (1637–1707), *Alles, was ihr tut*. (Groenewald, 1993:100).

Benewens uitvoerings van werke vir koor en orkes is werke slegs vir orkes ook aangebied. Hierdie uitvoerings het in die meeste gevalle plaasgevind wanneer 'n finalejaar-student tydens sy of haar eindeksamen as solis deur die Konservatorium-orkes begelei is. Die speel van 'n concerto was een van die vereistes vir die eindeksamen van die Hoër Konservatorium Diploma wat in 1964 ingestel is. Hierbenewens is 'n interessante instrumentale konsert op 24 September 1967 gehou waarin die Konsert in A mineur vir vier klaviere van J.S. Bach uitgevoer is. Vier van die Konservatorium se uitmuntende klavierstudente, naamlik Gudrun Untenweerde, Erika van der Walt, Acáma Fick en Gabriel Meiring het hierin as soliste opgetree (Groenewald, 1993:123).

Die omvang van die musiekuitvoerings van die Konservatoriumkoor en -orkes het met die drie uitvoerings van die *Matteus-passie* van J.S. Bach in 1969 en 1970 'n hoogtepunt gevorm. Deur die jare is nie minder nie as agt kantates van dieselfde komponis uitgevoer. Die Kantate no. 142, *Uns ist ein Kind geboren* is drie keer uitgevoer. Drie van die groter koorwerke van Bach het ook meer as een uitvoering elk gesien. Die Mis in B mineur is twee maal, die *Kersfeesoratorium* vyf maal en die *Johannes-passie* nege maal uitgevoer. Uitgebreide werke vir koor en orkes van ander komponiste wat ook uitgevoer is, is die Simfonie no. 2 in B-mol majeur,

“Lobgesang” van Mendelssohn (1966) en *Ein Deutsches Requiem* van Brahms (1965 en 1968). Die Barokopera *Dido and Aeneas* van Henry Purcell (1659–1695), is die enigste opera wat die Konservatorium op die planke gebring het. Hierdie produksie was ’n grootse onderneming wat Mathlener saam met een van sy personeellede, die sopraan Nellie du Toit wat die verhoogbestuur behartig het, aangepak het toe die Konservatoriumkoor en -orkes nog in hulle kinderskoene gestaan het.

In ’n artikel getiteld, *Bach-mis eerste keer in SA uitgevoer*, wat in die destydse koerant, *Die Transvaler* van 10 Oktober 1967 gepubliseer is, word genoem dat die Mis in B mineur van J.S. Bach met die uitvoering daarvan deur die Konservatoriumkoor en-orkes sy Suid-Afrikaanse première gehad het. Troskie vermeld dieselfde oor die *Matteus-passie* in ’n artikel getiteld, *Twee kerkmusici word 80 jaar oud!* wat in die tydskrif *Vir die Musiekleier* verskyn het (1989:41):

Die uitvoering van die Mattheus-Passie in 1969 was die eerste volledige uitvoering van hierdie werk in Suid-Afrika.

Daar word oor bogenoemde stelling bespiegel vanweë die bewering dat die eerste van die drie uitvoerings van hierdie werk deur Charles Norburn in die St. Alban-katedraal in Pretoria in 1954, 1955 en 1956, as die Suid-Afrikaanse première van hierdie werk gereken behoort te word (Groenewald, 1993:116).

Prof. Alan Solomon het in ’n onderhoud met dr. Jacobus Groenewald insig oor Mathlener se werkswyse ten opsigte van die produksie van ’n uitgebreide koorwerk verskaf (1993:156):

Mnr Mathlener was by uitstek ’n koordirigent en hy het eers met die orkes gewerk wanneer die produksie reeds in ’n gevorderde stadium was.

Prof. Solomon was as orkesmeester vir die instudering van orkespartye van die koorwerke verantwoordelik. Margaret van der Vegt vertel in ’n onderhoud dat Mathlener van elke voltydse student verwag het om aan die produksies van die Konservatoriumkoor en -orkes deel te neem. Studente wat nie ’n orkesinstrument bespeel het nie moes in die koor sing. Opvoerings is gewoonlik vir die tweede helfte van ’n jaar geskeduleer, maar die koorrepetisies daarvoor het reeds in Januarie begin. Die tenoor, Willie Serfontein, het so vroeg as ’n jaar vóór die opvoering van

die *Matteus-passie* al aan die evangelis-gedeelte begin werk (2014:onderhoud). Marietjie Hesse het in 'n onderhoud van die begeesterde dirigeerstyl van Mathlener vertel. Sy het verder sy strengheid ten opsigte van die stiptelike nakoming van repetisietye, maar ook sy fyn humorsin en die inspirasie wat die studente tydens repetisies beleef het, in herinnering geroep (2014:onderhoud).

Mathlener het ter voorbereiding van die uitvoering van 'n koorwerk volgens sy seun, René, in 'n stoel gesit en aandagtig met oorfone op na 'n plaatopname van die betrokke werk geluister. Hy vertel verder in 'n onderhoud dat terwyl die opname speel, sy vader met geringe handbewegings in die rigting van die stem- en instrumentegroepe “gedirigeer” het soos hy dit voor sy geestesoog gesien het ten einde die intredes van stemme en instrumente, asook die frasering en fyn nuanses van die musiek in te oefen (Mathlener, 2014:onderhoud).

Soos in die geval van Mathlener se vertolking van orrelmusiek uit die Barokperiode kan daar aanvaar word dat hy die heersende uitvoeringspraktyke ten opsigte van Barokmusiek ook op die koor- en orkeswerke wat hy uitgevoer het, van toepassing gemaak het.

Musiek liefhebbers in die Pretoria-omgewing was alvorens die konserte wat die Konservatoriumkoor en -orkes aangebied het, oorwegend opera-aanhangers. Uitvoerings van koor- of instrumentale musiek het selde voorgekom. Troskie maak melding van die besondere plek wat die uitvoering van groot geestelike werke deur die Konservatoriumkoor en -orkes in die musieklewe van Pretoria ingeneem het en dat daardeur 'n groot leemte gevul is (1989:41).

2.6 Mathlener as kerkmusikus

Mathlener se betrokkenheid by die Raad vir Kerkmusiek van die NHK tydens die grootste deel van sy verblyf in Suid-Afrika lê ten nouste saam met sy oorspronklike roeping om die standaard van kerkmusiek in hierdie kerk te verbeter. Die bestudering van kerkmusiek van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Nederland het deel van sy musikale opleiding gevorm. Met hierdie agtergrond het hy die volgende leemtes ten opsigte van die toestand van kerkmusiek, nie net in die NHK nie, maar ook in Suid-Afrika as geheel, uitgewys:

- daar was nie eenvormigheid ten opsigte van gemeentesang nie;
- daar was nie 'n kerkmusiekskool waar orreliste en koorleiers opgelei kon word nie; en
- daar was nie 'n beheerliggaam wat die kwaliteit van orrelbou kon monitor nie (Groenewald, 1993:18).

Die inisiatief wat Mathlener in samewerking met enkele kerkleiers van die NHK aan die dag gelê het om bogenoemde kwessies aan te spreek, het uitgeloop op die stigting van die Raad vir Kerkmusiek op Vrydag, 25 Mei 1951 in Pretoria aan huis van mnr. J.H. Janson, die destydse administrateur van die NHK. Mathlener het vir die res van sy lewe as sekretaris van hierdie raad gedien (Groenewald, 1993:20).

Die doelstellings van die Raad vir Kerkmusiek was om die standaard van onder andere orrelspel tydens eredienste te verhoog, asook om kennis oor kerkmusiek by orreliste tuis te bring. Die vergestaltung van hierdie doelstelling sou uitloop op die stigting van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp op 23 Januarie 1954.

In Maart 1954 het die amptelike tydskrif van die NHK, naamlik *Die Hervormer* 'n artikel getiteld, *Kerkmusiekskool in Krugersdorp geopen, die enigste in die land* gepubliseer. In hierdie artikel het Ds. D.F. Erasmus die rede vir die totstandkoming van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp aangevoer met die volgende woorde wat Mathlener tydens sy openingstoespraak hieroor gelewer het (1954:17):

Die doel van die Kerkmusiekskool is om orreliste op te lei wat die taal van die musiek van die Kerk verstaan en vertolk.

S. Hofmeyr van der Merwe het in 'n artikel getiteld, *Kerkmusiek-skool van die Ned. Herv. Kerk van Afrika*, wat in November 1956 ook in bogenoemde tydskrif verskyn het, die hoofdoelstelling van hierdie skool gepromoveer (1956:5):

Die steeds dringender vraag na goed opgeleide orreliste dwing ons kerk om die opleiding kragdadig ter hand te neem en dis daarom dat ons Kerk vir sy lidmate fasiliteite skep wat amper enig in sy soort is.

In sy hoedanigheid as Sekretaris van die Raad vir Kerkmusiek het Mathlener sowat 200 orrels vir gemeentes van die NHK ontwerp. Hy het toesig gehou oor die installering en keuring van nuutgeboude instrumente en dikwels self tydens

inwydingsgeleenthedede die voltooide instrument bespeel. Hy het verder gemeentes geadviseer oor die aankoop en instandhouding van orrels (Troskie, 1989:42). In 'n onderhoud met sy seun, René, het dit aan die lig gekom dat sy vader by die meerderheid gemeentes waar daar 'n orrel gefinansier moes word, met 'n beperkte begroting te kampe gehad het. Hy het gevolglik besluit om eenheidsorrels vir gemeentes te ontwerp. Hierdie soort orrelontwerp berus daarop dat nie elke register sy eie reeks pype het nie, maar dat 'n aantal gelyksoortige registers een pypreeks deel. Volgens René is sy vader hieroor gekritiseer. Sodanige kritici verloor uit die oog dat waar fondse beperk was, hy deur die voorsiening van 'n eenheidsorrel, ten spyte van die beperkinge daarvan, tog aan orreliste die doeltreffendste opsie gebied het. Deur hierdie soort orrel kon die maksimum verskeidenheid registrasiemoontlikhede wat van die kleinste aantal pype gebruik maak, bewerkstellig word (Mathlener, 2014:onderhoud).

As kerkmusikus en afgevaardigde van die NHK het Mathlener op die Interkerklike Hersieningskommissie gedien wat op 29 September 1966 in Pretoria tot stand gekom het (Du Toit, 1983:134). Hierdie kommissie is die taak gestel om aandag aan die gebreke wat daar in die Psalm- en Gesangeboek wat vanaf Oktober 1944 in gebruik geneem is, te gee. Sodanige veranderinge sou 12 jaar later uitloop op die verskyning van die nuwe Psalm- en Gesangeboek in 1978.

Du Toit meld die volgende oor die omstandighede waaronder die hersieningswerk gedoen is (1983:137):

Die lede van die hersieningspaneel was almal professioneel werksaam. Die hersieningswerk moes dus op deelydse basis gedoen word. Daar is in hoofsaak na-uurs, naweke en in vakansietye gewerk.

Du Toit meld verder dat die personeel by die Konservatorium vir Musiek, Pretoria behulpsaam was met 'n gedeelte van die tegniese versorging van die manuskrip (1983:139).

Mathlener se grootste bydrae tot die hersiene Psalm- en Gesangeboek wat in 1978 verskyn het, is benewens melodiese wysigings, nuwe harmonisasies vir 41 Gesange asook die insluiting van vier nuutgekomponeerde korale, naamlik dié vir Psalms 7 en 11 en Gesange 246 en 278.

Benewens die harmonisasies wat in die *Koraalboek vir Psalms en Gesange* van 1978 ingesluit is, het Mathlener 'n verdere 159 harmonisasies vir Psalmmelodieë en 23 vir Gesangmelodieë verskaf. Marietjie Hesse noem in 'n onderhoud dat die harmonisering van Psalm- en Gesangmelodieë deel van die harmonie-oefeninge van die studente aan die Konservatorium vir Musiek, Pretoria was. Gevolglik is menige van die harmonisasies, waarvan sommige ook in die *Koraalboek* en in bundels wat Mathlener self uitgegee het, naamlik *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer* en *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* verskyn het, die werk van studente wat Mathlener nagesien en bygewerk het (Hesse, 2014:onderhoud).

In die huldeblyk wat oor Mathlener in *Die Hervormer* van 15 Mei 1996 verskyn het, beskryf dr. D.J.C. van Wyk sy invloed en bydrae tot die kerkmusiek in Suid-Afrika met 'n aanhaling wat voorheen in hierdie tydskrif verskyn het (1996:2):

Oor 'n tydperk van 30 jaar het Willem Mathlener 'n prominente rol in die kerkmusieklewe in Suid-Afrika gespeel. Hy is musikus van formaat en kenner van die Kerk se lied en musiek soos min ander in Suid-Afrika. Hy kon hom tussen die bekendste name op hierdie terrein in Suid-Afrika uitstekend handhaaf en kon vir al dié manne van faam die wêreld bitter moeilik maak – as hul feite of interpretasies mank was.

Die H.C.M. Fourie-erepenning is tydens die openingsaand van die 62ste Algemene Kerkraadvergadering van die NHK op 25 Junie 1989 in Pretoria aan Mathlener oorhandig (Troskie, 1989:41). Hierdeur is sy bydrae ten opsigte van die kerklied en kerkmusiek wat hy vir meer as 30 jaar in Suid-Afrika gemaak het, erken.

2.7 Mathlener as komponis

Mathlener se rol as komponis was 'n natuurlike uitvloeisel van sy hoedanigheid as kerkmusikus en musiekpedagoog. As kerkmusikus het hy oor die 400 koraalvoorspele en -variasies, korale en harmonisasies vir kerklike gebruik gelewer. As musiekpedagoog het hy sommige van sy koraalvoorspele en -variasies vir orrel, asook die meeste van sy meer as 50 klavierwerke spesifiek vir onderwysdoeleindes gekomponeer. Uit 'n totaal van 470 skeppings wat sy naam dra, is minder as tien uitsluitlik vir die konsertsaal of vir spesiale geleenthede bedoel. Hieronder kan die *Tocatta voor Orgel, opus 4*, die twee Sonatines vir klavier, asook *Ons Verenigingslied* gereken word.

Mathlener het van sy eie koraalvoorspele vir die eerste drie van ses orreleksamens van die Kerkmusiekskool in Krugersdorp voorgeskryf. Vir die eerste eksamen moes die student 'n seleksie van vyf Mathlener-koraalvoorspele vir die eerste afdeling en tien vir die tweede afdeling van die eksamen maak. Die koraalvoorspele kon uit Mathlener se bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* wat hy in 1955 gepubliseer het, gekies word. Twee moeiliker ongepubliseerde koraalvoorspele, naamlik *Tot U hef ek hart en hande* (Psalm 25) en *O God, verhoor nou my gebed...* (Psalm 64) is as keuse vir die tweede eksamen gestel. Vir die derde eksamen is nog twee, steeds moeiliker koraalvoorspele, ook ongepubliseer, naamlik *Kom, hef nou 'n lofsang aan* (Gesang 137) en *Wie maar op God wil werp sy sorge...* (Gesang 17) as keuse gestel (Groenewald, 1993:217–218).

Vanaf 1964 het Mathlener kort koraalvoorspele vir orrel, asook kort studiestukke vir klavier vir musiekwedstryde en snelstudiekompetisies wat by die Konservatorium vir Musiek, Pretoria aangebied is, voorberei (Groenewald, 1993:96). Margaret van der Vegt verduidelik in 'n onderhoud hoe die koraalvariasies van Mathlener ook in wedstryde vir orrelleerlinge gefigureer het. Indien enige van die koraalvariasies van Mathlener bestudeer word, kan gesien word dat hy die onderskeie variasies by elkeen van maklik na moeilik gerangskik het. Tydens 'n orrelwedstryd het die makliker variasies deel van die programme vir jonger musiekleerlinge uitgemaak en die moeiliker variasies deel van die programme vir ouer leerlinge. Hieruit kan afgelei word dat 'n stel koraalvariasies of -partita nooit as geheel vir orrelwedstryde voorgeskryf was nie (Van der Vegt, 2014:onderhoud).

Mathlener se seun, René vertel tydens 'n onderhoud dat sy vader hoofsaaklik by 'n lessenaar gesit en komponeer het in teenstelling tot die gebruik om deurgaans by 'n klavier of orrel te komponeer. Hy onthou verder dat sy vader eers na 'n aansienlike lang tydperk van arbeid van die lessenaar af sou opstaan wanneer hy 'n nuutgekomponeerde passasie by die klavier wou gaan uittoets alvorens hy met die komposisie sou voortgaan (Mathlener, 2014:onderhoud).

Die meerderheid van Mathlener se komposisies toon 'n oorwegend polifoniese tekstuur en 'n diatoniese tonaliteit. In sy BMus(Hons)-skripsie beskryf Godschalk die komposisies van Mathlener soos volg (1981:25–26):

Die styl waarin Mathlener skryf is 'n konvensionele styl, wat egter soms 'n neiging na die Jan Zwart styl vertoon. (Sien in “Vyftig Koraalvoorspele” byvoorbeeld die voorspel tot Ps. 24 en Ps. 36 en die Partita oor “Kom herwaarts getroues”). Selde raak dit egter so oorgevoelig soos die werke van Jan Zwart.

Ten spyte van die vermeende ooreenkoms wat daar in die skryfstyl van Mathlener en die Nederlandse orrelis en improvisator, Jan Zwart (1877–1937) volgens bogenoemde aanhaling bestaan, het René Mathlener in 'n onderhoud vertel dat sy vader hom eerder van die komposisiestyl van Zwart wou distansieer. Mathlener was gekant teen die oordadige gevoelsmatigheid wat Zwart deur die uitermatige gebruik van chromatiek in sy werke bewerkstellig het. Die oorwegend akkordale skryfstyl van Zwart kontrasteer met die kontrapuntale tekstuur waardeur Mathlener se komposisies gekenmerk word. Volgens René Mathlener het sy vader die musiek van 'n ander Nederlandse komponis, naamlik Cornelis de Wolf (1880–1935) veel hoër geag en meermale vertel dat die oorwegend diatoniese en kontrapuntale karakter van die werke van hierdie komponis hom geïnspireer het en sy eie komposisiestyl beïnvloed het (Mathlener, 2014:onderhoud).

Mathlener het 'n komposisiestyl waar daar 'n diatoniese tonaliteit met 'n polifoniese tekstuur gekombineer word, as die mees geskikte styl vir kerkmusiek beskou. 'n Kontrapuntale skryfwyse is reeds eeuelank 'n hoofkenmerk van liturgiese musiek, gevolglik het Mathlener hom daarop toegelê om sy vaardigheid in hierdie skryfwyse optimaal te ontwikkel.

Margaret van der Vegt sê dat toe Mathlener die meeste van sy komposisies tydens die sestiger- tot sewentigerjare gepubliseer het, tydgenootlike komponiste in Suid-Afrika asook wêreldwyd die wagwoord: “hoe meer dissonant hoe beter”, gehandhaaf het. Sy vertel verder dat indien 'n komponis van hierdie periode nie uitermatige dissonante musiek gekomponeer het nie, so 'n komponis nie hoog na waarde geskat is nie (2014:onderhoud). Alhoewel daar nêrens kritiek teen Mathlener se hoofsaaklik diatoniese, konvensionele komposisiestyl opgeteken is nie, is dit moontlik dat daar op hom as komponis neergesien is vanweë die gebrek aan twintigste eeuse komposisiegebruike in sy werke, asook vanweë sy neiging om elemente en tegnieke uit 'n vorige styltydperk soos die Barokperiode na te boots.

Alhoewel dissonansie en 'n atonale skryfwyse die boustene vorm van die oorgrote meerderheid musiek wat in die twintigste eeu gekomponeer is, het Mathlener as kerkmusikus besef dat hierdie skryfwyse nie vir musiek wat vir die erediens gekomponeer moet word, geskik sou wees nie. Die term “Gebrauchsmusik” blyk 'n gepaste term te wees om die musiek van Mathlener te beskryf aangesien hy 'n spesifieke doel vir die gebruik van die meeste van sy komposisies voor oë gehad het, naamlik:

- dat sy koraalvoorspele, -variasies en -partitas gebruik kan word om 'n gemeente op 'n lied wat tydens die erediens gesing gaan word, voor te berei;
- dat sy kort studiestukke vir klavier en orrel gebruik kan word om 'n spesifieke tegniek by die musiekleerling van hierdie twee instrumente tuis te bring; en
- dat sy vokale werke gekomponeer is om by spesifieke geleenthede opgevoer te word.

Mathlener het ingesien dat die heersende tendens van die uitermatige gebruik van dissonansie in nuutgekomponeerde musiek nie aanklank sou vind by diegene vir wie sy musiek bedoel is, naamlik kerkgangers of musiekleerlinge nie. Atonaliteit en dissonansie sou derhalwe afbreuk doen aan sy ideaal om “Gebrauchsmusik” te lewer.

Alhoewel daar geen opinie van Mathlener self oor twintigste-eeuse musiek opgeteken is nie, kan daar uit die leerplanne van die Konservatorium vir Musiek asook in die programme van studenteoptredes van hierdie instansie gesien word dat hy relatief min aandag aan hierdie musiek in vergelyking met musiek van ander stylperiodes gegee het. Hy het tog enkele kere as komponis met twintigste-eeuse styl-elemente geëksperimenteer. Die eerste van drie verwerkings, getiteld *Psalms 42:1* wat in die tweede bundel van die reeks *Liturgiese Orrelmusiek (LOM)* gepubliseer is, asook die *Tocatta voor Orgel, opus 4* en die *Sonatine voor piano, opus 7* kan as voorbeelde hiervan dien.

Mathlener se innerlike dryfveer tot die skep en beoefening van musiek kom na vore in 'n artikel getiteld, *Waarom 'n Kerkmusiek-skool?* wat in Mei 1954 in 'n tydskrif van die NHK, naamlik *Die Christelike Vrou* gepubliseer is (1954:10):

Daarom moet begin word om die orreliste op te lei tot waardige amptenare in diens van die Here, daarom moet hulle eers self leer om die talent wat hulle van God verniet gekry het aan te wend tot Sy eer. Hulle moet geleer word dat die geheim van Bach se genie gevind kan word in sy kinderlike geloof. Vir Bach was die musiek nie die weg na eer en roem vir homself nie maar die eenvoudige gryse “Thomas-Cantor” het in sy musiek sy geloofshoop en geloofsvertroue uitgesing.

Alhoewel dit in bogenoemde aanhaling skyn of Mathlener die rol van die musikus in ’n groot mate vergeestelik het, kom dit tog aan die lig hoe sy eie geloofsoortuiging bepaal het hoe hy homself as komponis en uitvoerende musikus uitgeleef het en hoe hy wou hê dat ander musici hulleself behoort te bejeën.

Interessantheidshalwe kan hier genoem word watter opinie Mathlener oor Nederland gehad het nadat hy en sy seun, René die land na ongeveer 25 jaar weer besoek het. René Mathlener vertel dat sy vader ondanks die gunstiger geleenthede tot musiekbeoefening wat Nederland gebied het, hy homself glad nie daar sou kon tuisvoel indien hy daarheen sou terugkeer nie. Mathlener was diep getref deur die grootskaalse ontkerstening wat daar sedert sy vertrek plaasgevind het. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die moontlikheid om sy roeping as musikus onder sulke omstandighede uit te leef, ondenkbaar sou wees (Mathlener 2014:onderhoud).

HOOFSTUK 3

Willem Mathlener: 'n bespreking van sy komposisies

3.1 Inleiding

Die komposisies van Willem Mathlener sal na gelang van die volgorde waarin dit in die katalogus (Bylae C) gerangskik is, bespreek word, naamlik:

- oorspronklike korale;
- koraalharmonisasies;
- koraalvoorspele, -variasies en -partitas wat in eenhede, naamlik gepubliseerde bundels of onder een opusnommer voorkom;
- orrelwerke vir onderwysdoeleindes;
- losstaande koraalvoorspele, hetsy gepubliseer of ongepubliseer;
- orrelwerke wat nie op 'n koraalmelodie gebaseer is nie;
- klavierwerke;
- vokale werke; en
- werke waarvan die bestaan deur ontbrekende opusnommers geïmpliseer word.

Die bespreking van die komposisies van Mathlener het op die insameling en raadpleging van afskrifte van die komposisies berus. Die lys werke van hierdie komponis soos wat dit in die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAME)* opgeteken is, het etlike titels van komposisies getoon waarvan daar nie afskrifte opgespoor kon word nie. In 'n onderhoud met Mathlener se seun, René, het dit aan die lig gekom dat dit onduidelik is of sy vader afskrifte van sy komposisies aan die samestellers van bogenoemde ensiklopedie verskaf het en of hy slegs 'n lys van sy komposisies verskaf het maar geen afskrifte hierby ingesluit het nie (Mathlener, 2014:onderhoud).

Aangesien *SAME* in opdrag van die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) saamgestel is, het die skrywer 'n soektog na komposisies van Mathlener by hierdie instansie geloods. In 'n artikel getiteld, *RGN-skuif 'groot skok' Nienaber* wat in *Beeld*, gedateer 29 November 1991 verskyn het, het prof. P.J. Nienaber, die afgetrede Direkteur van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en

Navorsingsentrum (NALN), soos volg oor die skuif van die RGN-versameling berig (1991:s.b.):

DIT is met 'n groot skok dat ek in Kalender van 22 Oktober verneem het die RGN-versameling van manuskripte, tydskrifte, foto's, boeke, ensovoorts oor die Suid-Afrikaanse literatuur, musiek en teater gaan nou na die Staatsargief oorgeplaas word. Dat die verskuiwing van hierdie kosbare en onvervangbare skat gedoen word sonder dat die skenkers geraadpleeg is en sonder dat daar met ander bewaringsinstellings oorleg gepleeg is, laat my stom.

Die soektog na komposisies van Mathlener is in die Staatsargief, ook bekend as die Nasionale Argief voortgesit. Anders as wat verwag is, het die soektog hier net drie werke opgelewer, naamlik die *Variasies oor Psalm 116*, die *Prelude en Fuga oor Psalm 65* en die *Variasies oor Psalm 96*. Al drie hierdie werke was reeds in besit van die skrywer.

3.2. Oorspronklike korale

Mathlener het vier oorspronklike korale vir die *Koraalboek* van 1978 gekomponeer, naamlik Psalms 7 en 11 en Gesange 246 en 278. Met die uitgee van die *Koraalboek* in 1978 is daar met 'n groot aantal melodieë van Suid-Afrikaanse komponiste, beter bekend as "Voortrekkerwysies" weggedoen. Slegs enkele geliefde melodieë is behou. Tot en met 1978 was die kerkgaande gemeenskap met die melodie van P.K. de Villiers vir Psalm 7 soos dit in die *Koraalboek* van 1956 verskyn, bekend. Met die verskyning van die *Koraalboek* in 1978 is die melodie van De Villiers vir hierdie Psalm vervang met die nuutgekomponeerde melodie van Mathlener.

Die koraal vir Psalm 7 is in die ongewone toonaard van F-kruis mineur gekomponeer. Die afwesigheid van E-kruis gee aan die musiek 'n modale karakter. Hierdie tonaliteit blyk meer geskik te wees vir die gedempte karakter van die teks van Psalm 7 as die G majeure melodie van De Villiers. Deur 'n koraalmelodie met 'n modale karakter te komponeer, gee Mathlener gehoor aan die wens van die samestellers van die *Koraalboek* (1978:s.b):

Daar is geprobeer [sic] om die melodieë te harmoniseer in die styl van die tydperk waarin hulle ontstaan het. Melodieë uit die 16de eeu en dié wat in die styl daarby probeer aansluit, is modaal geharmoniseer.

'n Vraag sou kon ontstaan waarom die gebruik van die toonaard, F-kruis mineur gebruik word, en of die omliggende toonaarde van E, F of G mineur nie meer geskik sou gewees het nie. 'n Koraal in F mineur sou waarskynlik te moeilik vir die gemiddelde orrelis wees om van die blad te speel vanweë die gebruik van 'n toonaard met vier skuiftekens. Korale met meer as drie skuiftekens as toonsoortteken is nêrens in die *Koraalboek* van 1978 te vinde nie. Die korale in A-mol majeur van P.K. de Villiers vir Psalms 2, 4 en 18 is met ander melodieë vervang. In die voorwoord van die *Koraalboek* van 1978 kan die volgende omtrent koraalharmonisasies gelees word (*Koraalboek* 1978:s.b.):

Daar is besluit dat die harmonisasies meerdoelig van aard moet wees: By die samesang moet dit sterk ondersteuning aan die gemeente bied, hulle moet betreklik eenvoudig wees sodat die gemiddelde orrelis hulle maklik kan baasraak.

Hierdie stelling kan eweneens op die keuse van toonaarde en die lees van toonsoorttekens van toepassing wees.

Wanneer daar spesifiek na die omvang van Mathlener se melodie vir Psalm 7 gekyk word, word dit duidelik waarom F-kruis mineur die ideale toonaard is om te gebruik. Die melodielyn van hierdie nuutgekomponeerde koraalmelodie strek oor 'n omvang van meer as 'n oktaaf. By koraalmelodieë van só 'n wye omvang is dit belangrik dat die laagste en hoogste note hulle steeds leen tot gemaklike gemeentesang. Voorbeeld 1 toon beide die laagste en hoogste note van die melodie in die toonaard van F-kruis mineur, sowel as wat die omvang in omliggende toonaarde sou wees:

Voorbeeld 1: Mathlener, *Psalm 7*, laagste en hoogste note van die melodie



The image shows a musical staff with four segments, each representing a different key signature. Each segment contains two notes: a lower note and a higher note. The keys are labeled below the staff: 'in F-kruis mineur', 'in E mineur', 'in F mineur', and 'in G mineur'. The notes are positioned on the staff to show their relative positions across the different keys.

By voorbeeld 1 poog die skrywer dat die leser self sal oordeel of die note gemaklik singbaar is. Daar kan uit die voorbeeld afgelei word dat indien die koraal in E mineur gekomponeer sou gewees het, die sopraanstem ietwat aan die lae kant sou moes beweeg met die noot B. Die gebruik van F mineur is reeds buite oorweging gelaat vanweë die toonsoortteken, dus bly G mineur oor as 'n moontlikheid. Indien die koraal in G mineur geskryf sou gewees het, sou dit moontlik net so geskik gewees

het as in F-kruis mineur omdat die hoë E-mol naby genoeg aan die hoë D lê wat algemeen as 'n hoë melodienoot in gemeentesang voorkom.

'n Alternatiewe harmonisasie vir Mathlener se melodie van Psalm 7 kom in die begeleiersboekuitgawes van die *Liedboek van die Kerk* (2001:s.b.) en die *Psalmboek* (2003:28) voor. Mathlener se seun, René W. Mathlener, het die harmonisasie behartig. Met hierdie harmonisasie word daar gepoog om die “tactus minor”-polsslag, naamlik dié van twee halfnote per maat, ♩ oftewel $\frac{2}{2}$, duideliker na vore te bring as in die harmonisasie in die *Koraalboek* van 1978. Dit word bewerkstellig deur die harmoniese ritme deurgaans in halfnote in plaas van kwartnote te hou. Voorbeelde 2 en 3 illustreer die verskil tussen die twee harmonisasies in die eerste twee versreëls van hierdie Psalm:

Voorbeeld 2: Mathlener, *Psalm 7*, versreëls 1 en 2, harmonisasie: *Koraalboek*, 1978



Heer, my God, by wie ek skui-ling, red-ding soek my teen-par-ty

(Uit: *Koraalboek vir Psalms en Gesange*, 1978:s.b.)

Voorbeeld 3: Mathlener, *Psalm 7*, versreëls 1 en 2, harmonisasie: R.W. Mathlener



Heer, by U soek ek besker-ming. Red my van vervolgers, Heer.

(Uit: J.P. Bingle et al. (red.), *Psalmboek*, p. 28)

Alhoewel Mathlener die melodie van Psalm 11 oorspronklik gekomponeer het, was die redaksie van die *Koraalboek* van 1978 vir die harmonisasie van hierdie melodie, soos dit in die genoemde bundel verskyn, verantwoordelik. Mathlener se harmonisasie van hierdie Psalmmelodie kan in die bundel getiteld, *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer* gevind word. Verskille tussen hierdie twee harmonisasies word

in paragraaf 3.3.1, waar die koraalharmonisasies van Mathlener bespreek word, uitgewys.

Mathlener het 'n oorspronklike koraal vir die beryming van die Geloofsbelydenis wat as Gesang 246 in die *Koraalboek* van 1978 verskyn, gekomponeer. Hierdie melodie is as alternatiewe melodie vir Gesang 246 in die *Koraalboek* geplaas. Die Suid-Afrikaanse komponis, Hubert du Plessis (1922–2011) het die eerste melodie vir hierdie Gesang gekomponeer. Hierin maak Du Plessis van heelwat deurgangsnote tussen opeenvolgende akkoorde asook chromatiek gebruik. Hierdie elemente verleen 'n ryk kleur aan die koraal, maar helaas kan dit bydra tot 'n verhoogde tegniese standaard wat van beide gemeentelede en begeleiers in die uitvoer van hierdie koraal vereis word. Dit is te betwyfel of Du Plessis met hierdie koraal reg laat geskied aan die wens van die redaksie van die *Koraalboek* van 1978 wat betref die eenvoud van koraalharmonisasies.

In teenstelling met die koraal van Du Plessis is die koraal van Mathlener vir Gesang 246 heelwat eenvoudiger wat die uitvoerbaarheid daarvan betref. In die koraal van Mathlener kom ongeveer die helfte minder chromatiek en deurgangsnote as in die koraal van du Plessis voor.

Mathlener se koraal wat in die *Koraalboek* van 1978 as vir Gesang 278 gekomponeer is, is uniek in dié sin dat daar geen alternatiewe koraal of melodie van 'n ander komponis vir hierdie Gesang bestaan nie. Met hierdie koraal beantwoord Mathlener op tweërlei wyses aan die vereistes van die redaksie van die *Koraalboek* van 1978, deurdat sy gebruik van harmonie relatief eenvoudig is en 'n modale karakter toon. Die modale karakter is die duidelikste hoorbaar aan die einde van hierdie koraal. In die toonaard van G mineur laat Mathlener by die slotkadens 'n D mineur- in plaas van 'n D majeur-akkoord as dominant na die tonika, 'n G mineur-akkoord, oplos.

In voorbeelde 4 en 5 kan gesien word dat hierdie koraal 'n subtiele ooreenkoms met die melodie *Mon Dieu, preste-moy l'aureille* van Guillaume Franc (1500–1570) toon. Hierdie melodie wat in die *Koraalboek* van 1978 vir Psalms 77, 86 en 102 gebruik word is ook in G mineur gekomponeer:

Voorbeeld 4: Mathlener, *Gesang* 278, versreëls 1–4, sopraanstem



(Uit: *Koraalboek vir Psalms en Gesange*, 1978:s.b.)

Voorbeeld 5: *Psalm* 86, versreëls 1–4, sopraanstem



(Uit: *Koraalboek vir Psalms en Gesange*, 1978:s.b.)

Die korale vir beide *Gesange* 246 en 278 van Mathlener wat in die *Koraalboek* van 1978 gepubliseer is, kom nie in die *Liedboek van die Kerk* van 2001 voor nie.

3.3 Koraalharmonisasies

3.3.1 Algemene kenmerke

Die koraalharmonisasies van Willem Mathlener word in drie gepubliseerde bundels aangetref, naamlik:

- *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer* (die alternatiewe naam vir dieselfde bundel is *Harmonisasies op 150 Psalms*), uitgegee deur die Konservatorium vir Musiek in 1975;
- *Koraalboek vir Psalms en Gesange*, uitgegee deur N.G. Kerk-Uitgewers in 1978; en
- *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*, uitgegee deur die Raad vir Kerkmusiek in 1978.

Godschalk (1980:25) beweer dat die oorgrote meerderheid werke van Mathlener uit kort koraalvoorspele bestaan. 168 Outentieke koraalvoorspele en ander koraalbewerkings is in die katalogus van die werke van Mathlener (Bylae C) gelys. Indien daar na die aantal koraalharmonisasies van Mathlener gekyk word, oorskry dit die aantal koraalvoorspele en -bewerkings. Nie minder nie as 223 harmonisasies vir *Psalms en Gesange* is in die katalogus van die werke van Mathlener opgeneem. In die katalogus strek die koraalharmonisasies vanaf WMW 1 tot 227. Dit laat die vraag

ontstaan waarom die koraalharmonisasies nie net tot by WMW 223 strek nie en watter vier werke hierby ingesluit is. Die bykomende vier katalogusinskrywings is die vier oorspronklike korale wat Mathlener vir Psalms 7 en 11 en Gesange 246 en 278 volgens die Gesangnummers in die *Koraalboek* van 1978 gekomponeer het.

Alhoewel hierdie vier korale streng gesproke nie tot die genre koraalharmonisasies hoort nie, is hulle tóg saam met hierdie genre in die katalogus gelys en wel volgens stygende volgorde van Psalm- en Gesangnummers. Aangesien hierdie vier korale in bundels gepubliseer is, word die gebruik om werke volgens genre te rangskik, opgehef deur die werke te rangskik soos wat dit mekaar in 'n gepubliseerde bundel opvolg.

Indien enige koraalharmonisasie ondersoek word, kom daar gereeld in die opeenvolging van twee of meer akkoorde 'n gemeenskaplike noot in die alt-, tenoor- of basstem voor. Voorbeeld 6 toon aan hoe hierdie gemeenskaplike noot in die harmonisasies van die *Koraalboek* van 1978 as 'n herhaalde noot geskryf word. So 'n harmonisasie sou dan uit 'n reeks blokakkoorde bestaan waarvan al vier stemme konstant dieselfde nootwaarde het:

Voorbeeld 6: *Psalm 11*, versreël 1



Ek skuil by God, in al my on-weers - da - e.

(Uit: *Koraalboek vir Psalms en Gesange*, 1978:s.b.)

In teenstelling tot die gebruik in die *Koraalboek* skryf Mathlener 'n gemeenskaplike noot wat in die begeleidingstemme van twee of meer opeenvolgende akkoorde voorkom, slegs as 'n enkelnoot en nie as herhaalde note nie. Indien 'n gemeenskaplike noot langer as 'n gepunteerde heelnoot duur, word dit of oorgebind of weer geskryf soos wat in die altstem van voorbeeld 7 gesien kan word.

Voorbeeld 7 Mathlener, *Psalm 11*, versreël 1



Ek skuil by God in al my on-weers-da - e.

(Uit: W. Mathlener, *Harmonisasies op 150 Psalms*, s.b.)

Hierdie skryfwyse word regdeur al die koraalharmonisasies van Mathlener gehandhaaf. Dit laat sy harmonisasies op die oog af ietwat ingewikkelder as dié in die *Koraalboek* van 1978 vertoon, maar indien dit op 'n orrel uitgevoer word, is die egalige akkoordvloei wat deur die aangehoue note van die tussenstemme bewerkstellig word, duidelik hoorbaar.

Die gebruik van chromatiek kan die eintlike rede wees waarom Mathlener se harmonisasies moontlik ingewikkelder kan wees as die oorwegend diatoniese harmonisasies van ander musici wat aan die *Koraalboek* van 1978 meegewerk het. Mathlener wend chromatiese note egter nooit oordadig aan nie. Chromatiek word oorwegend in die volgende twee vorme aangetref:

- as chromatiese deurgangsnote; en
- as die terts in tussendominante.

Die herhaling van 'n versreël of gedeelte daarvan kom nie soseer in die Geneefse melodieë voor nie, maar wel in 'n groot mate by menige Duitse Gesange. Mathlener spits hom konsekwent daarop toe om enige herhaling van 'n melodiese fragment verskillend te harmoniseer as by die eerste verskyning daarvan. Die gebruik van 'n tussendominant verskyn dikwels in die harmonisasie van 'n tweede of derde verskyning van 'n versreël of melodiese fragment. Die resultaat is dat die hoorder by die oomblik van die tussendominant 'n interessante wending in die verloop van die musiek ervaar.

3.3.2 *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer*

Die bundel waarin die 150 Psalms deur Mathlener geharmoniseer is, het in twee verskillende weergawes in besit van die skrywer gekom. Die eksemplaar van hierdie bundel soos wat dit in die F.Z. van der Merwe-musiekversameling aangetref is, is getiteld *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer*. Die ooreenstemmende bundel soos wat dit in die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika voorkom, is getiteld *Harmonisasies op 150 Psalms*. Behalwe die verskille in die bewoordinge van die titels, kom daar bykomende handgeskrewe harmonisasies vir ses Psalms in die eksemplaar van die NHK argief voor, naamlik vir Psalms 7, 18 (eerste melodie), 21, 31 (tweede melodie), 107 (tweede melodie) en 146. By nadere ondersoek het dit aan die lig gekom dat hierdie handgeskrewe toevoegings die werk van die Nederlands-gebore Suid-Afrikaanse orrelis en komponis, Henk Temmingh is. Geen handgeskrewe toevoegings kom in die eksemplaar van die F.Z. van der Merwe-musiekversameling voor nie. In die eksemplaar in die argief van die NHK is die handgeskrewe Temmingh-harmonisasies van Psalms 7, 31 en 107 elk van 'n kort inleiding voorsien.

Alhoewel daar volgens die titel altesaam 150 Psalms geharmoniseer is, verskyn daar 159 verskillende harmonisasies in die bundel, *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer*. Die rede hiervoor is dat sommige Psalms soos Psalm 8, 9, 31, 40, 90, 91 en 107 elk twee melodieë het wat albei deur Mathlener geharmoniseer is.

Mathlener het die gebruik dat waar daar een melodie vir twee of meer Psalms gebruik word, die Psalms verskillend geharmoniseer behoort te word, streng toegepas. By harmonisasies van Psalms wat melodieë deel is daar 'n subtitel tussen hakies by die titel van die Psalmharmonisasie gevoeg. Hierdie subtitel dui al die ander Psalms aan wat ook van die betrokke melodie gebruik maak. Die titel vir die harmonisasie van byvoorbeeld Psalm 12 sien soos volg daaruit: *Psalm 12 (ook Ps. 88)*. Let daarop dat die harmonisasie van Psalm 88, wat inderdaad van dié van Psalm 12 verskil, op sy beurt soos volg getiteld is: *Psalm 88 (ook Ps. 12)*. Hierdie titelbewoording is regdeur die bundel op harmonisasies van Psalms met ooreenstemmende melodieë toegepas. 'n Treffende voorbeeld van hierdie gebruik van Mathlener kan gevind word in die vier verskillende harmonisasies van die

koraalmelodie, *La terre au Seigneur appartient* van Guillaume Franc wat vir Psalms 24, 62, 95 en 111 gebruik is.

In sy harmonisasies van Psalmmelodieë wat oorspronklik sonder maatstrepe geskryf is, byvoorbeeld die Geneefse melodieë, handhaaf Mathlener in *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer* die gebruik deur die onderskeie versreëls met maatstrepe te skei. By Psalmmelodieë waar daar oorspronklik wel maatstrepe gebruik is, soos by die melodieë van Suid-Afrikaanse komponiste, gebruik Mathlener 'n komma om die versreëls te skei.

3.3.3 Die *Koraalboek* van 1978 en die *Liedboek van die Kerk* van 2001

Mathlener het 64 van die 353 Gesange in die *Koraalboek* van 1978 geharmoniseer. Nege-en-dertig van hierdie harmonisasies is in die *Koraalboek* opgeneem, twee is ongepubliseer en in handgeskrewe formaat beskikbaar (Gesange 54 en 55) en die oorblywende 23 is in die bundel, *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* gepubliseer. In die *Koraalboek* dui die aanduiding, "(Harmonisasie: Raad vir Kerkmusiek, Ned. Herv. Kerk van Afrika)" die Gesange aan wat Mathlener geharmoniseer het.

Mathlener het die reël dat 'n koraalmelodie wat vir meer as een Psalm gebruik word, verskillend geharmoniseer behoort te word, ook op Gesange van toepassing gemaak. Die harmonisasie van Gesang 4 in die *Koraalboek* van 1978 verskil van die harmonisasies van Psalms 36 en 68 soos wat hulle in die bundel *Die 150 Psalms, nuut geharmoniseer* voorkom. Gesang 4, tesame met Psalms 36 en 68 is almal op die oorspronklike melodie *Es sind doch selig alle die* van Mathias Greiter (ca. 1495–1550) gebaseer.

Tien koraalharmonisasies van Mathlener wat in die *Koraalboek* van 1978 voorkom, is in die *Liedboek van die Kerk* van 2001 opgeneem. Die linker kolom van tabel 1 toon die Gesangnommer van elk van die tien koraalharmonisasies soos wat dit in die *Koraalboek* van 1978 voorkom en die regter kolom dui die liednommer saam met die titel van dieselfde koraalharmonisasie soos wat in die *Liedboek van die Kerk* van 2001 aangetref word.

Tabel 1: Titels van die tien Mathlener-harmonisasies in die *Koraalboek* van 1978 vergeleke met hulle korresponderende liednommers en titels in die *Liedboek van die Kerk* van 2001

Titel van koraalharmonisasie in die <i>Koraalboek</i> van 1978	Nommer en titel van koraalharmonisasie in die <i>Liedboek van die Kerk</i> van 2001
Gesang 15	459 <i>Ons Vader, alles in die lewe</i>
Gesang 26	570 <i>Ure, dae, maande, jare</i>
Gesang 29	573 <i>Ruwe strome breek in woede</i>
Gesang 70	595 <i>Ons wag op U, o Seun van God</i>
Gesang 102	498 <i>Hy wat glo</i>
Gesang 138	416 <i>Jesus het die dood deurbreek</i>
Gesang 143	256 <i>Laat klink die boodskap</i>
Gesang 147	590 <i>Het jy gehoor dat eenmaal</i>
Gesang 211	523 <i>Goddelike liefdebande</i>
Gesang 314	289 <i>Jesus, Heer, op wie ons hoop</i>

3.3.4 Harmonisasies in die bundel, *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*

Die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*, bestaan uit 30 Gesang-harmonisasies volgens Gesangnommers van die *Koraalboek* van 1978 en 30 koraalvoorspele vir hierdie Gesange. Sewe van die harmonisasies in hierdie bundel is ook in die *Koraalboek* van 1978 opgeneem.

Die bundel is onder andere saamgestel uit koraalvoorspel en -harmonisasiepare wat vroeër in Boeke 4 en 5 van die werke van Mathlener, soos uitgegee deur die Raad vir Kerkmusiek, verskyn het. Die koraalvoorspel en -harmonisasiepare in Boeke 4 en 5 is gebaseer op Gesangnommers wat aan Gesange toegeken is tydens die proefstadium van die *Koraalboek* in 1976. Twee jaar later, toe die finale vorm van die *Koraalboek* verskyn het, is die Gesange hernommer. Dít het daartoe gelei dat Boeke 4 en 5, wat van uitgedateerde Gesangnommers gebruik gemaak het, nie langer uitgegee is nie, maar vervang is met die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*. *Boek 4* het bestaan uit 'n voorspel en harmonisasiepaar vir tien Gesange vir die Lydenstyd. *Boek 5* het op sy beurt bestaan uit 'n voorspel en

harmonisasiepaar vir vyf Gesange vir Advent en vyf Gesange vir Kersfees. Die inhoud van Boeke 4 en 5, saam met nog tien ander voorspel en harmonisasiepare vorm gesamentlik 30 voorspel en harmonisasiepare wat derhalwe onder die nuwe titel, naamlik *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* uitgegee is. In paragraaf 3.9 toon tabelle 2 en 3 die oorspronklike titels van die komposisies soos wat dit in Boeke 4 en 5 voorgekom het en waarna dit in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* verander is.

Die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* is só geset dat die koraalvoorspel van 'n Gesang telkens op die linker bladsy val en deur die harmonisasie van die Gesangmelodie op die regter bladsy gevolg word. Enkele uitsonderings vind by Gesange 81 en 141 plaas deurdat die voorspel of die harmonisasie weens die lengte daarvan oor twee bladsye strek. Daar het 'n fout tydens die drukwerk van die bundel ingeglip wat daartoe gelei het dat die harmonisasies vir Gesange 101 en 106 per ongeluk vóór hulle koraalvoorspele beland het.

Die gebruik van die skrywer om die komposisies van Mathlener volgens opeenvolging in 'n bundel, eerder as volgens genre in die katalogus te rangskik, is vir die komposisies in *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* tydelik opgehef. Die katalogus van die werke van Mathlener neem 'n aanvang met Psalmharmonisasies gevolg deur Gesangharmonisasies, beide volgens stygende Psalm- en Gesangnummers. Hierna is die koraalvoorspele gekatalogiseer. Daar is gepoog om die Gesangharmonisasies in stygende volgorde te hou tot by die laaste Gesangnummer alvorens daar met die katalogisering van werke van 'n ander genre voortgegaan is. Hierdie besluit het noodwendig meegebring dat die komposisies in *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* wat uit koraalvoorspele sowel as koraalharmonisasies bestaan, in die katalogus volgens genre geskei is.

Mathlener se harmonisasies van die koraalmelodieë in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* wissel van die gebruik van suiwer diatoniese harmonie tot by die uitermatige gebruik van chromatiek. Laasgenoemde gebruik kan in sy harmonisasie van Gesang 35 gesien word. Hubert du Plessis (1922–2011) het die eerste melodie van Gesang 35, soos wat dit in die *Koraalboek* van 1978 verskyn, gekomponeer. In twee van die vyf versreëls gebruik Du Plessis chromatiese

harmonie in die vorm van vergrote sekstakkoorde wat aan die musiek van die versreëls waarin dit voorkom 'n opmerklike gekruide kwaliteit verleen. Asof dit nie genoeg is nie, word daar in die harmonisasie van Mathlener vir hierdie Gesangmelodie ten minste *twee tot selfs vier* chromatiese akkoorde binne *elk* van die vyf versreëls aangetref. Die resultaat is dat die harmonisasie só van chromatiese akkoorde deurtrek is dat dit die gevaar loop om deur gemeentelede as “vreemd” en daarom “onsingbaar” beskou te word.

In teenstelling met die veelvuldige gebruik van chromatiek in Gesang 35, word suiwer diatoniese harmonie vir die harmonisasie van Gesang 117 gebruik. Die enigste uitsonderings kom voor by die harmonisasie van twee G-kruise wat in die sopraanstem op die voorlaaste tellings van versreëls twee en vier aangetref word. Hierdie G-kruise is chromatiese melodienote wat oorspronklik deel is van die D majeur koraalmelodie, *Jesu, meines Lebens Leben* van Wolfgang Wessnitzer (1629–1697). Vir die harmonisasie van hierdie G-kruise berus Mathlener op die eenvoudigste keuse moontlik, naamlik 'n E majeur akkoord as tussendominant voor die diatoniese A majeur akkoord.

Dit is opvallend dat Mathlener se harmonisasie van Louise Buys se koraalmelodie van Gesang 78 (1974) heelwat eenvoudiger is as die harmonisasie van Buys self. Buys het dit ten doel gestel om soveel moontlik opeenvolgende akkoorde met deurgangsnote te verbind ten einde 'n konstante trapsgewyse beweging van die alt-, tenoor- en basstemme te bewerkstellig. Die gevolg is dat hierdie stemme met deurgangsnote in agtstes deurtrek is. Die koraal vertoon met die eerste aanskoue daarvan gevolglik heelwat moeiliker as meeste ander korale indien dit van die blad gespeel moet word. Orreliste wat voel dat hulle nie oor die nodige bladlesvaardighede beskik nie, kan moontlik deur hierdie koraal die skrik op die lyf gejaag word. Mathlener het daarenteen hierdie koraalmelodie van Buys sonder die gebruik van enige deurgangsnote geharmoniseer. Verder word slegs diatoniese in plaas van chromatiese harmonie vir sy harmonisasie van hierdie koraal gebruik. Deur die harmonisasie so eenvoudig moontlik te hou, slaag Mathlener daarin om die fokus eerder op die melodie as die harmonie te plaas. Dit sou vir diegene wat hierdie relatief onbekende melodie wil instudeer tot voordeel strek. Tog is Mathlener se harmonisasie van Gesang 78 nie in die *Koraalboek* van 1978 opgeneem nie. 'n

Oudkerklike melodie *Veni Immanuel* (1856) van T. Helmore is as alternatiewe melodie vir hierdie Gesang gekies.

Mathlener se harmonisasie van die Kersgesang *Warum sollt ich mich denn grämen* van Johann Georg Ebeling (1637–1676), oftewel Gesang 102 is een van die sewe harmonisasies wat in beide bundels, *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* en die *Koraalboek* van 1978 voorkom. Dit is opmerklik dat die redaksie van die *Koraalboek* die laaste versreël van sy harmonisasie ietwat gewysig het. Mathlener self was nie daarvoor bekend dat hy koraalmelodieë aangepas of gewysig het nie. Dit is onbekend of hy vir die wysiging in die melodie van die laaste versreël van Gesang 102, soos wat dit in die *Koraalboek* voorkom, verantwoordelik was. In beide die harmonisasies van hierdie Gesang soos wat dit in die *Koraalboek* voorkom, stem die laaste of sesde versreël met die derde versreël ooreen. Hierteenoor toon voorbeeld 8 dat die sesde versreël volgens Mathlener se harmonisasie van hierdie Gesang in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*, met 'n enkele melodienoot van versreël drie verskil:

Voorbeeld 8: Mathlener, *Gesang 102*, versreëls 3 en 6, sopraanstem



(Uit: W. Mathlener, *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*, s.b.)

Hieruit is dit duidelik dat Mathlener die melodie van Eberling in sy oorspronklike vorm handhaaf.

Die aanpassing van hierdie melodie soos dit in die *Koraalboek* aangetref word, kan aan 'n verskynsel wat algemeen tydens gemeentesang voorkom, toegeskryf word. Tydens die sing van hierdie Gesang skyn die natuurlike neiging van 'n gemeente te wees om versreël ses presies soos versreël drie te sing. Hierdie neiging word versterk deur die feit dat die voorafgaande versreëls vir beide hierdie versreëls, naamlik versreëls twee en vyf, volkome met mekaar ooreenstem. Menige orrelis of sangleier behoort te kan bevestig dat hulle moeite het om 'n gemeente te laat afsien van die neiging om versreël ses soos versreël drie te sing. Soortgelyke gevalle waar

versreëls nouliks met mekaar ooreenstem en derhalwe aanhoudend verkeerd gesing word, doen hulle in talle ander Psalms of Gesange voor. So kan hierdie verskynsel daartoe bydra om 'n wysiging op 'n bepaalde plek in 'n koraalmelodie aan te bring ten einde die sing daarvan te vergemaklik.

3.4 Koraalvoorspele in die bundel, 30 *Uitgesoekte Gesange met Voorspele*

In die voorwoord van die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* laat Mathlener hom uit oor die spesifieke rol wat die orrelis voor die aanvang van 'n erediens speel. Hy verduidelik hoe 'n orrelis hierdie geleentheid kan gebruik om by wyse van improvisasie die Psalm of Gesang wat eerste in die erediens gesing gaan word in die geheue van gemeentelêde vas te lê. Hy maak verder die opmerking dat nie alle orreliste oor die vermoë beskik om te kan improviseer, of om koraalvoorspele van 'n hoë tegniese standaard van komponiste soos J.S. Bach, Buxtehude of Pachelbel te speel nie. Hiermee word geïmpliseer dat die voorspele in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* gekomponeer is om voor die aanvang van 'n erediens gespeel te word. Die meerderheid van hierdie voorspele is om en by 20 mate lank en duur ongeveer 'n minuut elk. Vanweë hulle lengte is hierdie voorspele derhalwe nie geskik om as 'n inleiding te dien vir die Gesang wat gedurende die verloop van die erediens opgegee word nie. In hierdie opsig verskil die voorspele van die kort inleidings in die bundel, *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* wat uitsluitlik vir hierdie doel gekomponeer is. In die voorwoord van die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* verduidelik Mathlener die volgende aangaande pedaalspel (Mathlener 1978:s.b.):

Hierdie kort voorspele is op twee notebalke uitgeskryf en kan, indien nodig, ook sonder die gebruik van die voete uitgevoer word. Vanselfsprekend is die gebruik van die pedale in die meeste gevalle aanbevelenswaardig en word, net soos in die geval by die gesange aanbeveel om die onderste noot met die pedaal uit te voer.

Mathlener vermeld dat die voorspele in hierdie bundel op twee notebalke geskryf is. Tog is nege van die koraalvoorspele in hierdie bundel as geheel of gedeeltelik op drie notebalke geskryf, naamlik die voorspele vir Gesange 35, 44, 141, 163, 210, 246, 251, 319 en 334. Die gedeelte in die harmonisasie van Gesang 334, gemerk "1ste, Met uitkomende stem" is ook op drie notebalke geskryf. Hierdie nege werke is vir die eerste keer in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* gepubliseer

en het nie voorheen verskyn in Boeke 4 en 5 van die werke van Mathlener, soos uitgegee deur die Raad vir Kerkmusiek, nie. Die koraalvoorspele en -harmonisasies wat voorheen in Boeke 4 en 5 uitgegee is, is almal op twee musiekbalke geskryf. Die voorwoord van die bundel getiteld, *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* stem woordeliks ooreen met die voorwoord wat Mathlener vir Boeke 4 en 5 geskryf het – slegs die datum is van 5 April 1976 na 1 Maart 1978 toe verander. Derhalwe blyk dit dat Mathlener nagelaat het om in die voorwoord van die bundel met die nuwe titel melding te maak van die bykomende werke wat op drie notebalke geskryf is.

In die voorwoord van *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* laat Mathlener hom soos volg uit oor die registrasie van die werke in die bundel (Mathlener 1978:s.b.):

Dit word aanbeveel om met verskillende registrasie-moontlikhede te eksperimenteer totdat die beste resultaat, in ooreenstemming met die aard en karakter van die bybehorende teks van die lied verkry is.

Vir 22 van die 30 voorspele in hierdie bundel word manueel-aanduidings met Romeinse syfers I en II in die musiek aangebring. Hieruit kan afgelei word dat Mathlener vir die uitvoer van hierdie voorspele:

- 'n tweemanueel-orrel in gedagte gehad het, of
- kontrasterende registrasies wat op 'n kombinasie van twee uit die drie manuele van 'n driemanueel-orrel uitgewerk behoort te word aan die orrelis oorgelaat het.

Anders as in verskeie ander bundels van Mathlener kom daar geen aanduidings vir die gebruik van spesifieke orrelregisters in hierdie bundel voor nie.

Mathlener beveel in die voorwoord van die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* aan dat die voorspel en die Gesang waarby dit hoort teen dieselfde tempo gespeel behoort te word. Waar die tydmaatteken die aantal kwartnote per maat aandui, beveel hy aan dat die kwartnote teen 'n tempo van 70 tot 80 note per minuut moet beweeg. Dieselfde snelheid word vir die beweging in halfnote aanbeveel indien die tydmaatteken die aantal halfnote per maat aandui. Die enigste uitsonderings ten opsigte van hierdie aanbeveling kom voor by die Voorspel vir Gesang 81 waar die tempo by wyse van 'n metronoom-aanduiding, ♩ = 66 aangedui word. By die

Voorspele vir Gesange 123 en 124 word die woord “Stadig” as tempo-aanduiding vir beide voorspele gebruik. Indien die voorspele van hierdie drie Gesange met die harmonisasie daarvan vergelyk word, is dit duidelik dat die voorspele telkens stadiger as die harmonisasie uitgevoer behoort te word. By twee van hierdie drie voorspele, naamlik Gesange 81 en 124 word sestiende-note, dit wil sê die verdeling van ’n kwartnootpolsslag in vier note, gebruik. Die gebruik van aaneenlopende sestiende-note binne ’n enkele komposisie skyn taamlik ongewoon te wees indien dit met ander komposisies van Mathlener vergelyk word. Dít kan as rede aangevoer word waarom laasgenoemde twee voorspele ietwat stadiger as die bybehorende koraal uitgevoer behoort te word.

Enkele Gesangmelodieë van die Gesange in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* is sonder die gebruik van maatstrepe geskryf. Hierdie skryfwyse kom by drie Gesange, naamlik Gesange 115, 163 en 210 voor en stem ooreen met die wyse waarop hierdie Gesange in die *Koraalboek* van 1978 verskyn. Mathlener handhaaf die gebruik deur die gepaardgaande voorspele vir hierdie Gesange ook sonder maatstrepe te skryf.

Die gebruik van die sugmotief is in versreëls drie tot vyf van die Voorspel vir Gesang 95 en in versreëls vyf en ses van die Voorspel vir Gesang 117 kenmerkend. Die gebruik om hierdie motief met bogies aan te dui ontbreek en daarom kan dit maklik, waar dit by beide genoemde Gesange grotendeels in die middelstemme voorkom, misgekyk word. Voorbeeld 9 toon aan hoe Mathlener die sugmotief noteer deur telkens die dwarsbalk wat vir aaneenlopende agtste-note gebruik word ná die tweede noot van die motief te skei:

Voorbeeld 9: Mathlener, *Voorspel vir Gesang 95*, versreëls 5–7



(Uit: W. Mathlener, *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*, s.b.)

In die Voorspel vir Gesang 116 verleen die gebruik van parallelle kwinte in 'n stapsgewyse, dalende beweging in die linkerhand 'n eenaardige “moderne” karakter aan die komposisie. Hierdie parallelle kwinte kom in maat 6 en 8 tussen die tenoor- en basstemme voor. Die voorspel behou steeds sy mineur-tonaliteit ondanks die rojale gebruik van chromatiek. Dit kan nie uitgesluit word dat die harmoniese gewaagdheid van hierdie komposisie vir die oningeligte kerkganger na “verkeerde note” mag klink nie. Die koraalmelodie waarop hierdie voorspel gebaseer is kom deurgaans in die middelste stem voor. Mathlener beveel nie aan dat hierdie stem op 'n manueel met die registrasie vir 'n uitkomende stem gespeel moet word nie. Daarom is dit te betwyfel of die gemiddelde kerkganger die koraalmelodie sal herken tydens die uitvoer van hierdie betrokke voorspel. Dit laat die vraag ontstaan of die oogmerk van Mathlener om met 'n koraalvoorspel die kerkganger voor te berei op die Gesang wat gesing gaan word, nie hier ietwat beperk word nie.

By 13 van die koraalvoorspele in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* word die eerste versreël van die koraalmelodie waarop dit gebaseer is fugaal hanteer. Vyf van hierdie groep koraalvoorspele toon dat die eerste versreël in sy geheel deur die intree-stem gespeel word voordat 'n volgende stem daarmee intree. By agt van hierdie dertien koraalvoorspele tree die tweede stem met die aanvangs-versreël in alvorens die eerste stem dit volledig gespeel het. Hierdeur is 'n duidelike stretto-effek hoorbaar.

'n Verskynsel wat neerkom op die “omgekeerde” prosedure wat die skryf van fugas betref, kom in die Voorspel vir Gesang 123 voor. Dit is gebruiklik om by die skryf van fugas een stem na die ander te laat intree. Hierteenoor kan daar in voorbeeld 10 gesien word hoe Mathlener aan die einde van die Voorspel vir Gesang 123 op 'n vindingryke manier met die stemme een vir een “uittree”:

Voorbeeld 10: Mathlener, *Voorspel vir Gesang 123*, versreël 5



(Uit: W. Mathlener, *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*, s.b.)

In voorbeeld 10 word veronderstel dat die middel en onderste stemme met die linkerhand gespeel word. Tog is die middelste stem in die boonste musiekbalk geskryf en is die nootsteeltjies na die note van die onderste balk toe verleng. Volgens die skrywer sou die lees van die musiek vergemaklik kon word indien die middelste stem as geheel in die onderste notebalk geskryf sou gewees het en hierdeur die gebruik van verlengde nootsteeltjies uitgeskakel kon word. Voorbeeld 11 bied 'n alternatiewe skryfwyse vir die afsluiting van hierdie voorspel:

Voorbeeld 11: Mathlener, *Voorspel vir Gesang 123*, versreël 5, alternatiewe skryfwyse



Dit is betreurenswaardig dat die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* gekenmerk word deur die betreklik groot aantal foute wat tydens die setwerk van die bundel ingesluip het. Hierdie foute bemoeilik nie net die lees van die musiek nie, maar laat die bundel ook as geheel onprofessioneel voorkom. Oormatige spasiëringfoute laat die gedrukte musiek lomp vertoon. Die spasies wat vir opmate gebruik word, is meestal te wyd en nie proporsioneel ten opsigte van die lengte van

die oorblywende mate van die notebalk waarop dit voorkom nie. Die inhoudsbladsy verskyn ook nie voor in die bundel nie, maar driekwart na die einde van die bundel toe, tussendeur die musiekwerke. Die groot aantal drukfoute in hierdie bundel kan moontlik daartoe lei dat orreliste hierdeur hulle belangstelling sal verloor en dat die inhoud van die musiek vir hulle verlore sal gaan.

3.5 Koraalvoorspele van die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel*

Die koraalvoorspele in die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* is op die melodieë van die eerste 50 Psalms soos dit in die *Koraalboek* van 1956 voorgekom het, gebaseer. Hierdie bundel behoort tot Mathlener se vroegste werke wat hy sedert sy aankoms in Suid-Afrika gepubliseer het. Die jaar van publikasie kan uit die titel soos wat dit in *SAME* by die werke van Mathlener aangeteken is, afgelei word. Die titel lui hier soos volg: *Vyftig kort koraalvoorspele, op. 20. HAUM, Kaapstad, 1955* (Malan, 1984:239). Gerrit Bon, ook 'n Nederlands-gebore orrelis wat na Suid-Afrika geëmigreer het en wat 'n kollega en vriend van Mathlener was, het die Voorwoord geskryf.

By die meeste koraalvoorspele is dit die algemene gebruik dat elke versreël van die koraalmelodie waarop dit gebaseer is in die koraalvoorspel verteenwoordig word, alvorens die koraalvoorspel afsluit. Die koraalvoorspele in Mathlener se bundel, *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel*, is in vergelyking met ander koraalvoorspele van hierdie komponis, asook dié van ander komponiste, beduidend kort. Die vier langste koraalvoorspele bestaan uit slegs elf mate elk en die kortste een uit sewe. Vanweë die kort lengte van hierdie koraalvoorspele kan afgelei word dat nie elke versreël van die Psalmmelodie waarop hierdie koraalvoorspele gebaseer is, in die koraalvoorspele geparafraseer is nie.

In hierdie bundel is:

- 31 koraalvoorspele slegs op die eerste versreël gebaseer;
- 15 koraalvoorspele op versreëls een en twee gebaseer; en
- die koraalvoorspele vir Psalms 36 en 50 op die eerste drie versreëls gebaseer.

In vergelyking met die res van die voorspele in die bundel toon die voorspele vir Psalms 20 en 39 opmerklike uitsonderings op die keuse van versreëls:

- die koraalvoorspel vir Psalm 20 maak van al vier versreëls van die Psalmmelodie gebruik; en
- die koraalvoorspel vir Psalm 39 maak van die eerste en die laaste versreël gebruik.

Deur die oorgrote meerderheid van die koraalvoorspele slegs op die eerste of eerste twee versreëls van Psalms 1 tot 50 te baseer, beantwoord Mathlener aan die doel waarvoor hierdie voorspele geskryf is. Gerrit Bon het hierdie doel in die voorwoord van die bundel soos volg omskryf (Mathlener, 1956:s.b.):

Teneinde [sic] die korrekte gemoedstemming van die staanspoor uit daar te stel is dit wenslik dat die orrelis 'n korte [sic] inleiding speel wat eerstens die melodie duidelik in die gehoor van die Gemeente vasstel en tweedens de [sic] algemene stemming van die woorde wat deur die Gemeente gesing gaan word, oproep. 'n Psalm wat in gebedstemming is behoort nie voorafgegaan te word deur 'n lawaaierige voorspel in marsmaat nie.

Die 50 voorspele vir die eerste 50 Psalms voldoen in alle opsigte aan die eise wat daaraan gestel kan word. Hulle is kort (betreurenswaardige gevolg van ons haastige gemeentes wat selfs nie meer tyd het vir die godsdiensoefening nie), hul is polifoon van styl, 'n styl waartoe die orrel hom die beste leen en hul is pittig karakteriserend vir die betrokke Psalm.

Hieruit kan afgelei word dat die koraalvoorspele in die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* gekomponeer is om as inleidings te dien vir liedere wat tydens die erediens opgegee word. Prakties gesproke beteken dit dat die orrelis die koraalvoorspel van die Psalm wat gesing gaan word as inleiding speel en direk volg met die koraalbegeleiding van daardie Psalm terwyl die gemeente dit sing. Hierdie koraalvoorspele is daarom nie bedoel om voor die diens die gemeente op 'n lied wat tydens die erediens gesing gaan word, voor te berei nie, soos die geval is met die koraalvoorspele in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*.

Volgens Bon was dit Mathlener se wens dat die koraalvoorspele in die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* as voorbeelde sou dien vir orreliste wat oor genoegsame vaardighede beskik om soortgelyke voorspele vir liedere wat gesing gaan word te improviseer.

By 12 van die 50 voorspele verskyn daar 'n subtitel wat op Psalms of Gesange uit die *Koraalboek* van 1956 dui wat met die Psalmmelodie waarop die betrokke voorspel gebaseer is, ooreenstem. Die subtitel by die voorspel vir byvoorbeeld Psalm 3 lui soos volg: “Dieselfde wysie as Ps. 83”. Derhalwe is die bedoeling dat 'n voorspel as inleiding by enige van die genoemde Psalms of Gesange wat in die subtitel van die voorspel verskyn, gespeel kan word. Behalwe die gebruik van subtitels by die betrokke voorspel, verskyn daar by die voorwoord 'n volledige lys waarin aangedui word watter Psalms melodieë het wat met mekaar en met Gesange ooreenstem.

In die *Koraalboek* van 1956 word daar in die bestek van Psalms 1 tot 50 slegs in een geval van 'n enkele melodie vir meer as een Psalm gebruik gemaak, naamlik die melodie vir Psalms 28 en 37. By die voorspel vir Psalm 28 in die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel*, kom die subtitel soos verwag kan word “Dieselfde wysie as Ps. 37” voor. Tog het Mathlener verskillende voorspele vir hierdie twee Psalms gekomponeer. Dit sluit aan by sy gebruik soos wat voorheen by die harmonisasie van koraalmelodieë gesien is, naamlik dat waar daar een melodie vir twee of meer Psalms gebruik word, die Psalms verskillend geharmoniseer behoort te word.

Die voorspele in die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* is almal op twee balke geskryf met die veronderstelling dat die basstem met die pedale gespeel moet word. Op 'n paar plekke waar daar moontlik verwarring kan voorkom word die term *Ped.* by die basstem aangetref om aan te dui dat hierdie stem met die pedale gespeel moet word en nie met die linkerhand nie.

Gerrit Bon maak verder in die voorwoord melding van die polifoniese tekstuur wat in die koraalvoorspele te voorskyn kom. Die meeste voorspele is vir vier stemme wat op 'n kontrapuntale wyse behandel word, gekomponeer. By 16 voorspele vereis Mathlener dat 'n versreël of versreëls van die Psalmmelodie soos wat dit sy verskyning in hierdie voorspele maak, op 'n manueel met 'n uitkomende stem gespeel moet word. Die term “solo” word hiervoor gebruik. In voorbeeld 12 kan gesien word hoe Mathlener met uitkomende stemme in die voorspel vir Psalm 20 eksperimenteer. Hier word die eerste versreël vir 'n uitkomende tenoorstem, die derde vir 'n uitkomende basstem en die vierde vir 'n uitkomende sopraanstem gegee. Slegs die tweede versreël vereis geen uitkomende stem nie:

Voorbeeld 12: Mathlener, *Psalm 20* (Dieselfde wysie as Ges. 13)



(Uit: W. Mathlener, *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel*, s.b.)

Die gebruik van al vier versreëls van hierdie koraalmelodie asook die wisseling van uitkomende stemme maak hierdie koraalvoorspel uniek.

Die kwaliteit van die druk- en setwerk van die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* is van 'n beduidend hoër standaard as wat in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* die geval is – selfs al is eersgenoemde bundel 20 jaar voor laasgenoemde uitgegee. Dit wil voorkom of die verskil in die kwaliteit aan die toerusting en metodes van die onderskeie uitgewers toegeskryf kan word. 'n Gebrek aan afgeronde en professionele drukwerk is daarom nie noodwendig die gevolg van toerusting wat nie beskikbaar of tegnologieë nie gevorderd genoeg was nie.

3.6 Die *Partita* oor “Kom herwaarts, getroues”

Die *Partita* oor “Kom herwaarts, getroues” is chronologies die derde van ses komposisies wat Mathlener in hierdie genre gepubliseer het. Dit is moontlik om 'n chronologiese volgorde in die publikasie van hierdie komposisies van Mathlener waar te neem aangesien daar 'n jaartal by elk van hulle voorkom. Die jaartal van die *Partita* oor “Kom herwaarts, getroues” kan uit die titel soos wat dit in *SAME* by die werke van Mathlener aangeteken is, waargeneem word: *Partita* oor “Kom herwaarts getroues...”, op. 26. *Reformatorio*, Kaapstad, 1963 (Malan, 1984:239).

Daar bestaan nie duidelikheid oor waarom Mathlener vir twee van die komposisies in hierdie genre die term “partita” gebruik het en vir die oorblywende vier die term “variasies” nie. Dit blyk dat hy vir die twee langste werke in hierdie genre die term “partita” en vir die korter vier werke die term “variasies” gebruik het. Die *Partita oor “Kom herwaarts, getroues”* wat uit 199 mate bestaan, is nie alleen die langste komposisie van Mathlener in hierdie genre nie, maar ook die langste van al sy komposisies.

Alhoewel die bewoording “Boek 1” nie op die buiteblad van hierdie publikasie gedruk is nie, kan daar tog aanvaar word dat hierdie werk die eerste van die sewe bundels Mathlener-werke is wat die Raad vir Kerkmusiek gepubliseer het. Daarom verwys Godschalk (1980:25) ook na hierdie publikasie as “Boek 1”. Hierbenewens is die handgeskrewe inskrywing “Boek 1” op die buiteblaaie van beide kopieë van hierdie werk wat aan die skrywer beskikbaar gestel is, aangebring.

Die *Partita oor “Kom herwaarts, getroues”* is op die bekende Kersgesang *Adeste Fideles* wat aan die Engelse himnoloog, John Francis Wade (1711–1786) toegeskryf word, gebaseer. Dit bestaan uit vyf dele, naamlik ’n Fantasie, drie variasies en ’n Finale.

Die eerste gedeelte van die partita, getiteld *Fantasie*, word aanvanklik deur ’n gelykmatige beweging in kwartnote gekenmerk. In maat 10 word daar vanuit G majeur met ’n Napelse sekstakkoord na die tertsverwante toonaard, E-mol majeur gemoduleer. Die motief van die woorde “vroliek en vol vreugde” word deurlopend as kwartnote tot in maat 39 aangetref. Van hier af tot vyf mate voor die slot kom ’n arpeggio-figuur in agstenoot triole in die regterhand voor, wat begelei word deur blokakkoorde in die linkerhand en die pedale. Die Fantasie sluit af met die eerste vier note van die motief “vroliek en vol vreugde” in stygende sekwense, hierdie keer in agstenote, tot waar dit op die laaste akkoord ’n treffende klimaks vorm.

Die eerste variasie neem die vorm van ’n trio aan deurdat dit vir enkelstemme in beide die hande en die pedaal gekomponeer is. Die koraalmelodie word eenmaal sonder onderbrekings tussen die versreëls deur die linkerhand gespeel terwyl die regterhand en pedaal vry beweeg. Geen registrasie-aanduidings is vir enige stem

aangebring nie, maar dit blyk die logiese opsie te wees om 'n uitkomende orrelregister vir die linkerhand wat die koraalmelodie speel, te kies.

Die tweede variasie neem ook soos die eerste die vorm van 'n trio aan. Die koraalmelodie word soos in die vorige variasie in die linkerhand aangetref en word soos in die eerste variasie eenmaal gespeel met die versreëls wat aaneenloop. Die triool-figure in agstenote, wat voorheen in die regterhand teen die einde van die Fantasie-gedeelte voorgekom het, maak in hierdie variasie weer hulle verskyning. Waar die vierde versreël met die woorde "kom buig daar in aanbidding" in hierdie variasie verteenwoordig word, vind daar 'n verdigting van drie na vyf stemme plaas. Die linkerhand speel steeds die oorblywende versreëls van die koraalmelodie terwyl twee stemme by die regterhand gevoeg word.

In die derde variasie kom die koraalmelodie in die basstem voor. Hier verskil dit van die voorafgaande variasies deurdat die koraalmelodie nie versreël vir versreël aaneenlopend is nie. Na versreël twee vind daar 'n onderbreking van vier mate in die basstem plaas en na versreël drie 'n onderbreking van 'n driekwart maat. Kenmerkend van hierdie variasie is dat alvorens die basstem met die melodie van versreëls 1, 3 en 4 intree, die boonste twee stemme hierdie melodieë in gehalveerde nootwaardes as wat in die basstem gespeel gaan word, vooruitneem. Hierdie intredes tussen die boonste twee stemme vind kanonies plaas.

Die Finale neem die vorm van 'n vierstemmige fuga aan. Die stemme tree met die eerste versreël van die koraalmelodie afwisselend op die tonika en die dominant in. Die gebruik van chromatiek neem met die verloop van die fuga toe totdat daar in maat 41 'n klimaks op die dominant bereik word. Hiervandaan vind daar 'n stretto-intrede met die eerste versreël tussen die bas- en altstemme plaas wat direk gevolg word deur 'n harmonisasie van al die versreëls van die koraalmelodie in die sopraanstem tot in maat 66. Hierdie harmonisasie stem in styl ooreen met menige ander harmonisasies van Mathlener. Die gebruik van stapsgewyse chromatiese beweging in die basstem kom heelwat in hierdie harmonisasie voor. Die beweging roep die Fantasie-gedeelte van vroeër in herinnering deur met die identiese laaste vyf mate daarvan af te sluit.

3.7 *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2*

Die koraalvoorspele in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* is op die Geneefse melodieë vir Psalms 2, 5, 7, 62 en 130 gebaseer. In die *Koraalboek* van 1956 is daar melodieë van die Suid-Afrikaanse komponis P.K. de Villiers vir Psalms 2, 5 en 7 gebruik. Met die verskyning van die *Koraalboek* van 1978 is hierdie melodieë met Geneefse melodieë vir die genoemde Psalms vervang. Geen aanduiding van 'n jaartal waarin die publikasie *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* van Mathlener verskyn het, bestaan nie. Tog impliseer die gebruik van Geneefse melodieë waarop die voorspele vir Psalms 2, 5 en 7 in die bundel gebaseer is en nie dié van De Villiers nie, dat die bundel om en by die verskyning van die *Koraalboek* van 1978 saamgestel is. Die buiteblad van *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* vertoon dieselfde formaat en illustrasie as die vorige bundel van Mathlener, naamlik *Partita oor "Kom herwaarts, getroues"*.

Die formaat van die titels vir die koraalvoorspele in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* verskil van die titels vir die koraalvoorspele in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*. In laasgenoemde bundel formuleer Mathlener die titel by al 30 die koraalvoorspele soos volg: "Voorspel vir Gesang x". Die titel vir 'n koraalvoorspel in *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* bestaan uit die bewoording van die eerste versreël van die Psalm of Psalmvers waarop dit gebaseer is, gevolg deur die Psalmnommer as subtitel. As voorbeeld sien die titel van die koraalvoorspel vir Psalm 2 soos volg daaruit: "WAT DRING EN DRYF DIE WILDE HEIDENDOM" gevolg deur die subtitel: "Psalm 2". Die gebruik van hoofletters vir die titel word nie konsekwent vir elke voorspel gebruik nie. Soms word die titel in aanhalingstekens geplaas en ander kere verskyn daar 'n ellips aan die einde van die titel. Beide hierdie gebruike word ook nie konsekwent deurgevoer nie.

Anders as in die vorige bundel *Partita oor "Kom herwaarts, getroues"*, kom daar in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* registrasie-aanduidings vir elke komposisie voor. Soos in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* word die Romeinse syfers I en II vir manueel-aanduidings gebruik. Hierbenewens verskyn daar in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* die verlangde registrasie vir elke manueel en die pedaal links bo-aan elke voorspel. Waar van toepassing onderskei Mathlener tussen prestant- of fluitregisters, andersins word slegs die pyplengtes 16',

8' of 4' genoem. Registrasie-veranderinge wat in die loop van die komposisie verlang word, word ook aangedui. Waar 'n register toegevoeg moet word, skryf Mathlener "+ register x" en waar 'n register weggeneem moet word skryf hy of "- register x" of "MIN. register x".

In die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* kom die enigste tempo-aanduiding by die laaste voorspel, naamlik *Uit dieptes gans verlore* voor. Die woorde "Stadig en eerbiedig" is by hierdie voorspel aangebring. Die gebrek aan tempo-aanduidings by wyse van Italiaanse musiekterme of metronoom-aanduidings laat die vraag ontstaan wat die ideale tempo is waarteen die res van die werke in hierdie bundel uitgevoer behoort te word. In die voorwoord van die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* beveel Mathlener aan dat die voorspel en harmonisasie van elk van die 30 Gesange teen dieselfde tempo uitgevoer behoort te word (Mathlener, 1978:s.b.). Wat die voorspele in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* betref, kan daar nie aanvaar word dat hulle teen dieselfde tempo gespeel behoort te word as hulle korresponderende korale in die *Koraalboek* van 1978 nie, aangesien die tydmaattekens wat onderskeidelik vir die voorspel en die koraal gebruik word, van mekaar verskil. Hierdeur word 'n verskil in die tempo waarteen beide werke uitgevoer behoort te word, geïmpliseer. Mathlener maak afwisselend van die tydmaattekens $\frac{4}{4}$ of C vir die koraalvoorspele in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* gebruik, terwyl die tydmaatteken C of twee halfnote per maat vir die korresponderende korale van hierdie voorspele in die *Koraalboek* van 1978 gebruik word. By die afwesigheid van tempo-aanduidings wil dit voorkom of Mathlener 'n natuurlike tempo of *tempo giusto* in gedagte gehad het waarteen hierdie koraalvoorspele uitgevoer behoort te word.

Drie van die koraalvoorspele in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* vertoon 'n modale karakter. Die Doriese modaliteit van die koraalmelodieë van Psalms 2, 5 en 130 weerklink in Mathlener se voorspele van hierdie Psalms. Die gebruik van 'n oop vyfde akkoord as slotakkoord is opvallend by al drie hierdie voorspele.

Die koraalvoorspel vir Psalm 62:6 verskil in verskeie opsigte van die oorblywende vier voorspele in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2*. Die ietwat vreemde subtitel, naamlik Psalm 62:6 trek onmiddellik die aandag. Alhoewel die koraalmelodie vir al die verse van Psalm 62 dieselfde is, wil Mathlener met sy

koraalvoorspel die aandag op die betekenis van hierdie spesifieke vers vestig. In die voorwoord van die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* vermeld die komponis dat die betekenis van die teks in gedagte gehou moet word wanneer registers vir 'n bepaalde koraalvoorspel geselekteer word (Mathlener, 1978:s.b.). Hieruit kan afgelei word dat hy die inhoud van die teks as uitgangspunt neem wanneer daar besluit word hoe 'n bepaalde koraalvoorspel moet klink. In die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* kom hierdie ingesteldheid duidelik na vore deurdat hy vir die koraalvoorspel wat op die melodie van Psalm 62 gebaseer is, spesifiek die betekenis van die sesde vers van hierdie Psalm wil uitbring. Dit verklaar waarom die bewoording van die eerste versreël van vers 6, naamlik *Hoe nietig is die mensekind* as titel vir hierdie koraalvoorspel gebruik word. Hierteenoor word die eerste versreël van die Psalm as titel by die ander koraalvoorspele in die bundel gebruik.

'n Verdere merkwaardige eienskap van die koraalvoorspel vir Psalm 62:6, ook bekend as *Hoe nietig is die mensekind*, is die onkonvensionele gebruik van harmonie deurdat parallelle kwinte konstant deur die loop van hierdie koraalvoorspel as begeleidingsfiguur in die linkerhand voorkom. Hierteenoor gebruik Mathlener vir die oorblywende koraalvoorspele in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* diatoniese harmonie volgens tradisionele harmoniese beginsels. Die koraalmelodie vir Psalm 62:6 word met 'n gewysigde ritme in die basstem gespeel en slegs 'n 4' register word vir die regterhand voorgeskryf. Hierdie elemente dra by tot die peinsende en selfs eksotiese atmosfeer wat Mathlener in hierdie komposisie wou skep.

3.8 Kort koraalvoorspele Boek 3

Die volgende gepubliseerde bundel van Mathlener, *Kort koraalvoorspele Boek 3*, vertoon grootliks 'n ooreenkoms met die vorige bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* wat die uitleg en die styl van die komposisies daarin betref. Die opvallendste verskil tussen hierdie twee bundels is die insluiting van 'n meerdelige werk, naamlik die *Variasies en Fuga oor Psalm 116* wat in eersgenoemde bundel aangetref word. Verder vertoon die koraalvoorspel vir Gesang 4, ook bekend as *Die Heer is God en niemand meer...* in vergelyking met vorige gepubliseerde koraalvoorspele, 'n uitgebreidheid ten opsigte van lengte en virtuositeit, veral wat betref die pedaalparty.

Volgens *SAME* is daar in 1971 kopieë van die *Variasies en Fuga oor Psalm 116* “afgerol vir verspreiding” (Malan, 1984:240). Hieruit kan afgelei word dat hierdie werk alvorens dit in die bundel *Kort koraalvoorspele Boek 3* verskyn het, reeds gepubliseer en aan orreliste bekend was. Die eerste drie variasies kom in styl en lengte ooreen met meeste ander koraalvoorspele van Mathlener. Die fuga neem die eerste versreël van die koraalmelodie as tema. In hierdie vierstemmige fuga vind die tweede en vierde stemintredes op die sub-dominant plaas. Die plasing van die fuga voor die laaste variasie is ietwat ongewoon, maar geslaagd aangesien die laaste variasie met sy aanduiding “volle orrel” en feestelike karakter die hoogtepunt van hierdie stel variasies vorm.

Waar die sesde vers van Psalm 62 in die vorige bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* deur ’n indrukwekkende koraalvoorspel geparafraseer word, word die eerste vers van hierdie Psalm deur die koraalvoorspel, naamlik *Gewis, my siel is stil tot God!* in die bundel *Kort koraalvoorspele Boek 3* uitgebeeld. Dit is duidelik dat die melodie waarop beide hierdie koraalvoorspele gebaseer is, *La terre au Seigneur appartient* van Guillaume Franc (1500–1570), een van Mathlener se gunsteling-melodieë was. Behalwe vir die twee koraalvoorspele in Boeke 2 en 3 word hierdie melodie vir nog twee losstaande koraalvoorspele (WMW 392 en 397) asook ’n kort werk (WMW 374) wat hy vir onderwysdoeleindes gekomponeer het, gebruik. In teenstelling met die ongewone gebruik van harmonie en stemvoering in die koraalvoorspel van hierdie melodie in Boek 2, gebruik Mathlener diatoniese harmonie volgens tradisionele harmoniese beginsels vir die koraalvoorspel *Gewis, my siel is stil tot God* in die derde bundel. Egalig-vloeiende kwartnootbeweging beeld die woorde van die Psalmvers oortuigend uit.

3.9 Die oorspronklike Boeke 4 en 5 van die Raad vir Kerkmusiek

Godschalk (1980:26) som die publikasie van die eerste tot die vyfde bundels van Mathlener soos volg op:

Boek 1–3 is gedruk deur Middleton & Joubert te Pretoria, boek 4 en 5 deur N.H.W. Pers, Hercules, Pretoria. Al die boeke is uitgegee deur die Raad vir Kerkmusiek te Pretoria. Die datum van die uitgawes word nie genoem nie.

Kopieë van die vierde en vyfde bundels wat aan die skrywer beskikbaar gestel is, toon daarenteen dat die bundels nie gedruk is nie, maar netjies met die hand geskryf, gefotostateer en in bundels saamgebind is. Met die heruitgee van hierdie werke in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* is die drukwerk deur N.H.W. Pers in Hercules, Pretoria behartig.

Die linkerkolomme van tabelle 2 en 3 toon die oorspronklike titels van die komposisies soos wat dit in Boeke 4 en 5 voorgekom het en die regterkolomme toon aan hoe die titels in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* verander het.

Tabel 2: Titels van koraalvoorspel en -harmonisasiepare van Gesange in die bundel *Koraalvoorspele met Gesange vir die Lydenstyd, Boek 4* vergeleke met die titels van die ooreenstemmende komposisies in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*

Titel van koraalvoorspel en -harmonisasiepaar in: <i>Koraalvoorspele met Gesange vir die Lydenstyd Boek 4</i>	Titel van koraalvoorspel en -harmonisasiepaar in: <i>30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele</i>
Voorspel vir Ges. 113 (ou 83a) / Gesang 113	Voorspel vir Gesang 119 / Gesang 119 (83a)
Voorspel vir Ges. 114 (ou 84) / Gesang 114	Voorspel vir Gesang 114 / Gesang 114 (84)
Voorspel vir Ges. 115 (ou 83) / Gesang 115	Voorspel vir Gesang 120 / Gesang 120 (83)
Voorspel vir Ges. 116 (ou 86) / Gesang 116	Voorspel vir Gesang 115 / Gesang 115 (86)
Voorspel vir Ges. 117 (ou 87) / Gesang 117	Voorspel vir Gesang 116 / Gesang 116 (87)
Voorspel vir Ges. 118 (ou 88) / Gesang 118	Voorspel vir Gesang 117 / Gesang 117 (88)
Voorspel vir Ges. 120 (ou 91) / Gesang 120	Voorspel vir Gesang 132 / Gesang 132 (91)
Voorspel vir Ges. 123 (ou 94) / Gesang 123	Voorspel vir Gesang 123 / Gesang 123 (94)
Voorspel vir Ges. 125 (ou 96) / Gesang 125	Voorspel vir Gesang 124 / Gesang 124 (96)
Voorspel vir Ges. 126 (ou 97) / Gesang 126	Voorspel vir Gesang 126 / Gesang 126 (97)

Tabel 3: Titels van koraalvoorspel en -harmonisasiepare van Gesange in die bundel *Koraalvoorspele: met Gesange, Boek 5* vergeleke met die titels van die ooreenstemmende komposisies in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*

Titel van koraalvoorspel en -harmonisasiepaar in: <i>Koraalvoorspele met Gesange vir: Advent Kersfees Boek 5</i>	Titel van koraalvoorspel en -harmonisasiepaar in: <i>30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele</i>
Voorspel vir Gesang 71. / Gesang 71. (Rapport nr. 35)	Voorspel vir Gesang 71 / Gesang 71 (Rapport nr. 35)
Voorspel vir Gesang 72. / Gesang 72. (Rapport nr. 36)	Voorspel vir Gesang 73 / Gesang 73 (Rapport nr. 36)
Voorspel vir Gesang 73. / Gesang 73. (Rapport nr. 37)	Voorspel vir Gesang 75 / Gesang 75 (Rapport nr. 37)
Voorspel vir Gesang 75. / Gesang 75. (Rapport nr. 40)	Voorspel vir Gesang 78 / Gesang 78 (Rapport nr. 40)
Voorspel vir Gesang 76. / Gesang 76. (Rapport nr. 42)	Voorspel vir Gesang 81 / Gesang 81 (Rapport nr. 42)
Voorspel vir Gesang 86. / Gesang 86. (Rapport nr. 54).	Voorspel vir Gesang 86 / Gesang 86 (Rapport nr. 54)
Voorspel vir Gesang 95. / Gesang 95. (Rapport nr. 64)	Voorspel vir Gesang 95 / Gesang 95 (Rapport nr. 64)
Voorspel vir Gesang 101. / Gesang 101. (Rapport nr. 69)	Voorspel vir Gesang 101 / Gesang 101 (Rapport nr. 69)
Voorspel vir Gesang 102. / Gesang 102. (Rapport nr. 70)	Voorspel vir Gesang 102 / Gesang 102 (Rapport nr. 70)
Voorspel vir Gesang 106. / Gesang 106. (Rapport nr. 74)	Voorspel vir Gesang 106 / Gesang 106 (Rapport nr. 74)

Aspekte aangaande die styl van die koraalvoorspele en harmonisasies in Boeke 4 en 5 is in paragrawe 3.3.4 en 3.4 wat oor die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* handel, bespreek.

3.10 *Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5*

Van die 16 koraalvoorspele in die bundel *Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5* is vyf koraalvoorspele vanweë hulle kort lengte geskik om as inleiding vir liedere wat tydens die erediens opgegee word, te dien. Hierdie koraalvoorspele is almal tussen agt en tien mate lank. By twee van hierdie voorspele, naamlik die *Twee kleine Koraalvoorspele à la Fughetta* is slegs die eerste versreël van die koraalmelodie geparafraseer. Die oorblywende drie voorspele is almal op koraalmelodieë wat uit vier kort versreëls bestaan, gebaseer. Al vier versreëls is in die voorspele geparafraseer. Desnieteenstaande is die voorspele kort genoeg om as inleiding vir 'n lied wat tydens die erediens gesing gaan word, te dien. Behalwe vir die *Koraalvoorspel oor Gesang 66* van 28 en 'n halwe maat lank is die oorblywende tien koraalvoorspele tussen 12 en 16 mate lank. Alhoewel hierdie koraalvoorspele nie as inleidings geskik is nie, kan hulle soos meeste van Mathlener se ander koraalvoorspele tydens geleenthede vir solo-orreel gebruik word.

Die bundel getiteld *Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5* toon twee ooreenkomste met 'n vorige bundel van Mathlener, naamlik *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel*:

- koraalvoorspele wat as inleidings vir liedere kan dien kom daarin voor; en
- waar van toepassing is daar subtitels by die koraalvoorspele gevoeg wat aandui met watter Psalm of Gesang uit die *Koraalboek* van 1978 die koraalmelodie waarop die betrokke voorspel gebaseer is, ooreenstem.

By twee van die koraalvoorspele in die bundel *Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5* bring Mathlener die betekenis van 'n spesifieke vers van 'n Psalm of Gesang in die koraalvoorspel uit soos wat voorheen by die koraalvoorspel vir Psalm 62:6 gesien is. In Boek 5 kom hierdie gebruik by die voorspele vir Psalm 45:1 en by Gesang 238:1 voor. Daar moet op gelet word dat Mathlener doelbewus die betekenis van die eerste vers en nie dié van latere verse van die betrokke Psalm en Gesang nie, ingedagte gehad het toe hy hierdie werke gekomponeer het. Die verskyning van die eerste versreël as subtitel by beide hierdie werke bevestig die stelling.

Van die 16 werke in die bundel *Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5* is net die eerste een, naamlik *Fughetta & Koraalbewerking op: Psalm 45:1, "My hart ontroer deur mymering..."* vierstemmig. Van die oorblywende koraalvoorspele in die bundel is 11 driestemmig en drie tweestemmig. Die *Koraalvoorspel oor Gesang 66* kan as 'n uitsondering beskou word aangesien die eerste 21 en 'n halwe maat daarvan tweestemmig is. Hierna tree 'n derde stem in en vanaf maat 25 'n vierde. Die verdigting in die aantal stemme, gepaardgaande met die aanduiding *ff* dra daartoe by dat hierdie voorspel op 'n hoogtepunt afsluit. Stemverdigting in aanloop tot die slot kom by drie verdere koraalvoorspele in hierdie bundel voor. Afgesien van die lengte en die kompleksiteit vanweë die verdigting in stemme wat aan die einde daarvan voorkom, het Mathlener die *Koraalvoorspel oor Gesang 66* vir nuweling-orreliste gekomponeer. Saam met die voorafgaande twee betreklik eenvoudige koraalvoorspele, naamlik die bewerkings van Gesange 74 en 126 groepeer Mathlener die *Koraalvoorspel oor Gesang 66* onder die volgende opskrif (s.j.(g):s.b.):

Die volgende drie bewerkings is so eenvoudig en maklik as moontlik gehou sodat selfs die “beginner” na sy eerste orrelles ook kerkmusiek kan speel.

In teenstelling met die twee vorige bundels wat koraalvoorspele van Mathlener bevat, naamlik Boeke 2 en 3, kom daar geen registrasie-aanduidings in die bundel *Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5* voor nie. Afgesien van die woorde in die titel “vir hande alleen” is die gebruik van die woord “manualiter” die enigste beskrywing wat verder lig werp op die uitvoeringspraktyk van die werke. Hierdie woord vorm deel van die titel van vier van die koraalvoorspele in die bundel. Nêrens in die bundel kom daar aanduidings voor van ’n basstem of gedeelte daarvan wat met die pedale gespeel moet word nie. Dit is tegnies moontlik om al die werke in die bundel net op manuele uit te voer. Op die oog af lyk dit of die basstem in die laaste vyf mate van die *Fughetta & Koraalbewerking op: Psalm 45:1* deur die pedale gespeel moet word aangesien die interval tussen die tenoor- en basstemme ’n oktaaf oorskry. By nadere ondersoek blyk dit wel moontlik te wees om die drie boonste stemme met die regterhand te speel en die basstem met die linkerhand.

3.11 Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6

3.11.1 Algemene kenmerke van die bundel

Die koraalbewerkings in die bundel *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6* is die laaste bundel van Mathlener wat die Raad vir Kerkmusiek uitgegee het en vorm die kroon op sy skeppingswerk. Vir die doel van hierdie afdeling sal daar verder na bogenoemde bundel as *Boek 6* verwys word. Die sewe koraalbewerkings in hierdie bundel is nie nuut gekomponeer nie, maar is uit ’n groot aantal bestaande werke wat tot op daardie stadium óf ongepubliseer óf afgerol vir verspreiding was, geselekteer om in ’n nuwe bundel uitgegee te word. Die bundel is in 1988 uitgegee en bevat werke wat oor ’n tydperk van 33 jaar gekomponeer is. Die vroegste twee koraalvoorspele dateer uit 1948 terwyl die laatste werk, naamlik *Drie Variasies oor Psalm 119* uit 1981 dateer. Anders as in die vorige Mathlener-bundels wat behandel is, verskyn daar by sewe van die agt werke in *Boek 6* ’n jaartal wat die jaar van komposisie aandui.

In teenstelling met die vorige bundel *Kort koraalvoorspele vir hande alleen oor Psalms en Gesange Boek 5*, kom daar manueel- en geringe registrasie-aanduidings in *Boek 6* voor. Romeinse syfers I en II word by vyf van die sewe werke in die bundel gebruik om tussen twee manuale te onderskei. Registrasies word nie soos in *Boek 2* en by die koraalvoorspel vir Psalm 143 in *Boek 3* volgens pylengte en -soort gespesifiseer nie. Die registrasie-aanduidings in *Boek 6* is beperk tot breër terme wat slegs drie keer in die bundel aangetref word, naamlik “Tutti”, “+Tongstemme” en “Vol”.

Behalwe vir die *Variasies oor Psalm 119* het die oorblywende ses koraalbewerkings in *Boek 6* in verskillende gedaantes voorgekom, hetsy gedruk of handgeskrewe, alvorens dit in bogenoemde bundel gepubliseer is. Derhalwe bestaan daar vroeëre onnet of netjiese handgeskrewe weergawes van vyf van hierdie ses werke en ’n vroeëre gedrukte weergawe van die *Koraalvoorspel oor Psalm 118*, onder ’n ander titel, naamlik *Orrelkoraal oor Ps. 66*. Indien manueel- en registrasie-aanduidings by die vroeëre weergawes van hierdie werke voorgekom het, is dit na die gepubliseerde weergawes van hierdie werke in *Boek 6* toe oorgedra. Die afwesigheid van manueel- en registrasie-aanduidings by twee van die werke in die bundel, naamlik die koraalvoorspele vir Psalm 118 en Gesang 39 kan op dieselfde manier verklaar word.

In die rubriek getiteld *Wat kan ek speel?* in die tydskrif *Vir die Musiekleier* het Pauw die volgende oor die bundel geskryf (1991:67):

In sy koraalverwerkings maak Mathlener hoofsaaklik gebruik van kontrapuntale skryfwyses. Die cantus firmus word altyd duidelik gehoor, hetsy in die sopraan-, alt-, tenoor- of basparty. Die meerderheid verwerkings word deur soepele beweeglikheid gekenmerk. Die moeilikheidsgraad van die verwerkings strek van graad 5 tot 7 (UNISA).

In *Boek 6* word die cantus firmus duidelik uitgelig deur die gebruik van ’n uitkomende stem. By die koraalvoorspele vir Psalm 118 en Gesang 39 kom die uitkomende stem in die pedale voor. Waar die koraalmelodie by die oorblywende vyf koraalbewerkings manualiter voorkom, is die orrelis op manueel-aanduidings wat Mathlener voorgeskryf het, aangewys. By al vyf hierdie bewerkings is die manueel wat die koraalmelodie speel, “I” gemerk en die manueel wat die vry stem of stemme speel, “II” gemerk. Hieruit kan afgelei word dat Manueel I harder en Manueel II sagter registrasie sal vereis.

Pauw skryf verder oor registrasie en artikulasie in die bundel soos volg (1991:67):

Daar word vandag (soms hewig) gedebatteer oor artikulasie en registrasie van Barokmusiek. Dit sou alles onnodig gewees het, indien komponiste gedurende dié tydperk die moeite gedoen het om die nodige aanduidings aan te bring. Teen hierdie agtergrond gesien, vind mens dit 'n jammerte dat Mathlener nie aandui hoe hy sy werke geregistreer en geartikuleer wil hê nie.

Mathlener het manueel-aanduidings vir die werke in *Boek 6* gebruik, maar die spesifieke registrasies aan die orrelis oorgelaat omdat hy moontlik gevoel het dat dit onnodig is om dit in die partituur aan te bring aangesien die disposisie van orrels grootliks van orrel tot orrel verskil.

Orreliste sou dit inderdaad makliker gevind het indien Mathlener artikulasie-aanduidings vir die werke in die bundel aangebring het. Indien Pauw met die res van Mathlener se gepubliseerde musiek vertrou was, sou hy gemerk het dat artikulasie-aanduidings slegs by hoë uitsondering in die werk van hierdie komponis voorkom. Derhalwe ontstaan die vraag waarom Pauw artikulasie-aanduidings vir die sesde bundel aangebring wou hê.

Pauw het die resensie oor die bundel in 1991 geskryf toe die vraag na die korrekte interpretasie van Barokmusiek algemeen geword het. Met die versoek dat Mathlener registrasie- en artikulasie-aanduidings in die bundel moes aanbring, impliseer Pauw dat die komposisies in hierdie bundel ooreenkomste met orrelmusiek van die Barokperiode toon. Daar bestaan inderdaad talle raakpunte met hierdie styl indien die hele werksuitset van Mathlener bestudeer word. Indien die komposisietydperk van die werke in *Boek 6* in oënskou geneem word, naamlik 1948–1981, blyk dit dat kennis vir stylgetroue interpretasie van Barokmusiek nog nie bestaan het nie. Mathlener wat self 'n vooraanstaande uitvoerder van Barokmusiek was, het heel waarskynlik die uitvoeringspraktyke van orreliste gedurende die sestiger- en sewentigerjare soos Helmut Walcha of Karl Richter nagevolg en op sy eie komposisies toegepas. 'n Legato-estetika is as uitgangspunt vir artikulasie in hierdie uitvoeringstyl gehandhaaf. Mathlener was nie deel van die puristiese beweging in die interpretasie van Barokmusiek wat gedurende die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare 'n hoogtepunt bereik het nie. Vanweë die grootskaalse afwesigheid van artikulasie-aanduidings in partiture van Barokmusiek het die navorsers van die histories-ingeligte uitvoeringspraktyk hulle dit ten doel gestel om die sogenaamde “korrekte” artikulasie

by wyse van nougesette studie te probeer bepaal, terwyl hulle heimlik die wens gekoester het dat vollediger artikulasie-aanduidings in hierdie partiture voorgekom het. Aangesien Mathlener hierdie navorsing oor uitvoeringspraktyke nie geken het of op sy komposisies toegepas het nie, het die behoefte om artikulasie-aanduidings in sy werke aan te bring nie by hom bestaan nie. Die versoek dat hy dit wel moes aanbring is derhalwe nie van toepassing nie.

Die bundel *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6* is die eerste bundel van Mathlener wat in landskapformaat en nie in portretformaat nie gedruk is. Hierdie formaat sluit aan by die formaat waarin die oorgrote meerderheid orrelmusiek gedruk is. Onnodige omblaaiery sou uitgeskakel kon word indien meer as net twee orrelbalke per bladsy gedruk sou gewees het. Anders as in elke vorige bundel, kom daar bladsynommers in hierdie bundel voor. Wat die drukwerk van die bundel betref, noem Pauw die volgende (1991:67):

Ofskoon die uitgewers van 'n hoë gehalte papier gebruik gemaak het, kan dieselfde ongelukkig nie van die drukwerk gesê word nie – laasgenoemde is duidelik, maar nie professioneel nie. Die uitleg van sommige van die werke kon ook beter gewees het – by Gesang 122 byvoorbeeld, moet mens omblaai om net die laaste twee mate op die laaste bladsy te lees.

Daar bestaan 'n gedrukte proefweergawe van bladsye 30–33 van hierdie bundel in die argief van die NHK. Op hierdie vier bladsye kan daar getikte instruksies en versoeke wat Mathlener aan die drukker rig ten einde noot- en spasiëringsfoute reg te stel, op talle plekke gesien word. Ten spyte hiervan het daar steeds foute in die drukwerk van die finale weergawe ingeglip. Die klaarblyklike moeite wat Mathlener met sy uitgewer gehad het net om die notasie en spasiëring reg te stel, laat die vraag ontstaan hoe die drukwerk daaruit sou gesien het indien hy behalwe note, ook artikulasie-teken in die bundel sou aangebring het.

3.11.2 Die *Variasies oor Psalm 119*

Die koraalpartita en -variasies in die bundel *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6* is verwant in styl aan ander komposisies van Mathlener in hierdie genre. Soos by die *Variasies en Fuga oor Psalm 116* in die bundel *Vyf kort koraalvoorspele Boek 2* kom 'n fugale deel ook in die *Variasies oor Psalm 119* voor. Mathlener gebruik die term “fugato” eerder as “fuga” om die fugale seksie in laasgenoemde

werk te identifiseer. In teenstelling met die losstaande fuga in die *Variasies en Fuga oor Psalm 116* vorm die fugato in die *Variasies oor Psalm 119* deel van die laaste variasie. Teen die einde van hierdie variasie word die voorlaaste versreël van die koraalmelodie vir 12 en 'n halwe maat lank fugaal hanteer voordat die variasie met die laaste versreël in blokakkoorde afsluit.

3.11.3 Die *Prelude en Fuga oor Psalm 65*

Daar bestaan 'n vroeëre weergawe van die *Prelude en Fuga oor Psalm 65* wat Mathlener netjies met die hand geskryf het en vir verspreiding afgerol het. Bo-aan hierdie weergawe is die titel *KOMPETISIE VIR ORRELISTE 1970*, aangebring. Soortgelyke subtitels kom by talle ander orrel- en klavierwerke van hierdie komponis voor. Waar so 'n subtitel met die verskyning van die embleem van die Konservatorium vir Musiek vergesel word, dui dit daarop dat die musiekstuk vir onderwysdoeleindes van hierdie instansie voorberei is.

Die prelude toon 'n ooreenkoms in styl met die meerderheid ander koraalvoorspele van Mathlener. Met 'n lengte van 35 mate is hierdie prelude langer as sy ander koraalvoorspele wat gemiddeld slegs 20 mate lank is. 'n Treffende obligaatomelodie wat in agste- en sestiende-note beweeg, begelei die koraalmelodie.

Die eerste versreël van die koraalmelodie vorm die hooftema van die fuga. Die tweede en vierde stemme tree op die sub-dominant toonaard van A mineur met die tema in. Die fuga neem die vorm van 'n dubbelfuga uit die Barok-periode aan deurdat daar kort na afloop van die uiteensetting van die eerste tema met 'n nuwe, kontrasterende tema in maat 21b ingetree word. Mathlener beveel op hierdie punt aan dat daar na 'n sagte manueel wissel moet word. Die aanduiding van 'n manueelwisseling tydens die verloop van 'n fuga dien as 'n verdere bewys dat Mathlener 'n pre-puristiese benadering tot die interpretasie van Barok-musiek gehandhaaf het. Vanaf die herintrede van die eerste tema in maat 31b tot by die slot maak Mathlener van talle kontrapuntale tegnieke gebruik. Eerstens word daar met die eerste tema in verkleinde vorm ingetree en daarna verskyn hierdie tema in sy oorspronklike nootwaardes in stretto tussen die bas- en sopraanstemme. Soos gewoonlik by die derde en laaste deel van dubbelfugas word die eerste tema en die tweede tema gekombineer. Mathlener dui aan dat daar vir hierdie gedeelte na die

harder manueel teruggekeer moet word. Hy sorg in maat 42 vir 'n verrassingselement deur die eerste tema van die fuga met die obliqaatmelodie van die prelude te kombineer. Die fuga sluit op 'n hoogtepunt af deur die aantal stemme tot ses te vermeerder terwyl die eerste tema in blokakkorde uitgebasuin word.

3.11.4 Die *Koraalvoorspel oor Psalm 118*

Die drie koraalvoorspele in die bundel *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6* is stilisties meer uitgebreid as enige van die ander gepubliseerde komposisies van Mathlener in hierdie genre. Die koraalvoorspele oor Psalm 118 en Gesange 39 en 122 is onderskeidelik 29, 37 en 34 mate lank terwyl die gemiddelde koraalvoorspel van Mathlener om en by 20 mate lank is.

Die *Koraalvoorspel oor Psalm 118* is 'n briljante en tegnies gevorderde koraalvoorspel wat Mathlener in 1964 gekomponeer het. 'n Vroeë gedrukte weergawe van hierdie koraalvoorspel wat in die F.Z. van der Merwe-musiekversameling beskikbaar is, is getiteld *ORRELKORAAL OOR PS. 66 – Cantus Firmus in die pedaal*. Die melodie *Rendez à Dieu louange et gloire* van Guillaume Franc (1500–1570) word vir beide Psalms 66 en 118 gebruik. Dit is nie bekend waarom Mathlener die titel vir die gepubliseerde weergawe in *Boek 6* verander het nie.

Die gebruik van enkelstemme vir die hande waarby die pedaalstem gevoeg is, laat dit op die oog af lyk of die *Koraalvoorspel oor Psalm 118* in die vorm van 'n trio gekomponeer is. By die afwesigheid van manueel-aanduidings kan orreliste hulle moontlik voorneem om die twee stemme in die hande op verskillende manuele te speel soos wat by trio-spel gedoen word. By 'n handgeskrewe weergawe van hierdie komposisie wat in die argief van die NHK verkrygbaar is, het Mathlener volledige registrasie-aanduidings bo-aan die eerste bladsy aangebring. Hier skryf hy die gebruik van 'n enkele manueel vir albei hande voor deur 'n groot Romeinse letter I in die middel van die twee balke vir die hande te skryf. Aangesien die hande nêrens kruis nie is dit tegnies moontlik dat beide die stemme in die hande op een manueel uitgevoer kan word. Die materiaal van die handstempartye stem grootliks ooreen met mekaar en word deur virtuose passasiewerk van sestiende-note wat met agstenote afgewissel word, gekenmerk. Pauw (1991:67) se beskrywing van die

stemme wat die cantus firmus begelei, naamlik dat hulle deur 'n “soepele beweeglikheid” gekenmerk word, is veral by hierdie koraalvoorspel gepas. Die gebruik van volle orrelregistrasies volgens Mathlener se registrasie-aanduiding by die handgeskrewe weergawe van hierdie werk, dra by tot die briljantheid daarvan. Orreliste wat hierdie stuk wil aandurf, kan die vingersettings wat Mathlener in die handgeskrewe weergawe aangebring het, uitprobeer. Geen vingersettings word in die twee gedrukte weergawes aangetref nie.

3.11.5 Die *Koraalvoorspel oor Gesang 122*

Die gebruik van Mathlener om die betekenis van 'n spesifieke vers van 'n lied en nie die lied as geheel nie, in 'n koraalvoorspel te parafraseer, soos voorheen by die koraalvoorspel vir Psalm 62:6 gesien is, maak weereens sy verskyning by die *Koraalvoorspel oor Gesang 122*. Geen spesifieke vers van hierdie Gesang word in die titel van die koraalvoorspel soos dit in *Boek 6* opgeneem is, gemeld nie. Die titel van 'n vorige handgeskrewe weergawe van hierdie komposisie wat in die F.Z. van der Merwe-musiekversameling beskikbaar is, lui egter soos volg: *Ges. 120:2 Ja ek kos Hom die slae...* Uit hierdie titel blyk dit dat Mathlener die inhoud van die tweede vers van Gesang 120 volgens die *Koraalboek* van 1956 as basis vir hierdie koraalvoorspel gebruik het. Die koraalmelodie van die Lydensgesang *Herzlich tut mich verlangen* van Hans Leo Hassler (1564–1612) is as cantus firmus vir hierdie koraalvoorspel gebruik. Die koraalvoorspel is in 1948 gekomponeer toe die *Koraalboek* van 1978 nog nie bestaan het nie. Toe Mathlener hierdie koraalvoorspel in 1988 in *Boek 6* wou publiseer, tien jaar na die verskyning van die *Koraalboek* van 1978, was hy genoodsaak om die titel van hierdie koraalvoorspel te verander (Mathlener, 1988:50). Gesang 120 uit die *Koraalboek* van 1956 verskyn nie onder 'n nuwe Gesangnommer in die *Koraalboek* van 1978 nie. Die nommer van 'n Lydensgesang in die *Koraalboek* van 1978 wat dieselfde melodie as die ou Gesang 120 gebruik, sou as titel vir hierdie koraalvoorspel moes dien. Derhalwe staan hierdie koraalvoorspel as die *Koraalvoorspel oor Gesang 122* in *Boek 6* bekend.

Die teks van die eerste versreël van die tweede vers van die ou Gesang 120, naamlik “Ja, ek kos Hom die slae”, handel oor die geseling van Jesus Christus. Mathlener wou spesifiek hierdie teksinhoud in die *Koraalvoorspel oor Gesang 122* musikaal vergestalt. Indien daar na die obligaatmelodie in die regterhandstem van

hierdie koraalvoorspel gekyk word, blyk dit dat Mathlener geïnspireer is deur die *Matteus-* en *Johannes-passies* van J.S. Bach. In die resitatiewe uit hierdie twee werke waar die evangelis die geseling van Jesus Christus verkondig, gebruik Bach 'n gepunteerde ritmiese motief in die begeleiding om die gesel-slae uit te beeld, soos wat in voorbeelde 13 en 14 gesien kan word:

Voorbeeld 13: Bach, *Matteus-passie*, no. 60, Recitativo, Coro II, "Erbarm es Gott",
1–4

60 RECITATIVO. Coro II.



Violino I. *p*

Violino II. *p*

Viola. *p*

Alto. *p*
Er - barm es Gott! Hier steht der Heiland angebunden O

Organo e Continuo. *(p)*
5/3 6/4+ 7^b/4 6/4 7/2 6/4# 7^b/5 6/4 7/2

VI. *3*

Vla.

A. *3*
Gei - ße-lung, o Schläg', o Wun den! Ihr Hen - ker, hal-tet

Cnt. *3*
6/4# 7^b/5 6/4 7/2

(Uit: J.S. Bach, *Matthäus-Passion*, BWV 244, p. 236)

Voorbeeld 14: Bach, *Johannes-passie*, no. 30, Recitativo, “Barrabas aber war ein Mörder”

Evangelist



Ev. Bar - ra - bas a - ber war ein Mör - der. Da nahm Pi -

Organo e Continuo

Ev. latus Je - sum und gei -

Org. e Cont. ßel - te ihn.

(Uit: J.S. Bach, *St. John Passion*, p. 75)

Voorbeeld 15 toon die gebruik van 'n soortgelyke gepunteerde ritmiese motief in die obliaatmelodie van die regterhandstem in die *Koraalvoorspel oor Gesang 122* van Mathlener aan. Hierdie motief word regdeur die obliaatmelodie van hierdie koraalvoorspel aangetref.

Voorbeeld 15: Mathlener, *Koraalvoorspel oor Gesang 122, 1–6*


(Uit: W. Mathlener, *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6*, p. 50)

Buiten die gebruik van 'n gepunteerde ritmiese motief toon die obligaatmelodie as geheel 'n opvallende ooreenkoms met die melodie van die alt-aria, “Können Tränen meiner Wangen” wat direk volg op die resitatief “Erbarm es Gott” uit die *Matteus-passie* van Bach:

 Voorbeeld 16: Bach, *Matteus-passie*, no. 61, Aria, Coro II, “Können Tränen meiner Wangen”, 1–4

61 ARIA. Coro II.



(Uit: J.S. Bach, *St Matthew Passion, BWV 244*, p. 238)

Die skrywer het dit goed gedink om die kort koraalvoorspel vir *Psalms 22* uit die bundel *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel* van Mathlener met bogenoemde musiekvoorbeelde te vergelyk. Hierdie koraalvoorspel is op die teks van Psalm 22 wat as 'n Lydenspsalm geklassifiseer word, gebaseer. Derhalwe maak die komponis

van dieselfde gepunteerde ritmiese motief wat in bostaande musiekvoorbeelde gevind kan word, vir hierdie koraalvoorspel gebruik:

Voorbeeld 17: Mathlener, *Psalm 22*



(Uit: W. Mathlener, *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel*, s.b.)

3.12 **Liturgiese Orrelmusiek Band 2 Verwerkings van die Geneefse melodie van Psalm 42**

Die publikasie *Liturgiese Orrelmusiek (LOM)* is 'n reeks-publikasie van ses bundels orrelmusiek wat tussen 1972 en 1986 verskyn het. Die doel met hierdie reeks-publikasie was om orrelmusiek vir gebruik tydens eredienste van die drie Afrikaanse susterskerke te voorsien. Luitingh (2010:2-2) beskryf hierdie reeks-publikasie soos volg:

Hierdie aantreklike hardebandbundels met gerubriseerde orrelmusiek van onder andere komponiste wat nog nooit voorheen hulle musiek gepubliseer het nie, het ook as inspirasie gedien vir Godschalk se skripsie. Daar kan met reg gesê word dat die reeks *LOM*-bundels in 'n groot behoefte in Suid-Afrika voorsien het, aangesien hulle die eerste van hul soort was. Dit het die belangstelling by beide orrelis en komponis geprikkel wat eindelik daartoe gelei het dat meer bande die lig gesien het – ses bande in totaal.

Die tweede band in die *LOM*-reeks bestaan uit 22 harmonisasies en verwerkings van die bekende koraalmelodie *Ainsi, que la biche rée* wat vir Psalm 42 gebruik word. Hierdie melodie is deur die Geneefse komponis, Loys Bourgeois (1510–1559) gekomponeer. Die bundel is in twee dele verdeel. Die eerste deel bestaan uit 11 harmonisasies en verwerkings van bogenoemde melodie in F majeur en die tweede uit 11 harmonisasies en verwerkings van dieselfde melodie in G majeur. Groenewald

(1990:11) meld watter strategie een van die samestellers, naamlik prof. J.J.K.

Kloppers vir die versameling van bydraes vir die bundel gevolg het:

Prof. Kloppers het telefonies met al die musiekdepartemente aan die Afrikaanse Universiteite en die Konserwatorium [sic] vir Musiek in Pretoria in verbinding getree, met die versoek dat belangstellende komponiste, komposisies op die genoemde melodie vir publikasie voorsien.

Mathlener het vier verwerkings van die melodie van Psalm 42 vir die tweede LOM-bundel gelewer, een in F majeur en drie in G majeur. 'n Jaartal wat die jaar van komposisie aandui, verskyn by al vier hierdie koraalverwerkings. Die eerste drie verwerkings, getiteld *Psalm 42:1* en *Twee trio-verwerkings* dateer uit 1974 en die vierde, getiteld *Fantasie*, uit 1973. Hieruit kan afgelei word dat nie een van die verwerkings van Psalm 42 in hierdie bundel voorheen deel was van die *Variasies oor Psalm 42, opus 23* wat Mathlener in 1956 gekomponeer het nie.

In die tydskrif *Vir die Musiekleier*, in die rubriek getiteld *Wat kan ek speel?* beskryf prof. G.G. Cillié (1980:49) Mathlener se bydraes volgens hulle nommers in die tweede LOM-bundel soos volg:

...(no 8), 'n moeilike verwerking met moderne harmonieë in die vorm van 'n tokkata, met die melodie in die pedaal; no 17, twee verwerkings: die eerste met die cantus firmus in die linkerhand, en die tweede met die melodie in die pedaal; no 18 'n fantasie waarin fragmente uit die eerste twee reëls van die melodie vryelik rondgegooi word tussen manueel en pedaal;...

Die *Fantasie* is tans die enigste komposisie van Mathlener wat vir die musiekeksamens van UNISA voorgeskryf is. Hierdie werk verskyn in Lys C van die Orrel Graad 6-eksamen van hierdie universiteit (Anoniem, 2012:15).

Uit Mathlener se titel vir die twee verwerkings van nommer 17, naamlik *Twee trio-verwerkings* kan afgelei word dat die gebruik van drie stemme en die hande wat op verskillende manuele speel, veronderstel word. Die Romeinse syfers I en II wat die komponis gebruik om verskillende manuele aan te dui kom net by die eerste trio-verwerking voor, maar nie by die tweede trio-verwerking nie. Die passasiewerk in agste- en sestiende-note van die stemme in die manuele toon 'n ooreenkoms met die materiaal in die manueel-stemme van die *Koraalvoorspel vir Psalm 118* in die bundel *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6*. Die manueel-stemme van die

tweede trio-verwerking kruis nie en verskaf begeleiding vir die koraalmelodie wat met die pedale gespeel word. Derhalwe is die opsie om die stemme wat deur die hande uitgevoer word op een manueel te speel, 'n sinvolle moontlikheid.

Die eerste drie koraalverwerkings van Mathlener in die *LOM*-bundel Band 2 is sonder die gebruik van tydmaattekens en maatstrepe gekomponeer. In die *Twee trio-verwerkings* word die parafrasies van die onderskeie versreëls deur die gebruik van 'n asemhalingteken ♪ geskei. Mathlener gebruik maatstrepe in die *Fantasie*, maar in die *LOM*-bundel ontbreek die tydmaattekens. Die gebruik van maatstrepe sonder 'n tydmaatteken dui normaalweg daarop dat die aantal polsslake per maat gedurig deur die loop van 'n komposisie varieer. Hierteenoor bestaan elke maat in die *Fantasie* uit vier kwartnoot polsslake per maat. In 'n vroeëre handgeskrewe weergawe van die *Fantasie* wat in die argief van die NHK beskikbaar is, kom die tydmaattekens **C** wel voor. Die weglating van die tydmaattekens van vier kwartnoot per maat vir die *Fantasie* soos wat dit in die tweede *LOM*-bundel verskyn, is derhalwe 'n drukfout aan die kant van die uitgewers van hierdie bundel.

3.13 Die koraalpreludes, opus 11 en 16–18

Die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAME)* verskaf 'n lys van altesaam 23 koraalpreludes wat Mathlener tussen 1946 en 1950 gekomponeer het (Malan, 1984:239). Benewens die opusnommers en die jaartalle wat volgens die lys in *SAME* aan hierdie komposisies toegeken is, bestaan daar verder geen inligting daaroor nie. Vanweë die afwesigheid van titels vir elk van hierdie koraalpreludes kan daar nie afgelei word op watter Psalms of Gesange hulle gebaseer is nie. Die afkorting “Ms.” in *SAME* dui aan dat hierdie koraalpreludes in manuskripvorm gelys is, waaruit afgelei kan word dat hierdie werke nie gepubliseer is nie. Behalwe vir die eerste twee is al hierdie koraalpreludes in die jaar van Mathlener se immigrasie na Suid-Afrika en in die twee jaar daarna, naamlik 1948–1950 gekomponeer.

3.14 Orrelwerke vir onderwysdoeleindes

Tien afgerolde kopieë van kort orrelwerke wat Mathlener vir onderwysdoeleindes gekomponeer het, kom in die F.Z. van der Merwe-musiekversameling voor (Mathlener, s.j.(k):s.b). Die tien werke is aan mekaar gekram en vorm derhalwe 'n

eenheid. Hierdie kort werke beslaan nie meer as een bladsy elk nie en wissel in lengte van sewe tot twaalf mate. Elkeen is netjies met die hand geskryf en vertoon die embleem van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria.

Met uitsondering van die eerste werk, is almal op drie musiekbalke geskryf en word hierdeur van die werke wat Mathlener vir klavieronderrig gekomponeer het, onderskei. Alhoewel die eerste werk slegs op twee balke geskryf is, kan daar uit die titel, naamlik *VOORSPEL vir psalm 130 vir orrel* afgelei word dat hierdie werk nie as 'n klavierwerk gereken moet word nie. Behalwe die eerste en vierde werk, ook getiteld *VOORSPEL vir psalm 130 vir orrel*, verskyn daar geen titel by enige van die ander werke nie. Die term “ongetiteld” verskyn by hierdie werke in die katalogus.

Vier van die ongetitelde orrelwerke is op koraalmelodieë gebaseer. Die sesde, agtste en tiende werke is op die melodie van Gesang 26 volgens die *Koraalboek* van 1978 gebaseer en die sewende op die melodie van Psalm 62. Die skrywer reken dit as toepaslik om die term “koraalvoorspel” in plaas van “orrelwerk” in die genre-kolom van die katalogus vir hierdie vier werke, asook bogenoemde twee voorspele wat op die melodie van Psalm 130 gebaseer is, te gebruik.

Dit is van belang om kennis te neem dat die eerste, derde en vierde van die tien werke in hierdie versameling van Mathlener, van die min komposisies is waarin daar artikulasie-aanduidings voorkom. In die eerste werk gebruik hy fraseringsboë in kombinasie met staccato-tekens om 'n portato-artikulasie aan te dui. In die derde en vierde werke word 'n fraseringsboog telkens bo-oor 'n bepaalde aantal opeenvolgende note geskryf om aan te toon dat hierdie note legato uitgevoer moet word.

Die vyfde werk is gekomponeer om die pedaaltegniek van die orrelis op te skerp. Uit voorbeelde 18 en 19 kan gesien word dat Mathlener moontlik die tweede variasie van die eerste beweging van Mendelssohn (1809–1847) se Sesde Orrelsonate in gedagte gehad het toe hy hierdie werk gekomponeer het. Ooreenkomste in die trioolfigure wat in die pedaalparty van albei onderstaande voorbeelde voorkom, word deur hakies “a” en “b” aangedui:

Voorbeeld 18: Mathlener, Ongetiteld, 1–7a



(Uit: W. Mathlener, *Orrelkomposities, bewerkings van Gesang* e.a. F. Z. van der Merwe-musiekversameling, s.b.)

 Voorbeeld 19: Mendelssohn Bartholdy, *Sonate VI, I*, 55–61a



(Uit: F. Mendelssohn Bartholdy, *Sämtliche Orgelwerken II*, p. 66–67)

3.15 Losstaande koraalvoorspele

3.15.1 Inleiding

Die losstaande koraalbewerkings van Mathlener is in die katalogus volgens stygende Psalmnummers wat daarna deur stygende Gesangnummers gevolg word, gerangskik. Hierna is twee koraalbewerkinge wat nie 'n nommer van 'n Psalm of Gesang waarop dit gebaseer is, bevat nie, gelys, naamlik die koraalvoorspel oor *Amen* en die *Koraalsuite, opus 3*. Van die 23 losstaande koraalbewerkinge wat in die katalogus gelys is, is daar net een gepubliseer, naamlik die *Troumars oor Psalm 33*.

3.15.2 Die *Troumars oor Psalm 33*

Die *Troumars oor Psalm 33* ook bekend as die *Troumars, opus 22* is een van die drie werke van Mathlener wat as 'n losstaande werk gepubliseer is en gevolglik nie in 'n bundel voorkom nie. Die ander twee werke wat ook só gepubliseer is, is die *Partita oor "Kom herwaarts, getroues"* en *Ons Verenigings-lied* van die NHK se sustersvereniging. SAME verstrekk 'n jaartal vir die ongepubliseerde manuskrip van die troumars, naamlik 1955 (Malan, 1984:239). Die *Troumars oor Psalm 33* is 'n parafrase van die koraalmelodie *Zingt vroolijk, heft de stem naar boven* wat die Suid-Afrikaanse komponis, A.C. van Velden (1866–1957) in 1919 vir Psalm 33 gekomponeer het.

Die vraag sou kon ontstaan waarom Mathlener 'n troumars wat op 'n koraalmelodie gebaseer is, gekomponeer het. 'n Moontlike antwoord op hierdie vraag lê in die motivering vir die publikasie van die eerste bundel van *LOM* opgesluit. In 'n artikel getiteld *Pragbundel vul leemte in kerkmusiek aan*, wat in die *Volksblad*, gedateer 12 Oktober 1973 verskyn het, skryf De Villiers (1973:s.b.) die volgende oor die eerste *LOM*-bundel:

Sedert die geroep jare gelede al opgegaan het dat daar by kerklike huwelike afgesien word van Mendelssohn en Wagner se troumarse en by begrafnisse van die dodemarse van Händel en Chopin – 'n geroep wat sinodale onderstreping ondervind het – het kerkkorreliste met reg gevra: As hierdie marse dan verboden [sic] is, waarheen moet 'n mens jou wend? Waar kry jy geskikte kerkmusiek?

In die rubriek *Wat kan ek speel?* wat in die tydskrif *Vir die Musiekleier* verskyn het, handhaaf prof. G.G. Cillie (1980: 46) 'n soortgelyke standpunt oor die gebruik van nie-liturgiese musiek tydens die erediens en verwante kerklike instellings soos huwelikbevestigings en begrafnisse:

Mettertyd het dit vry algemeen geword, ook in ons land, om by kerkhuwelike die heidense troumarse van Wagner en Mendelssohn te speel. Dit is goeie musiek vir die opera-huis en die konsertsaal, maar kan nie geduld word tydens 'n diens in die kerk nie.

Orreliste en eredienskommissies wat erns daarvan maak om tydens eredienste slegs liturgies verantwoorde musiek te laat opklink, maak ernstig beswaar teen die speel van hierdie troumarse in die kerk. Hulle pogings om die marse verbied te kry, was nog nie orals suksesvol nie. Maar soos alle hervormings sal hierdie een ook tyd nodig hê om te slaag.

Die samestellers van die eerste bundel in die *LOM*-reeks het hulle dit ten doel gestel om liturgies verantwoorde, Skrifgebonde musiek wat nie afbreuk sou doen aan die karakter van die gereformeerde liturgie nie, vir huwelikbevestigings en begrafnisse te voorsien (Louw & Kloppers, 1972: s.b). Mathlener het so vroeg as 1955 al aan hierdie oproep gehoor gegee deur die *Die Troumars oor Psalm 33* te komponeer en as alternatief vir die sekulêre troumarse van Wagner en Mendelssohn te stel.

Dit blyk dat die pogings om die gebruik van die troumarse van Wagner en Mendelssohn tydens huweliksbevestigings in die drie gereformeerde susters-kerke in Suid-Afrika te verbied, teen die tagtigerjare afgeneem het. In die NHK het die Raad vir Kerkmusiek, waarvan Mathlener die sekretaris was, 'n indringende studie oor die gebruik van die troumars van Mendelssohn tydens huweliksbevestigings gemaak. Hieroor het die raad soos volg aan die Algemene Kerkvergadering van 1983 van bogenoemde kerk verslag gedoen (Van Wyk, 1984:42):

As resultaat van hierdie studie is egter besluit dat daar nie wesenlike gronde bestaan vir 'n *verbod* op die gebruik van die troumars nie. Oorsprong en herkoms van musiek of 'n melodie maak ons insiens nog nie die musiek totaal onbruikbaar vir die Christelike Kerk nie, tensy daar sterk assosiasie-hindernisse bestaan. Maar is daar werklik nog mense in ons kerke wat byvoorbeeld die Mendelssohn-troumars assosieer met die sekulêre agtergrond waaruit dit stam? Of assosieer ons mense die troumars met die Christelike erediens?

Die Raad vir Kerkmusiek sou ten alle tye wou sien dat ook voor- en na die huweliksdien slegs erkende kerkmusiek gebruik moet word. So het die Kerk dit ook as sy wens uitgespreek. Maar ons meen nie daar is rede vir 'n absolute verbod op die gebruik van die troumars nie.

Dit wil voorkom of die toenemende verdraagsaamheid teenoor die troumars van Wagner en Mendelssohn meegebring het dat die *Troumars oor Psalm 33* van Mathlener gaandeweg in onbruik geraak het.

3.15.3 Die koraalvoorspel, *Ontferm, o God, ontferm U tog oor my... Psalm 51*

Die ongepubliseerde koraalvoorspel, getiteld *Ontferm, o God, ontferm U tog oor my... Psalm 51* is een van Mathlener se hartroerendste koraalvoorspele. In vergelyking met ander koraalvoorspele van hierdie komponis wat gemiddeld slegs 20 mate lank is, is die koraalvoorspel oor Psalm 51 met 'n lengte van 32 mate een van die meer uitgebreide werke in hierdie genre. Die tempo-aanduiding “Baie stadig” bring mee dat die tydsduur van hierdie koraalvoorspel langer is as die meeste ander koraalvoorspele van hierdie komponis. Die uitvoering van die werk duur bykans drie en 'n halwe minuut. Waar die tempo-aanduiding gekenmerk word deur die gebruik van die eg Afrikaanse woord “baie” en nie “heel” nie, soos dit in Nederlands gebruik sou word, kan daar by die afwesigheid van 'n jaartal op die manuskrip afgelei word dat hierdie koraalvoorspel ná Mathlener se immigrasie na Suid-Afrika gekomponeer is.

Regdeur die verloop van die koraalvoorspel oor Psalm 51 word die basstem deur 'n polsende ritme wat uit herhaalde agstenote bestaan, gekenmerk. Hierdie polsende ritme word plek-plek onderbreek deur die basstem in stygende of dalende agstenote te laat beweeg voordat dit telkens weer op 'n herhalende noot te lande kom. Voorbeelde 20 en 21 toon hoe hierdie ritmiese patroon in die basstem met die begeleidingstemme van die koraalvoorspel *Erbarm' dich mein, O Herre Gott* van J.S. Bach ooreenstem:

Voorbeeld 20: Mathlener, *Ontferm, o God, ontferm U tog oor my... Psalm 51, 1–10b*

Baie stadig (♩ = 42)



(Uit: W. Mathlener, *Orrelkomposisies, Amen, bewerkings van Psalms* e.a. F. Z. van der Merwe-musiekversameling, s.b.)

Voorbeeld 21: Bach, *Erbarm' dich mein, O Herre Gott, BWV 721, 1–6*

Poco Adagio. ♩ = 50.



(Uit: J.S. Bach, *Organ Works, Book 18, Miscellaneous chorale preludes (Part I)*, p. 35)

Dit blyk dat die inspirasie wat Mathlener uit hierdie koraalvoorspel van Bach geput het nie aan toeval toe te skryf is nie. Die titel van hierdie koraalvoorspel van Bach stem woordeliks ooreen met die eerste versreël van Psalm 51. Die inhoud van die tekste van beide Psalm 51 en die koraal *Erbarm' dich mein, O Herre Gott* handel oor skuldbelydenis, vergifnis en die smeking om genade.

In die meeste gevalle behou Mathlener die toonaard van die oorspronklike koraal vir sy bewerking van daardie koraal. In die geval van die koraalvoorspel oor Psalm 51 gebruik hy die toonaard van die Bach-koraalvoorspel, *Erbarm' dich mein, O Herre Gott* wat hy oënskynlik as model gebruik het, naamlik B mineur. Die koraal van Psalm 51 soos dit in beide koraalboeke van 1956 en 1978 aangetref word, is in A mineur geskryf.

3.15.4 Die koraalvoorspel oor Psalm 66:1 uit *Vyf kort Psalmbewerkings*

In *SAME* se lys van komposisies van Mathlener word melding gemaak van 'n groep koraalvoorspele, naamlik *Vyf kort Psalmbewerkings* (Malan, 1984:240). Een van hierdie vyf Psalmbewerkings is getiteld 66:1. Daar bestaan nie duidelikheid of hierdie bewerking dieselfde komposisie is as die *Koraalvoorspel oor Psalm 118* wat in die bundel *Sewe geselekteerde Koraalvoorspele Boek 6* gepubliseer is nie. Vorige weergawes van hierdie gepubliseerde komposisie staan as die *Orrelkoraal oor Ps. 66 - Cantus Firmus in die pedaal* en *Ps. 66 - "Juig aarde, juig met blye galme"* bekend. Aangesien daar geen afdoende bewys is dat hierdie gepubliseerde koraalvoorspel met die een wat in *SAME* gelys is, ooreenstem nie, het die skrywer eersgenoemde komposisie as 'n aparte komposisie by die losstaande koraalvoorspele in die katalogus gelys.

3.16 Orrelwerke wat nie op 'n koraalmelodie gebaseer is nie

3.16.1 Inleiding

SAME lys drie werke van Mathlener wat nie op 'n koraalmelodie gebaseer is nie (Malan, 1984:239). Die komponis gebruik Barok-terme, naamlik tokkate, prelude en fuga vir die titels van hierdie werke. Uit die opusnommers en jaartalle wat aan hierdie drie werke toegeken is, kan afgelei word dat die *Toccatà voor Orgel, opus 4* van

1934 en die *Prelude en fuga, opus 9* van 1945 in Nederland gekomponeer is. Die *Prelude en fuga, opus 24* van 1957 is egter ná Mathlener se immigrasie na Suid-Afrika gekomponeer. Aangesien daar nie afskrifte van die *Prelude en fuga, opus 9* en die *Prelude en fuga, opus 24* beskikbaar is nie, kon geen inligting verkry word ten einde die agtergrond, lengte of tonaliteit van hierdie komposisies vas te stel nie.

3.16.2 Die *Toccata voor Orgel, opus 4*

Die afskrif van die *Toccata voor Orgel, opus 4* wat in die F.Z. van der Merwe-musiekversameling beskikbaar is, toon hoe Mathlener die titel daarvan verafrikaans het deur 'n strokie papier waarop die woorde "Toccata vir" geskryf is, bo-oor die oorspronklike Nederlandse bewoording wat "Toccata voor" gelui het, te plak. Die afskrif van hierdie werk in die argief van die NHK toon die bewoording van die titel in Nederlands. Beide eksemplare van hierdie werk is kopieë van die oorspronklike onnet handgeskrewe manuskrip.

Die *Toccata voor Orgel, opus 4* wat Mathlener op 25-jarige leeftyd gekomponeer het, is met 'n lengte van 148 mate, sy derde langste werk. Slegs die *Partita oor "Kom herwaarts, getroues"* is langer. Die tokkate is in 'n drieledige struktuur gekomponeer waarvan die onderskeie afdelings met die tempo-aanduidings *Allegro*, *Adagio* en *Presto* opeenvolgend in mekaar vloei. Mathlener verskaf die instruksie "Vol werk beh. 16 V." vir die registrasie van die *Allegro*-gedeelte (Mathlener, s.j.(k):s.b). Hierdie gedeelte word gekontrasteer deur die daaropvolgende sagte registerkeuse vir die *Adagio*-gedeelte. Aan die begin van die fugale *Presto*-gedeelte word 'n aansienlike aantal registers by die sagte registerkeuse van die *Adagio*-gedeelte bygevoeg ten einde 'n *f*-vlak te bereik. Gaandeweg word meer registers voorgeskryf sodat die werk met die volle orrel op 'n hoogtepunt afsluit.

Ondanks die afwesigheid van 'n toonsoortteken en die oorvloedige gebruik van chromatiek kan tonale sentrums in die *Toccata voor Orgel, opus 4* nogtans geïdentifiseer word. Die toonaard van C mineur kan aan die begin van die *Allegro*-gedeelte onderskei word. Dieselfde toonaard word ook vir die fuga-tema van die *Presto*-gedeelte gebruik. In hierdie fugato-gedeelte word die tradisionele kontrapuntale skryfwyse van die Barok-tydperk gevolg deurdat die tweede en vierde intredes van die fuga-tema in die dominant toonaard van C mineur, naamlik G

mineur voorkom. Die gebruik van diatoniese tonaliteit aan die begin van die fugato-gedeelte word spoedig deur die chromatiek van die voorafgaande *Allegro*- en *Adagio*-gedeeltes vervang en duur tot aan die einde van die *Presto*-gedeelte. Die oorwegend chromatiese idioom van hierdie komposisie maak dit meer geskik vir die konsertsaal as vir die erediens.

3.17 Klavierwerke wat in Nederland gekomponeer is

3.17.1 Inleiding

Alhoewel Willem Mathlener nie soseer as pianis of komponis van klavierwerke gereken word nie, het hy tog tydens sy musikale loopbaan in beide Nederland en Suid-Afrika heelwat klaviermusiek gelewer. Sy komposisies vir klavier behels 'n aansienlike aantal kort studiestukke vir klavierleerlinge asook meer gevorderde werke wat uit sy komposisietydperk in Nederland dateer, naamlik die *Sonatinas* vir klavier, opus 7 en opus 10.

Vyf klavierwerke wat Mathlener voor sy koms na Suid-Afrika gekomponeer het, is in *SAME* gelys, naamlik *Invention, opus 5*, *Sprookjies, opus 6*, die *Sonatine, opus 7*, *Twaalf kindersketse, opus 8* en die *Sonatine, opus 10* (Malan, 1984:240). Dit is jammer dat daar van hierdie vyf werke net afskrifte van die *Sonatine voor Piano, opus 7* beskikbaar is. Gevolglik kon die stilistiese eienskappe van die oorblywende werke wat hierbo genoem is, nie ondersoek word nie.

3.17.2 Die *Sonatine voor Piano, opus 7*

Beide die F.Z. van der Merwe-musiekversameling en die argief van die NHK huisves 'n oorspronklike afskrif van die *Sonatine voor Piano, opus 7*. Met 'n lengte van 188 mate is hierdie Sonatine Mathlener se tweede langste werk. Die Sonatine bestaan uit drie bewegings, naamlik *Allegro moderato*, *Adagio ma non troppo* en *Allegro con brio*. By nie een van die bewegings verskyn daar 'n toonsoortteken nie. Die oorvloedige hoeveelheid skuiftekens by die eerste aanskoue van die partituur suggereer dat Mathlener van 'n tradisionele majeur- en mineur-tonaliteit wegbeweeg. Die groot aantal skuiftekens is die resultaat van die notering van dissonante harmonie, nie-verwante akkoord-opeenvolgings en verminderde en vergrote intervalle. Hierdie chromatiese elemente verleen aan die sonatine 'n kenmerkende

twintigste-eeuse karakter wat die harmoniese styl daarvan betref. In geen van die drie bewegings kan 'n duidelik herkenbare majeur- of mineur-tonaliteit onderskei word nie.

Die drukker Fa. W. Spronk in Breda, Mathlener se tuisdorp in Nederland, het die *Sonatine voor Piano, opus 7* in die eerste helfte van 1943 uitgegee. Die komposisie is op A5-grootte papier gedruk en alhoewel die druk- en setwerk oënskynlik deur uitgedateerde toerusting gedoen is, is die partituur duidelik leesbaar.

3.17.3 Die bundel, *10 Eenvoudige Stukjes voor Piano*

Alhoewel net die sesde en die tiende stukke van die bundel *10 Eenvoudige Stukjes voor Piano* die titel *Studie* dra, poog Mathlener om by elk van die stukke 'n bepaalde tegniek aan die klavierleerling te leer. In die stukke getiteld *Dansje*, *Nocturne*, *Walsje* en *Serenade* word die leerling aan 'n begeleidingsfiguur in die linkerhand wat dikwels met 'n wals of 'n masurka geassosieer word, blootgestel. Hierdie begeleidingsfiguur behels die speel van 'n basnoot in die laer register van die klavier op die sterk polsslag van 'n maat, gevolg deur 'n beduidende groot sprong na die middelregister van die klavier toe waar die swak polsslake van die maat gespeel word. In die sesde stuk, getiteld *Studie* word die akkuraatheid in die spel van gepunteerde ritmes geoefen en in die tiende stuk wat dieselfde titel het, word die leerling aan die gevorderde toonaard van E majeur blootgestel. Mathlener het in vier van die stukke, naamlik *Nocturne*, *Walsje* en in die twee studies in enkele gevalle waar die duim onderdeur die ander vingers tydens toonleer- of arpeggio-spel beweeg, vingersettings aangebring.

Soos in die geval van sy *Sonatine voor Piano, opus 7* het Mathlener die plaaslike drukker Fa. W. Spronk in Breda, Nederland vir die druk van hierdie tien kinderstukke genader. Afgesien van 'n paar spasiëringsfoute en enkele gevalle waar nootsteeltjies en -balke in die verkeerde rigting wys, is die drukwerk bevredigend. Elke stuk is van 'n gepaste illustrasie voorsien. Die buiteblad van die bundel is ook ryklik met illustrasies versier.

In die afskrif van die bundel *10 Eenvoudige Stukjes voor Piano* wat in die argief van die NHK gehuisves word, ontbreek die laaste bladsy en die agterblad van die

bundel. Gevolglik kan net die eerste 17 mate van die laaste stuk, naamlik *Studie (No. 10)* waargeneem word.

3.18 Klavierwerke wat in Suid-Afrika gekomponeer is

Die 27 klavierwerke van Mathlener wat in Suid-Afrika die lig gesien het, is uitsluitlik vir klavieronderrig bedoel. Hy het hierdie werke vir vier spesifieke geleenthede wat hy in sy hoedanigheid as Direkteur van die Konservatorium vir Musiek in Pretoria gereël het, gekomponeer, naamlik;

- die Klavierkompetisie vir jong pianiste van September 1970, tydens die viering van die tienjarige bestaansjaar van die Konservatorium vir Musiek in Pretoria;
- die Klaviereksamens van April 1971;
- die Klavierwedstryd van April 1971; en
- die Klavierwedstryd van 5–8 Mei 1975.

Die stukke is vir elk van hierdie vier geleenthede van maklik tot moeilik gerangskik. Mathlener het kinders wat klavieronderrig by die Konservatorium vir Musiek in Pretoria ontvang het in ses groepe van die laagste tot die hoogste vorderingsvlak gegroepeer. Die letters A, B en C wat met die syfers 1 en 2 kombineer om die kodes A1, A2, B1, B2, C1 en C2 te vorm, is gebruik om hierdie ses vorderingsgroepe te benoem. 'n Leerling wat pas met klavierlesse begin het, is aanvanklik in Groep A1 geplaas waarna hy of sy uiteindelik tot by groep C2 vorder.

Vir die eerste drie van bogenoemde geleenthede wat die Konservatorium vir Musiek in Pretoria vir klavierleerlinge aangebied het, het Mathlener kombinasies van opeenvolgende kodes, byvoorbeeld A1–A2 of A2–B1 of B2–C1 gebruik om die moeilikheidsgraad van die komposisies wat vir hierdie geleenthede voorberei is, aan te dui. Dit blyk dat hy vir die Klavierwedstryd van 5–8 Mei 1975 'n nuwe graderingskaal waarin leerlinge volgens hulle ouderdomme gegroepeer is, gebruik het en derhalwe met die kode-sisteem van die drie vorige geleenthede weggedoen het. By die vyf stukke wat vir hierdie geleentheid voorberei is, verskyn daar subtitels, naamlik 8–10 jaar, 10–12 jaar, 12–15 jaar by twee stukke en 15–18 jaar. Hiermee word die geskiktheid van 'n stuk aan een van die bogenoemde vier ouderdomsgroepe toegewys.

Die volgende faktore dien as riglyne waarvolgens die moeilikheidsgraad van die 27 klavierstukke wat Mathlener vir onderwysdoeleindes gekomponeer het, bepaal kan word:

- Die moeilikheidsgraad van 'n stuk word deur die lengte daarvan bepaal. Makliker stukke is korter as moeiliker stukke. Die kortste drie stukke is net agt mate lank terwyl die langste stuk 34 mate lank is.
- By makliker stukke speel die hande apart en by moeiliker stukke speel die hande saam.
- Makliker stukke is vir enkelstemme in die hande gekomponeer terwyl die speel van twee stemme vir een van die hande by moeiliker stukke vereis word.
- Makliker stukke is in toonaarde gekomponeer waarvan die toonsoortteken nie meer as een skuifteken oorskry nie terwyl moeiliker stukke toonsoorttekens met twee of meer skuiftekens gebruik.
- Die speel van sestiende-note word tot die moeiliker stukke beperk.
- Modulasies en die gebruik van vreemde toonsisteme wat die lees van toevallige tekens vereis, kom by moeiliker stukke voor.

Die werke wat vir die Klavierkompetisie vir jong pianiste van September 1970 en die Klavierwedstryd van April 1971 geskryf is, is almal ongetiteld. By die stukke wat vir die Klaviereksamens van April 1971 geskryf is, kan die titels soos volg geklassifiseer word:

- Die titel beskryf 'n buite-musikale element wat met die stuk geassosieer word, soos by *Sorgeloos*, *Koekoe*, *Vrolik*, en *Dansie*.
- Die titel beskryf 'n musikale element wat in die stuk onderrig word, soos die oefen van toonpassasies in *Ken jou toonlere*, handverskuiwings in *Uitdaging* en meerstemmige spel en die lees van skuiftekens in *Polifonie-kakefonie* [sic].
- Die Afrikaanse of Nederlandse volkswysie waarmee die regterhandstem van die stuk begin, word as titel vir die stuk gebruik, naamlik *Jan Pierewiet*, *K' Heb 'n Wagen vol geladen... vol met oue wywe* en *Heb je wel gehoord van de Zilveren Vloot*.

Die titels van die vyf stukke wat vir die Klavierwedstryd van 5–8 Mei 1975 voorberei is, bestaan uit rympies wat Mathlener self geskep het. Hierdie rympies bestaan uit óf een óf twee en in een geval selfs vier reëls. By al vyf die stukke kan die woorde van die rympies met die melodie waarmee die regterhandstem begin, gesing word. 'n Pittige voorbeeld van musikale humor kom voor by die derde stuk waarvan die eerste reël *Hier's 'n lekker wysie om te speel*, lui. Waar die regterhandstem in maat 7 die vierde reël van die rympie wat lui, *al lyk dit 'n bietjie moeilik hier*, speel, gebruik Mathlener 'n dalende heeltoon-toonleer. Op hierdie bepaalde plek moet die leerling drie addisionele moltekens in die regterhand lees en 'n begeleidingsfiguur wat uit stygende parallelle kwinte bestaan, met die linkerhand uitvoer. Hierdie elemente doen inderdaad gestand aan die bewoording, *al lyk dit 'n bietjie moeilik hier*.

Oënskynlik vanweë die feit dat Mathlener die 27 klavierstukke vir onderwysdoeleindes gekomponeer het, kom daar heelwat meer artikulasie-aanduidings asook vingersettings hierin voor as in enige van sy ander werke. Tog het die komponis geen tempo-aanduidings vir hierdie klavierwerke aangebring nie.

Soos in die geval van die orrelwerke wat Mathlener vir onderwysdoeleindes gekomponeer het, is die klavierstukke met die hand geskryf en vir verspreiding afgerol. Die embleem van die Konservatorium vir Musiek in Pretoria verskyn bo-aan elke stuk met uitsondering van drie.

3.19. Vokale werke

3.19.1 Inleiding

Die werke wat Mathlener vir die stem gekomponeer het, kan net soos sy orrel- en klavierwerke ook geklassifiseer word in dié werke wat in Nederland en dié wat in Suid-Afrika gekomponeer is. Daar kan uit die opusnommers wat aan die twee Nederlandse koorwerke, naamlik *Vier volksliedere op woorde van E. Hullebroeck* (1878–1965) en die toonsetting van die gedig *Gij badt op eenen berg alleen* van P.A. de Génestet (1829–1861), toegeken is, afgelei word dat hierdie werke die begin van die komponis se algehele werksuitset vorm. Opusnommers 1 en 2 word onderskeidelik aan hierdie twee werke toegeken. Volgens die jaartalle, 1930 en 1931 wat op die manuskripte verskyn, het Mathlener hierdie werke op die ouderdom van

21 en 22 jaar onderskeidelik gekomponeer. Op dieselfde manier kan daar uit die opusnommers en jaartalle wat aan *Die Stem van Suid-Afrika*, op. 19 van 1951 en die *Psalmkantate*, op. 21 van 1955 toegeken is, afgelei word dat hierdie werke in die jare kort na Mathlener se aankoms in Suid-Afrika die lig gesien het. Afgesien van die opusnommers, jaartalle en die bewoording van die titels soos wat dit in *SAME* aangeteken is, is daar verder niks oor bogenoemde vier werke bekend nie, aangesien daar nie manuskripte van hierdie werke beskikbaar is nie.

3.19.2 *Ons Verenigings-lied*

Die lied getiteld, *Ons Verenigings-lied* is gesamentlik geskep deur Mathlener wat die musiek gekomponeer het en Berend Gemser wat die teks geskryf het. Hierdie lied is vir gebruik tydens die sustersaamtrekke van die NHK geskryf. Alhoewel die opskrifte en die woorde van die teks in gedrukte letters voorkom, het Mathlener die note netjies in sy eie handskrif geskryf. Die Boekverspreidings-komitee van die NHK het die komposisie in hierdie formaat uitgegee. Die subtitel, *N.H.S.V.* wat op die publikasie verskyn, staan vir “Nederduits Hervormde Sustersvereniging”.

Mathlener gebruik ’n drieledige struktuur, AAB om die drie strofes van *Ons Verenigings-lied* te toonset. Dieselfde musiek word vir die eerste en tweede strofes gebruik. Die lied neem die tekstuur van ’n koraal aan deurdat die teks met een akkoord per lettergreep geharmoniseer is. Die akkoorde beweeg in kwartnote en elke versreël sluit af met ’n gepunteerde halfnoot. Die vloei van kwartnote word in drie van die agt versreëls onderbreek deurdat een van die lettergrepe in die betrokke versreël deur twee agstenote gesing word.

3.20 **Onbekende werke waarvan die bestaan deur ontbrekende opusnommers geïmpliseer word**

Indien die lys van komposisies van Mathlener in *SAME* bestudeer word, kan gesien word dat opusnommers 1 tot 11 elk met ’n titel van ’n komposisie geassosieer kan word. Die volgende komposisie wat in ’n stygende rangorde van komposisies met opusnommers gelys is, is die *Nege koraalpreludes*, opus 16. Die gaping wat tussen opusnommers 11 en 16 ontstaan, impliseer die bestaan van vier, tot dusver onbekende werke waaraan opusnommers 12 tot 15 toegeken is.

Die komposisie van Mathlener wat die hoogste opusnommer volgens die lys in *SAME* toon, is die *Partita oor “Kom herwaarts getroues”* waaraan opusnommer 26 toegeken is. Die lys in *SAME* toon nie aan dat Mathlener opusnommer 32 aan die vyf klavierwerke vir die Klavierwedstryd van 5–8 Mei 1975 toegeken het nie. Hieruit kan afgelei word dat opusnommers 27–31 op die bestaan van ’n verdere vyf onbekende komposisies dui.

In die ondersoek van afskrifte van al die beskikbare komposisies van Mathlener het dit aan die lig gekom dat die hoogste opusnommer aan die *Koraalprelude oor Ps. 89* toegeken is. By hierdie werk verskyn daar ’n subtitel, naamlik “opus 34 No. 1”. Deur die gapings wat tussen die bestaande opusnommers in die lys van Mathlener-werke ontstaan, te ondersoek, kan afgelei word dat die afwesigheid van opusnommers 12–15, 27–31 en 33 op die bestaan van altesaam tien ongeïdentifiseerde komposisies van hierdie komponis dui.

HOOFSTUK 4

Gevolgtrekking

4.1 Beantwoording van die subnavorsingsvrae

- Wat is die relevante biografiese besonderhede oor Willem Mathlener soos wat dit op sy komposisies van toepassing is?

Indien die lewe van Willem Mathlener as musikus bestudeer word, word dit duidelik dat hy as orrelis, kerkmusikus, pedagoog, dirigent en komponis aktief was. Aanvanklik is daar vir die samestelling van 'n kort biografie oor Mathlener gepoog om net inligting oor hom as komponis te vermeld, aangesien die oorblywende gedeeltes van hierdie mini-verhandeling oor die bestudering en katalogisering van sy komposisies handel. Gedetailleerde inligting oor Mathlener as musiekpedagoog sowel as uitvoerende kunstenaar is in die proefskrif van Jacobus Groenewald, getiteld *Die Konservatorium vir Musiek, Pretoria (1960–1983)* vervat. Nie minder nie as vier artikels wat in publikasies van die NHK, naamlik *Die Hervormer* en *Die Christelike Vrou* verskyn, werp lig oor Mathlener as kerkmusikus. Hierteenoor word daar in bogenoemde literatuur slegs geringe feite oor Mathlener as komponis genoem. Die skrywer was genoodsaak om enige verdere inligting hieromtrent, uit ongestruktureerde onderhoude te verkry. Onderhoude is met sy seun, René Mathlener, asook 'n oudstudent en kollega, Marietjie Hesse en 'n oudstudent en huisvriendin, Margaret van der Vegt gehou. Uit die onderhoude kon daar vreemd genoeg meer inligting oor elke ander musikale faset behalwe dié as komponis ingewin word. Hieruit kan afgelei word dat Mathlener se rolle as kerkmusikus, pedagoog, en uitvoerende kunstenaar sy rol as komponis in 'n groot mate oorskadu het.

Daar het uit geskrewe materiaal sowel as uit onderhoude geblyk dat bruikbare inligting oor Mathlener se lewe verkry kan word indien al die fasette van sy kunstenaarskap en nie net dié van hom as komponis nie, bestudeer word. Aangesien daar beduidend minder inligting oor hom as komponis in vergelyking met die hoeveelheid inligting wat daar oor sy ander musikale

fasette bestaan, was dit belangrik dat hierdie faset nie in isolasie bestudeer word nie. By nadere ondersoek het dit aan die lig gekom dat Mathlener musiek gekomponeer het ter aanvulling en ondersteuning van sy hoedanighede as kerkmusikus en musiekpedagoog. Deur hierdie twee hoedanighede van sy lewe ook te bestudeer, kon daar 'n getroue beeld van sy rol as komponis gevorm word. Derhalwe is die biografie van Mathlener só saamgestel dat elke musikale hoedanigheid daarin vervat word en nie net dié van hom as komponis nie. 'n Biografie wat slegs hierdie een faset van sy lewe belig, sou meebring dat die chronologiese verloop van die betrekkinge wat hy as musiekpedagoog bekleed het, onaangeraak sou bly. Op dieselfde wyse sou sy uitset as komponis nie sy volle betekenis kry indien dit nie in die lig van sy hoedanigheid as kerkmusikus, wat die dryfveer vir die skep van die oorgrote meerderheid van sy komposisies was, beskou word nie.

Uit die kort biografie waarin daar gepoog is om Mathlener se hele lewensloop te dek, kom te voorskyn dat hy regdeur sy lewe as komponis werksaam was. Sy eerste komposisies is op die ouderdom van 21 jaar gekomponeer en sy laaste bundel wat bestaande sowel as nuutgekomponeerde werke insluit, is in 1988 uitgegee toe die komponis 79 jaar oud was.

- Wat is die stilistiese eienskappe van die komposisies van Mathlener binne die konteks van die genre of bundel waarin hulle voorkom?

Die stilistiese eienskappe wat uit die besprekings van die komposisies van Mathlener aan die lig kom het, het op die beskikbaarheid van afskrifte van komposisies wat bestudeer kon word, berus. Die twee hoofbronne waarin afskrifte van Mathlener se komposisies tans gehuisves word, is:

- die argief van die HNK; en
- die F.Z. van der Merwe-musiekversameling.

Waar slegs die titel van 'n komposisie, maar nie 'n afskrif daarvan beskikbaar was nie, het die bespreking oor ander insiggewende aspekte van daardie komposisie gehandel, naamlik die ontstaansgeskiedenis daarvan indien sodanige inligting bekend is of redes waarom daar nie 'n afskrif van die

komposisie beskikbaar is nie. Hierdie toedrag van sake was gelukkig net op die minderheid van die komposisies wat in die katalogus opgeneem is, van toepassing. Hierteenoor het die soektog na afskrifte byna die 90%-kerf bereik en derhalwe kon 'n geheelbeeld van Mathlener se komposisiestyl gevorm word. Die volgende stilistiese eienskappe kon ten opsigte van die meerderheid van Mathlener se komposisies geïdentifiseer word:

- dit is kort (komposisies wat 30 mate oorskry vorm die minderheid);
- diatoniese, konvensionele harmonie word oorwegend gebruik;
- 'n polifoniese tekstuur word oorwegend gebruik;
- dit is op 'n bestaande koraalmelodie of lied gebaseer;

Waar komposisies in 'n bundel opgeneem is of op enige ander manier 'n duidelike eenheid vorm soos die versameling orrelwerke wat onder die titel "Vir onderwysdoeleindes" verskyn, het die bespreking eerstens oor die ontstaansgeskiedenis, publikasiegebeure en resensies van die bundel of eenheid gehandel. Hierna is 'n klein aantal komposisies uit die bundel of eenheid geselekteer om stilisties ontleed te word. Die seleksie van komposisies wat bespreek is, het op enige van die volgende punte berus:

- Die komposisie moet op 'n bekende koraalmelodie gebaseer wees;
- Die komposisie moet 'n bepaalde element in Mathlener se komposisiestyl duideliker as soortgelyke komposisies in die bundel of eenheid illustreer; en
- Die komposisie moet 'n opvallende ooreenkoms met 'n werk van 'n ander komponis toon.

Indien 'n komposisie van Mathlener vir bespreking geselekteer is en daar gevind is dat die komposisie nie noemenswaardige styleienskappe bevat wat van komposisies wat reeds bespreek is, verskil nie, is 'n alternatiewe aspek wat die komposisie uniek maak, bespreek. Hieronder kan aspekte soos die ontstaansgeskiedenis van die werk, die motivering vir die komponeer daarvan of die kwaliteit van die drukwerk gereken word.

Notevoorbeeld is gebruik ten einde:

- stemvoeringstegnieke uit te wys;
- 'n bepaalde komposisieverskynsel soos die sugmotief uit te wys;
- die hantering van die Cantus Firmus te belig;
- 'n alternatiewe harmonisasie of notasie van 'n van 'n bepaalde komposisie te bied; en
- aan te toon hoe 'n Mathlener-werk 'n werk van 'n ander komponis naboots.

4.2 Beantwoording van die hoofnavorsingsvraag

- Op welke wyse kan daar 'n omvattende katalogus van die komposisies van Willem Mathlener saamgestel word?

Ten einde 'n gedetailleerde katalogus van Mathlener se komposisies saam te stel, het die skrywer:

- afskrifte van werke van die komponis versamel;
- werklyste wat in geskrewe bronne gepubliseer is, geraadpleeg; en
- bestaande katalogusse van ander komponiste se werke bestudeer.

Uit die uitermate groot aantal komposisies wat van Mathlener versamel is in vergelyking met ander Suid-Afrikaanse komponiste, het die skrywer besluit dat die sinvolste opsie was om die komposisies volgens die genre waartoe hulle hoort te katalogiseer. Die genre van 'n komposisie is eerstens deur die spesifieke besetting of instrumentasie van die komposisie en tweedens deur die vormstruktuur daarvan bepaal. Op hierdie manier is daar drie besettingsgroepe geïdentifiseer, naamlik werke vir solo orrel, solo klavier en vokale werke. By die werke vir solo orrel is daar drie vormstrukture, naamlik koraalharmonisasies, -voorspele en -variasies geïdentifiseer. Daar het uitsonderings in die rangskikking van werke wat binne die laasgenoemde drie vormstrukture gegroepeer word, voorgekom. Indien hierdie werke in 'n enkele bundel gepubliseer is, is hulle volgens hulle opeenvolging in die bundel gerangskik en nie volgens die vormstruktuur waartoe hulle tuishoort nie. Dít is

gedoen aangesien daar deurgaans gepoog is om die opeenvolging van werke in die katalogus met die opeenvolging van werke soos dit in 'n bepaalde bundel voorkom, te laat ooreenstem. Verdere uitsonderings wat in die rangskikking van komposisies voorgekom het, is in Hoofstuk 3 waar die komposisies van Mathlener bespreek word, gemotiveer.

Die besluit op watter inligting oor elke komposisie in die vertikale kolomme van die katalogus verstrekkend behoort te word, het op 'n kombinasie van idees wat uit bestaande katalogusse asook op dié van die skrywer gevorm is, voortgespruit. Die volgende inligting is oor 'n komposisie van Mathlener in die katalogus verstrekkend:

- die unieke katalogusnommer, naamlik die Willem Mathlener Werkenommer (WMW-nommer) wat die skrywer aan die komposisie toegeken het;
- die titel en waar van toepassing, die alias of aliasse volgens die bewoording wat Mathlener self aan sy komposisie toegeken het; waar nodig is teks wat nie oorspronklik aan die titel is nie, maar tog vereis word ten einde die titel te vervolledig, nie-kursief en tussen hakies bygevoeg;
- die oorspronklike titel, komponis en jaar van die koraalmelodie waarop die komposisie of harmonisasie van Mathlener gebaseer is;
- die publikasiestatus, naamlik of die komposisie gedruk is en of dit netjies of onnet in 'n handgeskrewe vorm voorkom;
- die titel en waar van toepassing, die alias-titel van die bundel, bundels of eenheid waarin die komposisie voorkom, indien dit nie 'n losstaande komposisie is nie;
- die datum of jaartal van die voltooiing of publikasie van die komposisie;
- die lengte van komposisie gemeet in die aantal mate of die aantal versreëls indien daar nie in mate onderskei kan word nie soos wat by die koraalharmonisasies die geval is;
- die nommers van Psalms of Liedere waarop die komposisie of harmonisasie gebaseer is, soos wat dit aangetref word in die *Liedboek van die Kerk* (2001) en die *Psalmboek* (2001);

- die nommer van die bladsy of bladsye waar daar in die mini-verhandeling melding gemaak word van die komposisie.

In enkele gevalle kon daar nie suksesvol vasgestel word of twee titels waarvan die bewoording nouliks met mekaar ooreenstem inderdaad na een en dieselfde komposisie verwys en of daar na twee verskillende komposisies verwys word nie. Hierdie toedrag van sake kan aan die afwesigheid van 'n afskrif van beide of net een van die komposisies waarvan die twee nouliks ooreenstemmende titels bekend is, toegeskryf word. In hierdie gevalle is die twee titels apart in die katalogus gelys.

Die aantal komposisies wat uit die bestaan van ontbrekende opusnommers geïmpliseer word, is vasgestel deur die som van die gapings wat daar in die opeenvolging van bestaande opusnommers voorkom, te bereken. Op dié manier het daar aan die lig gekom dat daar altesaam tien ongeïdentifiseerde werke van Mathlener bestaan.

4.3 Faktore wat die studie bemoeilik het

Mathlener was nie deurgaans konsekwent in die manier waarop hy titels aan sy komposisies, veral wat die groot aantal koraalvoorspele betref, toegeken het nie. Soms het hy die bewoording van die eerste versreël van die lied as titel vir die koraalbewerking wat hy van daardie lied gemaak het, gebruik en ander kere net die Psalm- of Gesangnommer. Hierdie twee maniere waarop Mathlener titels toegeken het, kom voor by etlike gevalle waar 'n enkele koraalvoorspel in meer as een gedaante beskikbaar is, naamlik 'n handgeskrewe afdruk sowel as 'n gedrukte weergawe in 'n bundel. In sulke gevalle vorm die eerste versreël die titel van een gedaante waarin die voorspel voorkom en die Psalm- of Gesangnommer die titel van dieselfde komposisie in 'n tweede gedaante. Hierdie inkonsekwentheid ten opsigte van die titel van koraalvoorspele wat in meer as een gedaante aangetref word, het dit moeilik gemaak om hierdie voorspele korrek te identifiseer.

Verdere moeite met die identifikasie van koraalvoorspele het ontstaan waar die Gesangnommer in die titels van 'n koraalvoorspel wat in meer as een gedaante voorkom, verskil. Mathlener het vir die titels van sy koraalvoorspele wat voor die

ingebruikneming van die *Koraalboek* van 1978 gekomponeer is, die Gesangnommer volgens die *Koraalboek* van 1956 gebruik. Indien só 'n koraalvoorspel aanvanklik as 'n handgeskrewe vorm voorgekom het en Mathlener die werk ná 1978 wou publiseer, het hy die nuwe Gesangnommer van die Gesang soos wat dit in die *Koraalboek* van 1978 verskyn, aan die koraalvoorspel toegeken. Op hierdie manier verskil die Gesangnommer in die titels van die twee verskillende gedaantes waarin dieselfde werk voorkom. Dieselfde verskynsel het hom voorgedoen toe die Gesangnommers in die titels van koraalvoorspele in Boeke 4 en 5 wat deur die Raad vir Kerkmusiek gepubliseer is, verander het na die Gesangnommers vir die korresponderende voorspele soos dit in die bundel *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele* verskyn het. Tydens die soektog na werke van Mathlener was dit in bogenoemde gevalle moeisam om telkens te onderskei of 'n nuutgevonde titel van 'n koraalvoorspel na 'n werk verwys wat nog nie voorheen in die lys van versamelde werke ingesluit is nie en of dit reeds ingesluit is maar slegs in 'n ander gedaante met 'n ander Gesangnommer in die titel verskyn.

Die beduidende groot aantal afskrifte van Mathlener-werke wat versamel is, het die aantal komposisies soos wat dit in gepubliseerde werklyste verskyn, ver oorskry. Tog word daar in hierdie lysie melding van werke gemaak waarvan daar geen afskrif beskikbaar is nie. Die soektog na hierdie werke is bemoeilik aangesien geen daar inligting behalwe die titel van hierdie werke in geskrewe materiaal bestaan nie. Persone wat na aan Mathlener was, kon ook geen inligting oor waar hierdie werke moontlik opgespoor kon word, verstrek nie.

4.4 Aanbevelings en voorstelle vir verdere studie

Daar is in Hoofstuk 3 van hierdie mini-verhandeling waar die komposisies van Mathlener bespreek is, herhaaldelik van die gebreke wat daar tans in die gepubliseerde uitgawes van sy werke bestaan, melding gemaak. Vanweë die hoë mate van bruikbaarheid van sy komposisies, soos die speel van koraalbewerkings tydens eredienste en die werke wat vir klavieronderrig aangewend kan word, word die hoop uitgespreek dat sommige werke van hierdie komponis in die toekoms opnuut uitgegee sal word. Indien iemand hierdie voorneme het, doen die skrywer die volgende voorstelle aan die hand ten einde 'n beter produk te lewer:

- dit is noodsaaklik dat noot- en spasiëringfoute uitgeskakel word;
- die musiek behoort volgens geldende notasiereëls geset te word;
- meer musiek per bladsy behoort ingesluit te word as wat by bestaande uitgawes die geval is;
- registrasie-aanduidings kan aangebring word deur die aanduidings wat Mathlener in sommige van sy orrelwerke aangebring het, as maatstaf te gebruik;
- artikulasie-aanduidings kan volgens die artikulasiegebruike van die Baroktydperk by die werke van Mathlener wat met hierdie styl ooreenstem, aangebring word, onderhewig aan die voorwaarde dat hierdie aanduidings as redaksionele toevoegings in die voorwoord van so 'n publikasie gemotiveer word;
- voetsettings kan by orrelwerke en vingersettings kan by orrel- sowel as klavierwerke aangebring word ten einde die lees van die musiek te vergemaklik, mits die invoeging van hierdie aanduidings soos in bogenoemde aanbeveling, redaksioneel is en daar vermeld word dat dit nie deel is van die oorspronklike uitgawe of manuskrip nie;
- die titels van koraalbewerkings moet aangepas word sodat die lied waarop dit gebaseer is volgens die liednommers van die *Liedboek van die Kerk* ooreenstem; hiervoor kan die negende kolom van die katalogus geraadpleeg word;
- inisiatief behoort geneem te word om nuwe uitgawes van die Mathlener-bundels te promoveer.

Groenewald meld ten tye van die afhandeling van sy studie verskeie terreine waar Mathlener se betrokkenheid ten opsigte van die musieklewe in Suid-Afrika nog nie bestudeer is nie (1993:6):

Mathlener was egter op meerdere gebiede van die musiekaktiwiteite in Suid-Afrika aktief – sy werk as orrelboudeskundige, sy bydrae tot die Psalm- en Gesangebundel, die Raad vir Kerkmusiek en komposisie lê nog braak.

In hierdie mini-verhandeling is daar gepoog om Mathlener se rol as komponis so volledig moontlik te ondersoek. Sy ander bedrywighede wat in bogenoemde aanhaling genoem word, kan as moontlikhede vir verdere studie beoog word. In die

lêers, naamlik “K30/4” en “K30/5” wat in die argief van die NHK in Pretoria verkrygbaar is, kan inligting oor die Raad vir Kerkmusiek asook Mathlener se korrespondensie met hierdie liggaam verkry word. Groenewald wys soos volg op die moontlikhede wat die bestudering van hierdie bronne inhou (1993:26):

Die Raad vir Kerkmusiek bestaan vandag (1993) nog steeds en dit sal die moeite werd wees om ’n studie te wy aan die werk wat die Raad gedoen het, asook Willem Mathlener se inspraak daarby. Op die gebied van die orrelbou en die medewerking aan die Interkerklike Kommissie vir die Psalm- en Gesangbundel het die Raad vir Kerkmusiek ’n reuse bydrae gelewer.

Indien die komposisies van Mathlener waarvan daar tans nie afskrifte beskikbaar is nie, asook dié waarvan die bestaan deur ontbrekende opusnommers veronderstel word, in die loop van verdere studie opgespoor word, kan:

- die stilistiese eienskappe van hierdie werke bestudeer word ten einde vas te stel waar hulle in Mathlener se oeuvre tuishoort; en
- die gedeelte vir ontbrekende werke aan die einde van die katalogus met die titels en hoofbesonderhede van hierdie werke aangevul word.

4.5 Slotwoord

Willem Mathlener was as kerkmusikus, pedagoog, orrelis, dirigent en komponis werksaam en het op al hierdie gebiede van die musieklewe in Suid-Afrika ’n betekenisvolle bydrae gelewer. Sy bydrae as komponis het uit sy hoedanighede as kerkmusikus en pedagoog voortgespruit deurdat die oorgrote meerderheid van sy komposisies uit koraalbewerkings en kort studiestukke bestaan. Die groot aantal komposisies wat hy gelewer het en in sy eie leeftyd gepubliseer het, laat hom wat produktiwiteit betref, kop en skouers bo enige ander Suid-Afrikaanse komponis uitstaan. Tog kan hy as ’n miniaturis beskou word aangesien die meeste van sy werke nie 30 mate oorskry nie en nie van ’n uitgebreide besetting soos ’n orkes gebruik maak nie.

Dit wil voorkom of die meeste komposisies van Mathlener aan Suid-Afrikaanse musici relatief onbekend is. Daar is met hierdie studie beoog om sy werke aan veral orreliste bekend te stel. Deur die katalogus te bestudeer kan die volle omvang van

hierdie komponis se werk aan die lig gebring word. Dit sal hopelik aanleiding kan gee dat die belangstelling in sy werke sal toeneem.

Deur 'n kataloguskolom in te voeg wat die nommer of -nommers van die koraalmelodie wat Mathlener bewerk het volgens die *Liedboek van die Kerk*, aandui, word daar gepoog om te verhoed dat die werk van hierdie komponis in onbruik verval. Indien 'n orrelis 'n Mathlener-bewerking vir 'n bepaalde Lied wil speel, kan die moeite wat dit hom of haar sou kos om telkens die ooreenstemmende Gesangnommer van daardie Lied op te soek ten einde die Mathlener-werk korrek te identifiseer, uitgeskakel word deur slegs hierdie kolom te raadpleeg.

Die musiek van die Nederlandse improvisatoriese styl in orrelspel word vanweë die aard daarvan selde genoteer. Die koraalbewerkings van Mathlener toon heelwat ooreenkomste met hierdie styl. Deur Hoofstuk 3 waarin die koraalbewerkings van Mathlener ondersoek word, te raadpleeg, kan lig gewerp word op stylkenmerke wat eie aan die Nederlandse improvisasiekuns is.

As komponis kan sommige kritici Mathlener as 'n nabootser beskou aangesien hy hom nie in 'n unieke, persoonlike komposisiestyl uitgedruk het nie. Hy was egter nie daarop ingestel om só 'n styl vir homself te vestig nie. Dit was verder ook nie sy strewe om beroemdheid as komponis te verwerf nie. Wat homself betref kan sy hoedanighede as komponis sowel as orrelontwerper, as wyses gesien word hoe hy sy roeping as kerkmusikus uitgeleef het. Hy het met sy komposisies gepoog om aan die behoeftes van die kerk en musiekonderrig te voorsien. Hy het ingesien dat die styl en klank van sy orrelkomposisies met die bestaande musiek wat in Suid-Afrikaanse eredienste gehoor word, moes ooreenstem. Die oënskynlike nabootsing van Barok-elemente in sy musiek spruit voort uit die sorgvuldige studie wat hy van die musiek van komponiste uit hierdie tydperk, veral dié van J.S. Bach gemaak het, asook uit sy meesterlike vaardigheid wat hy as kontrapuntalis verwerf het.

Mathlener het hom regdeur sy lewe daarop toegelê om die mens en sy algehele bemoeienis met musiek te verstaan. Hy het daarom wyd gelees. In sy vrye tyd, waarvan hy ondanks sy bedrywige skedule klaarblyklik tog genoeg gehad het, was hy lief vir lees. Filosofie het hom die meeste geïnteresseer. Hy het 'n breë kennis van ideegeskiedenis gehad en was goed vertrouwd met die werk van Descartes, Kant,

Nietzsche en Jung. Tydens klas- en lesgelegeenthede het dit dikwels deurgeskemer hoeveel hy van hierdie denkrigtings weet. Tog het sy Christelike geloof waarmee hy grootgeword het, in die kern van sy eie lewensfilosofie, sienswyses en besluitnemingsprosesse gestaan.

BRONNELYS

Anoniem. 1955. *De Bredasche Courant, 10 Maart*, s.b. Koerantknipsel in lêer van mnr. Mathlener, Kerkkantoor 18, Konservatorium 7/14. Pretoria: Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Anoniem. 1961. Konservatorium geopen. *Die Orrel, Maart*, s.b. Uitknipsel in Plakboek, Kerkkantoor 18, Konservatorium 7/12/1. Pretoria: Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Anoniem. 1967. Bach-mis eerste keer in SA uitgevoer. *Die Transvaler, 10 Oktober*, s.b.

Anoniem. 1978. *Koraalboek vir Psalms en Gesange*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Anoniem. 1997. *Bach-Werke-Verzeichnis Vierstimmige choräle*. Beskikbaar by <http://bachcentral.com/acrobat/vierstimmige.pdf>. 25 Januarie 1997.

Anoniem. 2012. *Organ and Harpsichord Syllabus 2012 until further notice*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Bach, J.S. 1925. *St. John Passion*. Edited by Arnold Schering. London: Eulenburg.

Bach, J.S. 1968. *Matthäus-Passion, BWV 244*. Herausgegeben von Hans Grischkat. London: Eulenburg.

Bach, J.S. s.j. *Organ Works, Book 18, Miscellaneous chorale preludes (Part I)*. With an introduction by Ernest Newman. Kent: Novello.

Bingle, J.P. et al. (red.) 2003. *Psalmboek*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Boyd, M. (red.) 1999. *Oxford Composer Companions: J.S. Bach*. Oxford: Oxford Univ. Press.

Carstens, J.C. et al. (red.) 2001. *Liedboek van die Kerk*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

- Cillié, G. et al. (red.) 1956. *Koraalboek vir Psalms en Gesange*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- Cillié, G. 1980, November. Wat kan ek speel? Liturgiese Orrelmusiek Band 2. *Vir die Musiekleier*. 1, 49–50.
- Du Toit, J.H.H. (red.) 1983. *'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- De Villiers, D. 1973. Pragbundel vul leemte in kerkmusiek aan. *Die Volksblad*, 12 Oktober, s.b.
- Einstein, A. 1966. *Mozart. His character his work*. Translated by A. Mendel & N. Broder. 6th ed. London: Cassel.
- Erasmus, D.F. 1954, Maart. Kerkmusiekskool in Krugersdorp geopen. *Die Hervormer*. Jaargang 45, Nommer 12, 17.
- Godschalk, J. 1981. *Oorsig van die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo orrelmusiek tot medio 1980*. BMus(Hons)-skripsie. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.
- Groenewald, J. 1993. *Die Konservatorium vir Musiek, Pretoria (1960–1983)*. DMus-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Groenewald, W. 1990. *'n Bespreking van Liturgiese Orrelmusiek Bande 1 tot 6*. MMus-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Grové, I.J. (red.) 1983. *18 Koraalvoorspele*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- Hesse, M. 2014. *Onderhoud met Jasper van der Walt*. 31 Julie, Pretoria.
- Kinsky, G. & Halm, H. 1955. *Das Werk Beethovens: Thematisch-bibliographisches Verzeichnis seiner sämtlichen vollendeten Kompositionen*. München: Henle.
- Kloppers, E. (red.) 2003, Desember. Konservatorium vir Kerkmusiek – 'n Nuwe bedeling. *Vir die Musiekleier*. 30, 40–42.

- Liebenberg, B.G. & Olivier, G.C. 1994. *Katalogus van die F.Z. van der Merwe-versameling van Suid-Afrikaanse Musiek soos opgeteken tot 31 Augustus 1994*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Louw, B. & Kloppers, J. (red.) 1972. *Liturgiese Orrelmusiek. Band 1. Musiek vir die Kerklike Huweliksbevestiging en Begrafnisdienst*. Parow: Studio Holland.
- Luitingh, W.S. 2010. *Die Suid-Afrikaanse komponis Hendrik ("Henk") Temmingh: 'n biografie en 'n katalogus van sy orrelwerke*. MMus-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Malan, J.P. (red.) 1979, 1982, 1984, 1986. *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAME)*. Dele 1-4. Kaapstad: Oxford Univ. Press.
- Malan, J.P. (red.) 1982. Hoër opvoedkundige inrigtings, Musiek aan, IV. Privaat inrigtings (tot 1969), 1. Pretoria: Konservatorium vir Musiek. *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAME)*. Deel 2. Kaapstad: Oxford Univ. Press.
- Malan, J.P. (red.) 1984. Mathlener, Willem. *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAME)*. Deel 3. Kaapstad: Oxford Univ. Press.
- Mathlener, R.W. 2014. *Onderhoud met Jasper van der Walt*. 29 Julie, Centurion.
- Mathlener, W. 1943. *Sonatine voor piano, op. 7*. Breda: Fa. W. Spronk.
- Mathlener, W. 1954, Mei. Waarom 'n Kerkmusiek-skool? *Die Christelike Vrou*. Jaargang 11, Nommer 8, 9.
- Mathlener, W. 1956. *Vyftig Koraalvoorspele vir Orrel*. Pretoria: HAUM.
- Mathlener, W. 1968. *Omsendbrief aan Dosente, 12 Januarie 1968*. Kerkkantoor 18, Konservatorium 3/4/4. Pretoria: Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- Mathlener, W. 1970. *Prelude en Fuga oor Psalm 65*. Pretoria: Konservatorium vir Musiek.
- Mathlener, W. 1971a. *Variasies oor Psalm 96*. Pretoria: Konservatorium vir Musiek.

Mathlener, W. 1971b. *Vrolik*. Pretoria: Konservatorium vir Musiek.

Mathlener, W. 1972. *Memorandum, 30 Oktober 1972*. Kerkkantoor 18, Konservatorium 3/4/2. Pretoria: Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Mathlener, W. 1975a. *Harmonisasies op 150 Psalms*. Kerkkantoor 18, Konservatorium 7/24. Pretoria: Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Mathlener, W. 1975b. *Psalm 42:1. Twee trio-verwerkings. Fantasie. Liturgiese Orrelmusiek. Band 2. Verwerkings van die Geneefse melodie van Psalm 42*. Kaapstad: Studio Holland.

Mathlener, W. 1976a. *Koraalvoorspele met Gesange vir die Lydenstyd, Boek 4*. Pretoria: Raad vir Kerkmusiek.

Mathlener, W. 1976b. *Koraalvoorspele: met Gesange, Boek 5*. Pretoria: Raad vir Kerkmusiek.

Mathlener, W. 1978. *30 Uitgesoekte Gesange met Voorspele*. Pretoria: Raad vir Kerkmusiek.

